

## HOOFSTUK 1

### AGTERGROND VAN DIE NAVORSING

"Ensuring the healthy physical and mental development of children is the most important investment that can be made in the healthy social and economic development of our societies" (UNICEF, 1990, p. 36).

#### 1.1 INLEIDING

Die afgelope twee dekades is daar vanuit verskillende oorde in Suid-Afrika vertoë gerig om die aanbieding van lewensvaardigheidsopleiding in die skoolstelsel te integreer, met die oog daarop om die jeug voor te berei vir die lewenseise wat aan hulle gestel word (Drug Advisory Board, 1994; Dryfoos, 1990; Flisher & Reddy, 1995; National Education Policy Investigation (NEPI), 1992; Olivier, Greyling & Venter, 1997; Pickworth, 1989; Pretorius, 1988; Raijmakers & Scholtz, 1997; Vergnani, Flisher, Lazarus, Reddy & James, 1998; Vermaak, 1995). Die hoë voorkoms van hoë risikogedrag soos dwelmgebruik, seksuele promiskuiteit, wangedrag, misdaad en vroeë skoolverlating, te midde van 'n vinnig veranderende samelewing waarin die gesinslewe in 'n groot mate gedisintegreer het, en die behoefte aan die verhoging van lewenskwaliteit, is meestal aangevoer as motivering vir die aanbieding van lewensvaardigheidsprogramme (Flisher & Reddy, 1995; Slabbert, Malan, Marais, Olivier & Riordian, 1994; Van der Merwe, 1996; Weissberg, Caplan & Harwood, 1991). Flisher en Reddy (1995, p. 629) motiveer die aanbieding van lewensvaardigheidsprogramme soos volg:

"The concept of health-promoting schools poses an urgent challenge that should receive the immediate attention of planners and policy-makers. It could play an important role in founding a society that is assertive, caring, educated and educative in response to increasingly demanding global pressures."

Met 'n fokus op lewensvaardigheidsprogramme kan die skool 'n groter bydrae lewer tot die primêre voorkoming van risikogedrag en die bevordering van geestesgesondheid (Cronin, 1996; Durlak, 1995; NEPI, 1993). Verskeie lewensvaardigheidsprogramme is reeds in Suid-Afrika vir hierdie doel ontwikkel, elk met 'n spesifieke oogmerk (onder andere Brownell, Craig, de Haas, Harris & Htshangase, 1996; Departement Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1992; Jacobs, Olivier & Gumede, 1992; Louw, Weitsz & Radebe, 1996; Van der Merwe, Lombard & Vermaak, 1991).

Dit was egter die erns van die MIV/VIGS-epidemie en die omvangryke implikasies daarvan vir die gemeenskap, wat die geleentheid geopen het om seksualiteits- en lewensvaardigheidsprogramme as deel van die skoolsisteem te integreer (Cilliers, 1989; Jameson & Glover, 1993; Monyooe, 1992; Olivier, Goliath & Venter, 1998). "The HIV epidemic has increased the urgency of introducing meaningful sexuality and life skills education in South African schools" (Flisher, Ziervogel, Charton, Leger & Robertson, 1993b, p. 495).

## 1.2 DIE MIV/VIGS-EPIDEMIE IN SUID-AFRIKA


"HIV/AIDS is the most serious and devastating disease that faces the world today" (Department of Health, 2000a, p. 1). VIGS is as siektetoestand in die vroeë 1980's geïdentifiseer. Dit is 'n siektetoestand wat deur 'n latente stadig-groeiende virus veroorsaak word. Dit is 'n menslike retrovirus wat sy genetiese kode as RNA dra en repliseer deur 'n DNA-kopie van sy genetiese kode te produseer en dit in die gasheersel te plaas. Genetiese inligting vloei dus in die teenoorgestelde rigting as in die meeste ander biologiese sisteme (Stiehm & Wara, 1991). Dit beteken dat die virus die liggaam se natuurlike immuuniteitsstelsel vernietig en die mens dan blootgestel is aan verskeie infeksies. Die virus het egter 'n lang inkubasietydperk van tot meer as tien jaar, waarin die persoon MIV-positief toets, maar geen simptome ervaar nie. MIV word oorgedra deur kontak met geïnfecteerde liggaamsvloeistof. In teenstelling met die Westerse lande waar homoseksuele persone en dwelmgebruikers die grootste risikogroepe vorm, word MIV/VIGS in Afrika hoofsaaklik oorgedra deur heteroseksuele kontak. Hoewel dit 'n mediese toestand is, hou die oordrag van die virus verband met mense se lewenstyl, het die siekte intense psigo-sosiale implikasies en is opvoedkundige en gedragsveranderingsprogramme van die belangrikste intervensies om die verspreiding van die siekte te beheer (Lampthey, 2000; World Health Organization, 1992).

### 1.2.1 Epidemiologiese navorsing

Epidemiologiese studies wat aan die Wêreldbank beskikbaar gestel is, dui daarop dat daar in die jaar 2000 50 miljoen mense wêreldwyd met MIV besmet is en dat 2,6 miljoen mense reeds weens VIGS gesterf het - dit is tans die vierde grootste oorsaak van sterftes in die wêreld (Beeld, 2000d). Dit word bereken dat 95% van die wêreld se MIV-positiewe persone in die ontwikkelende lande is en Suid-Afrika word gesien as een van die lande met die vinnig-groeiendste MIV-epidemies in die wêreld (Department of Health, 2000a). Die voorkoming en hantering van die MIV/VIGS-epidemie is een van die land se nasionale prioriteite (Department of Health, 2000b), want:

"The high and increasing rate of HIV infection poses one of the greatest development challenges for South Africa. Aside from the enormous human suffering, the cost of treating and caring for victims and the orphaned children of those who die from the disease, it could potentially have devastating effects on the country's economy" (Drugs & Crime Brief, 2000, p. 9).


Projeksies oor die omvang van die MIV/VIGS-epidemie in Suid-Afrika word gedoen uit die aantal MIV-positiewe vroue wat voorgeboorteklinieke van die openbare gesondheidsdienste bywoon. Hoewel daar duidelike beperkings in die bron van inligting is, word dit in ag geneem in die projeksies. Die voorkoms van vroue wat MIV-positief getoets het in die tydperk vanaf 1990 tot 1999 word in figuur 1.1 aangedui.



Figuur 1.1 Voorkoms van MIV onder vroue by voorgeboorteklinieke (Department of Health, 2000a)


Uit Figuur 1.1 blyk dat daar 'n skerp styging in die voorkoms van MIV onder vroue was vanaf 1990 tot 1998 (Department of Health, 1999). Vir die eerste keer sedert 1990, was daar vanaf 1998 tot 1999 nie 'n eksponensiële groei in die voorkoms nie en is daar moontlik 'n verandering in die epidemiologiese voorkomspatroon (Department of Health, 2000a). Die 1999-syfers is egter met huiwering ontvang en daar word gewaarsku dat die data versigtig geïnterpreteer moet word en nie as 'n afwaartse tendens aanvaar word nie (Beeld, 2000c). Die afplating kan moontlik die gevolg wees van die bepaalde steekproeftrekking of dit kan 'n tydelike tendens wees. As hierdie patroon egter op die langertermyn voortduur, het dit moontlik te doen met die bereiking van 'n platvlak in van die provinsies en is die epidemie besig om 'n stabiliseringsfase te bereik (Department of Health, 2000a; Parker, Dalrymple & Durden, 1998). Die epidemie kan ook in golf fases verloop met relatiewe stabiele periodes tussen-in.

Volgens die huidige tendense wil dit voorkom dat die siekte volgens 'n bepaalde patroon versprei. Figuur 1.2 dui aan dat die verspreiding van MIV in hoë risikogroepe aanvanklik vinnig plaasvind, totdat 'n groot aantal van die groep die infeksie opgedoen het. Daarna plat die verspreiding in hierdie groep af (stabiliseringsstadium). In lae risikogroepe neem die verspreiding van MIV egter geleidelik toe, want hierdie groepe word dikwels verwaarloos in voorkomingsveldtogte. Die grafiek dui ook daarop dat daar in die voorkoms van MIV/VIGS 'n hoogtepunt kan kom, waarna die verspreiding kan afplat. Die bewuswording van MIV/VIGS deur die sigbare dood van gemeenskapslede (as negatiewe terugvoer van die siekte) word gesien as grootste motiveerder vir sosiale verandering wat 'n afplating in die verspreiding tot gevolg kan hê. Daar word gereken dat hierdie motivering later nie meer soveel trefkrag sal hê nie en dan sal verdere periodes van infeksieverspreiding moontlik weer voorkom (Department of Health, 1998a; Parker *et al.*, 1998).



Figuur 1.2 MIV/VIGS verspreidingspatroon (Parker *et al.*, 1998, p. 3)

Die hoogste MIV-voorkoms is onder vroue in hulle twintiger jare (Figuur 1.3). In die groep 20 tot 24 jaar, was die voorkomssyfer 25,6% in 1999 en in die groep 25 tot 29 jaar was dit 26,4% (Department of Health, 2000a). Die voorkoms van MIV-infeksie by tienerdogters (15-19 jaar) het toegeneem tot 21% in 1998 (Department of Health, 1999). Dit is egter nie moontlik om die laer voorkoms van 16,5% in 1999 aan enige spesifieke rede toe te skryf nie. Dit kan die gevolg wees van die bepaalde steekproeftrekking of kan die effek wees van intervensies wat op verskeie vlakke geloods word. Wat egter hieruit blyk, is dat die jeug 'n hoë risikogroep vir MIV/VIGS is en dat hulle 'n belangrike teikengroep vir voorkomende intervensies behoort te wees.



Figuur 1.3 MIV-voorkoms onder vroue volgens ouderdom (Department of Health, 1999, 2000a)

Uit hierdie statistiek is projeksies gemaak oor die voorkoms van MIV/VIGS in die gemeenskap as geheel. In totaal is daar naastenby 4,2 miljoen Suid-Afrikaners wat MIV-positief is - 'n beraamde 10% van die bevolking (Department of Health, 2000a). Daar word verwag dat hierdie syfers sal styg en dat die siekte 'n hoogtepunt kan bereik in 2010 met 'n MIV-besmettingskoers van 27% van die bevolking- indien daar nie 'n drastiese verandering in gedragpatrone kom nie (Department of Health, 2000a). Hierdie projeksies kan geïnterpreteer word teen die agtergrond van die verspreidingspatroon soos voorgestel in figuur 1.2.

### 1.2.2 MIV/VIGS en die gemeenskap

Die voorkoms van MIV/VIGS is kommerwekkend hoog veral as die implikasies van die siekte vir die gemeenskap in ag geneem word (Whiteside, 1991). Op mediese vlak neutraliseer die virus die mens se immuunsteem en daarmee ook die liggaam se vermoë tot selfregulering en -organisering (Ford & Lerner, 1992). Die terugvoerstelsel bly funksioneer, maar die liggaam kan nie meer op die terugvoer reageer nie. Dit wil voorkom of die virus ook die gemeenskap se "immuunsteem" uitput. Die virus betree veral gemeenskappe waar daar leemtes in die "immuunsteem" is. Daar blyk 'n hoër geneigdheid tot MIV in gemeenskappe te wees waar daar armoede, vinnige verstedeliking, werkloosheid, ongeletterdheid, 'n gebrek aan toegang tot gesondheidsdienste, 'n minderwaardige sosiale posisie van vroue, taal- en kulturele diversiteit, misdaad en politieke onstabielheid voorkom (Beeld, 2000d; Department of Health, 1998a). Die algemene beginsel dat gebeurde in die omgewing 'n ernstiger effek het op mense met beperkte toegang tot hulpbronne (Levine & Perkins, 1997), is ook hier van toepassing. Die implikasie van die siekte is dat feitlik elke deel van die gemeenskap geraak word deur die gevolge van die huidige epidemie, veral in terme van die arbeidsmag, sosiale welsyn, gesondheidsdienste, die effek op gesinne en die sosiale samestelling van die gemeenskap. Die siekte dra by daartoe dat die gemeenskapshulpbronne uitgeput en die gemeenskap se oorlewingsvermoë verswak word.

Daar is 'n aantal prosesse wat die gemeenskap se reaksie op die siekte vertraag. Die lang inkubasietyd dra daartoe by dat mense nie bewus is daarvan dat hulle die virus het nie en dan die siekte onwetend versprei. In sisteemterme kan hierdie proses gesien word as 'n gebrek aan negatiewe terugvoer wat daartoe bydra dat die verspreiding van die siekte eskaleer in die vorm van positiewe terugvoersiklusse (sien Paragraaf 2.2.3.1). In die bekamping van die verspreiding van die siekte is 'n beplande bewusmaking nodig om 'n vinniger negatiewe terugvoeringsstelsel daar te stel met die verwagting dat die gemeenskap selfregulerende maatreëls kan tref om die verspreiding daarvan teë te werk. Die bekendmaking van die siekte gaan egter dikwels gepaard met stigmatisering, diskriminasie en persoonlike en sosiale deprivasie van die tradisioneel ondersteunende sosiale netwerke. Dit verswak juis die gemeenskap se "immuunsteem" teen die siekte.

Ander onmiddellike en oorlewingsbehoefte soos veiligheid en kos is in die hoë risikogroepe soms meer prominent as 'n siekte wat nog nie so sigbaar is nie en eers op die langtermyn die lewende bedreig. Hierdie prosesse vertraag selfregulerende aksies en in hierdie proses word die groeipotensiaal van die gemeenskap ondermyn en die land se sosiale stabiliteit, ekonomiese voorspoed en vooruitgang bedreig.

Die noodsaaklikheid van intervensies waarin die voorkoms van MIV/VIGS bekamp word, blyk ook uit verskeie ondersoeke onder jongmense as hoë risikogroep, waarin bevind is dat 'n groot persentasie skoolgaande jeug seksueel aktief is, maar hulself nie teen die oordrag van MIV beskerm nie (Department of Education and Culture, 1990; Flisher, Roberts & Blignaut, 1992; Flisher *et al.*, 1993b; Kushlick & Rapholo, 1998;



Mathews, Kuhn, Metcalf, Joubert & Cameron, 1990; Visser, 1995). Hoewel die leerders oor basiese kennis van MIV/VIGS beskik, sien hulle nie VIGS as 'n persoonlike bedreiging nie, verstaan hulle nie hoe die oordrag van die virus plaasvind nie en neem hulle nie die gevaar van die siekte in ag in die lewensstylkeuses wat hulle maak nie.

Die gemeenskap se reaksie op die dreigende epidemie is volgens Sherriffs (1997) baie stadig. Hoewel daar reeds vele versoeke was dat MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsopleiding in skole aangebied word, is daar lank gewag om 'n program in die skole te inisieer. Sherriffs (1997, pp. 10-11) se kommentaar hierop is die volgende:

"Much of the response to AIDS has been too much talk and too little action. We knew about AIDS so long but we didn't do enough and now it is too late. We have lost half a generation of time to do something significant."

### 1.3 MIV/VIGS- EN LEWENSWAARDIGHEIDSOPLEIDING AS INTERVENSIE IN SKOLE

Weens die toenemende bedreiging wat MIV/VIGS vir die jeug inhou, het die Suid-Afrikaanse nasionale departemente van Gesondheid en Onderwys in 1995 'n gesamentlike besluit geneem om MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsopleiding in elke skool in die land te implementeer. Hierdie program vorm een van die hoekstene in die Departement Gesondheid se strategiese 5-jaar intervensieplan vir die bekamping van MIV/VIGS (Department of Health, 2000b) en die Nasionale Beleid oor MIV/VIGS vir Leerders in die openbare skole (Staatskoerant, 1998). Die voorgestelde onderwysbeleid is dat "age appropriate education on HIV/AIDS must form part of the curriculum for all learners and should be integrated in the life-skills education programme for pre-primary, primary and secondary school learners" (Department of Education, 1998a, p. 9). Die doel van die program is om verantwoordelike seksuele gedrag by die jeug te bevorder.

Deur 'n skool-gebaseerde MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsprogram te ontwikkel kan alle leerders in skole bereik word en 'n standhoudende en koste-effektiewe intervensie ontwikkel wat in die skoolsisteem geïntegreer word. Die skool as sub-sisteem van die gemeenskap gee toegang tot 'n groot groep jong mense en kan gesien word as "a very visible battleground for social issues" (Trickett, Kelly & Todd, 1972, p. 331). Om MIV/VIGS-voorkoming effektief te kan doen, is dit nodig dat dit as deel van die algemene opvoeding in die skool gedoen word en dat dit deel van die skoolkurrikulum word (Jameson & Glover, 1993). Cilliers (1989, p. 5) dui die belangrikheid van die program soos volg aan: "During the next decade the battleground of AIDS will definitely be in the classroom."

Die inisiëring, ontwikkeling van riglyne vir die program en die voorbereiding vir programimplementering op nasionale vlak, soos uiteengesit deur Swart (1998), word vervolgens kortliks as agtergrond vir die huidige navorsing uiteengesit. Daar word ook aangedui hoe die huidige navorsing in die nasionale strategie inpas.

### 1.3.1 Die inisiëring van die nasionale projek

Die nasionale projek het deur die volgende proses van ontwikkeling gegaan wat reeds in 1995 begin het. Aanvanklik is 'n infrastruktuur ontwikkel en later is aandag gegee aan riglyne vir die ontwikkeling en implementering van die program.

- 'n Nasionale konsultasieforum waarin verskeie rolspelers van die nasionale departemente van Onderwys, Welsyn en Gesondheid en nie-regeringsorganisasies betrek is, is op 29 November 1995 gevorm. Die forum het konsensus bereik oor die noodnigheid van 'n nasionale strategie vir skole wat geloods word as gesamentlike projek van die onderskeie staatsdepartemente, nie-regeringsorganisasies en ander belanghebbendes. 'n Aanbeveling was dat 'n balans gehandhaaf moes word tussen die tyd nodig om 'n wetenskaplike metode te gebruik en die dringendheid van die situasie (Swart, 1998).
- 'n Nasionale projekkomitee bestaande uit verteenwoordigers van die nasionale en provinsiale departemente van Onderwys en Gesondheid, onderwysersvakunies, onderwyseropleidingsinstansies en nie-regeringsorganisasies is in Maart 1996 gevorm om die projek te bestuur. Die doelstellings vir die nasionale projekkomitee was die volgende:
  - Die ondersoek na die metodes hoe om MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsopleiding as deel van die skoolkurrikulum te integreer met die doel om leerders in staat te stel om kennis oor MIV/VIGS te ontwikkel, die relevante lewensvaardighede te verstaan, aan te leer en te oefen en om verantwoordelike en verrekenbare gedrag en lewenstyle te ontwikkel.
  - Om 'n kontekstueel gepaste program en 'n strategiese implementeringsplan te ontwikkel.
  - Om ondersteuning, betrokkenheid en toewyding van al die rolspelers te kry om die program in skole te implementeer.
- Onder die leiding van die nasionale projekkomitee is verskeie sub-komitees gevorm wat verantwoordelik sou wees vir die uitvoer van die projek ten opsigte van kurrikulumontwikkeling, onderwysersopleiding, bemaking en skakeling. Daar is ook nege provinsiale komitees gevorm wat verantwoordelik sou wees vir die koördinerings van die projek in die onderskeie provinsies.
- Die besluit is geneem om eers op die sekondêre skoolleerders te fokus aangesien baie leerders hulleself reeds blootstel aan die MIV/VIGS-risiko en dat daar later op die primêre skoolfase gefokus sal word as primêre voorkoming.
- Samesprekings is gevoer tussen die nasionale projekkomitee en die hoofde van provinsiale onderwysdepartemente waarin ondersteuning vir die projek gevra is. Die versoeke was om ondersteuning aan onderwysers te gee om die opleiding in programaanbieding by te woon en om op die skoolroosters voorsiening te maak vir die aanbieding van die program, aangesien nie alle skole voorsiening maak vir Voorligting as vak nie (hoewel dit 'n verpligte leerprogram in elke skool behoort te wees) (Swart, 1998).
- Elk van die nege provinsies is ingedeel in 'n aantal onderwysdistrikte. In elke distrik is 'n projekbestuur gevorm wat verantwoordelik sou wees vir die implementering van die program in die

skole van die distrik. Die projekbesture is dikwels gevorm uit die personeel van die Onderwysondersteuningsdienste, wat programme vir die ondersteuning van leerders met spesifieke behoeftes hanteer.

### 1.3.2 Ontwikkeling tydens die pre-implementeringsfase

Tydens die pre-implementeringsfase (1996-1997) het die volgende voorbereiding vir program-implementering plaasgevind.

#### 1.3.2.1 **Ondersoek na kennis en gedragstrone**

'n Basislynstudie is landswyd gedoen om leerders in sekondêre skole se kennis, houdings en gedragstrone ten opsigte van MIV/VIGS te ondersoek waarvolgens die impak van die program geëvalueer sou kon word (Kushlick & Rapholo, 1998).

#### 1.3.2.2 **Die ontwikkeling van die programinhoud**

'n Voorlopige leerprogram vir sekondêre skole is ontwikkel deur die sub-komitee vir Kurrikulumontwikkeling, waarin riglyne gegee word vir die ontwikkeling van 'n program. Die kurrikulum beklemtoon 'n holistiese benadering tot MIV/VIGS, waarin ander hoë risikogedrag wat ook met MIV/VIGS verband kan hou, ingesluit word, soos alkohol- en dwelmgebruik en kindermishandeling. 'n Leerdergesentreerde benadering en deelnemende onderrigmetodes is aanbeveel. Die fokus van die program is onder andere die volgende:

- Die verhoging van kennis oor seksualiteit en MIV/VIGS, veral die aard en oordrag van MIV/VIGS, die leerders se persoonlike risiko, en wyses van beskerming teen MIV/VIGS.
- Die ontwikkeling van vaardighede relevant tot MIV/VIGS-voorkoming soos selfkennis, besluitneming, selfgelding en kommunikasie- en onderhandelingsvaardighede.
- Die bevordering van positiewe houdings teenoor verantwoordelike gedrag en veilige seksuele praktyke en om die regte van mense met MIV te beskerm.
- Motivering en ondersteuning vir 'n verantwoordelike lewenstyl en die ontwikkeling van portuurgroepondersteuning.

'n Uiteensetting van die riglyne vir die inhoud van die program word saamgevat in Swart (1998).

Die kurrikulum bevat algemene riglyne wat in die program ingesluit behoort te word, en is aan die provinsiale departemente deurgegee vir implementering. Die program is ongestruktureerd gehou vanweë die diversiteit van behoeftes, waardes, gelowe, kulture, sosio-ekonomiese agtergronde en gedragstrone in die gemeenskappe waarin die program geïmplementeer moes word. Die idee was om die onderwysers wat die leerders, die kultuur en die gemeenskap ken, te bemagtig om binne die gestelde riglyne 'n



program te ontwikkel wat aan die behoeftes van leerders in die skool kon voorsien. Sodoende kon die kultuur en verwagtings van die ouers en die omliggende gemeenskap geïnkorporeer word in die program en die skool kon die geleentheid kry om eienaarskap van die program te aanvaar (Flisher & Reddy, 1995; Orford, 1992).

### 1.3.2.3 Ontwikkeling van onderrighulpmiddels

Onderrighulpmiddels wat die onderwysers in klasaanbiedings kon gebruik, is ontwikkel. Nadat geselekteerde onderwysers uit die skole die toepaslike opleiding ontvang het, sou elke skool 'n stel hulpmiddels met werkboeke, plakkate en video's ontvang vir gebruik in die ontwikkeling en aanbieding van die program.

### 1.3.2.4 Kaskade model van opleiding

Die projekbesture uit elke onderwysdistrik is opgelei in die aanbieding van lewensvaardigheidsprogramme, deur professionele persone, aangestel deur die provinsiale koördineringskomitee. Die opleiding het bestaan uit 'n tien dae-opleidingskursus en het gefokus op:

- die ontwikkeling van deelnemers se kennis rakende hoë risikogedrag wat seksualiteit, VIGS, dwelmmisbruik en kindermishandeling insluit;
- die ontwikkeling van lewensvaardighede en
- die gebruik van deelnemende onderrigmetodes en fasiliteringsvaardighede in die aanbieding van programme.

Die handleiding van *WHO/UNESCO: School Health Education to prevent AIDS and STD's – Teacher's Guide and Student Activity Books* is as handleiding gebruik (Social Surveys, 1999; Swart, 1998). Die opleiding van die projekbesture as meesteropleiers is geëvalueer deur Kola, Rapholo, Schneider en Everatt (1998) wat in Hoofstuk 7 as deel van die bespreking van resultate bespreek sal word.

As deel van die kaskade-opleidingsmodel, 'n stelsel van afwaartse kommunikasie, was dit die projekbesture in elke onderwysdistrik se verantwoordelikheid om as meesteropleiers, twee onderwysers per sekondêre skool in die distrik op te lei om die program in hulle onderskeie skole aan te bied. Die doel van die opleiding vir onderwysers was om hulle te bemagtig om 'n MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsprogram vir die skool te ontwikkel en aan te bied en om die sensitiewe inhoud van seksuele opvoeding binne 'n multi-kulturele opset te hanteer. Die opleidingsprogram waaraan die onderwysers in die navorsing deelgeneem het, word in Paragraaf 5.3.2.1 en 5.3.2.2 uiteengesit.

Van die opgeleide onderwysers is verwag om as meesteropleiers in die skool 'n program vir die leerders aan te bied en om die program as deel van die skoolkurrikulum te koördineer, deur:



- ondersteuning van die skoolhoof en die skoolgemeenskap te verkry vir die implementering van die program;
- opleiding te gee aan ander onderwysers in die skool om MIV/VIGS-voorkoming en lewensvaardighede in hul klasaanbiedings te integreer; en
- ouers en ander rolspelers in die gemeenskap te betrek by die implementering van die program.

### 1.3.2.5 Riglyne vir die implementering van die program

Die ideaal is dat lewensvaardighede as 'n geïntegreerde deel van die kurrikulum aangebied word en dat al die onderwysers in die skool daarby betrokke is. Hoewel die projekbestuur in elke distrik verantwoordelik was vir die ontwikkeling van 'n implementeringstrategie, is daar riglyne vir die implementering van die program gegee:

- 'n Koördineerder van lewensvaardighede programme behoort in elke skool aangestel te word om steun vir die program te werf en die implementering te bestuur.
- Daar behoort een periode per week vir elke klas toegewys te word vir Voorligting en die aanleer van lewensvaardighede.
- Inligtingsessies vir skoolhoofde, ouers en ander rolspelers in die gemeenskap behoort gehou te word voor die implementering van die program.
- Lewensvaardighede kan deur al die vakonderwysers aangebied word en kan ingesluit word in al die vakke. Daarom behoort al die onderwysers opgelei te word in die aanbieding van hierdie vaardighede.
- Die projekbestuur in die distrik behoort beskikbaar te wees om die implementering van die projek te monitor en die handhawing van die program te verseker (Swart, 1998).

Die pre-implementeringsfase van die projek is teen einde 1997 afgehandel. Die begroting vir die pre-implementeringsfase, wat die opleiding van die onderwysers ingesluit het, was R28 miljoen waarvan die Europese Unie 73% bygedra het (Swart, 1998). Die program is formeel geïmplementeer in die sekondêre skole vanaf Januarie 1998.

Die huidige navorsing het in 1998 begin en vorm deel van die monitering van die programimplementering en progamevaluering. Die doel van die navorsing is die monitering van die implementeringsproses en die evaluering van die impak van die program in die skoolgemeenskap. Die navorser se rol is dié van 'n konsultant wat deur 'n proses van aksienavorsing terugvoer oor die vordering van die programimplementering in die implementeringstelsel invoer. Die terugvoering kan dan gebruik word in die verdere beplanning van die implementeringsproses. Weens die intensiewe aard van die navorsing is dit beperk tot skole in twee onderwysdistrikte in Gauteng. In hierdie navorsing is ook net gefokus op die impak van die program op die leerders se kennis, houdings en gedragpatrone wat verband hou met MIV/VIGS. Die impak van die program op ander vorms van hoë risikogedrag word weens die omvang daarvan, nie in hierdie navorsing gerapporteer nie. Die impak van die program op verhoudings binne die

skool is ook in die uitkomsevaluering ondersoek. Die monitering van die programimplementering het deur verskeie fases verloop en word in Hoofstuk 5 volledig uiteengesit.

#### 1.4 MOTIVERING VIR DIE NAVORSING

Die doel van hierdie navorsing was om die proses van implementering van die program te monitor en te bepaal wat die impak van die intervensie op die leerders se gedrag en die skoolgemeenskap is. Hoewel die evaluering van sosiale programme dikwels nie deel van die beplanning van sulke programme is nie, vorm evaluasie 'n integrale deel van programontwikkeling. "Evaluation is critical to the success of any program or intervention" (Rosenberg, Tolsma, Kolbe, Kroger, Cynamon & Bowen, 1992, p. 196). Voortgesette monitering en evaluering is nodig om te ondersoek hoe die implementering van die program vorder, of die program aansluiting vind by die leerders se behoeftes en watter aspekte verander kan word om die program te verbeter. Dit is ook nodig om te monitor of die program die gestelde doelwitte bereik en die hoë koste daarvan regverdig (Oakley, Fullerton & Holland, 1995; Rossi & Freeman, 1985). Veral in die voorkoming van die MIV/VIGS-epidemie waarin persoonlike, sosiale, kulturele en gemeenskapsprosesse 'n rol kan speel, is die evaluering van die programinhoud, programimplementering in bepaalde gemeenskappe en die integrering daarvan in gemeenskappe van groot belang. In die beplanning van hierdie projek is daar weens die dringende noodsaaklikheid om die VIGS-epidemie aan te spreek, nie vooraf 'n situasie-ontleding gedoen van die onderliggende prosesse wat bydra tot hoë risikogedrag in die bepaalde teikengroep nie, maar gesteun op aannames en die beskikbare data uit die literatuur. Hierdie werkswyse kan gekritiseer word, maar word ondersteun deur Hunter en Chen (1992, p. 339) se uitgangspunt:

"Given the urgency of the situation in countries where the prevalence is high, AIDS education cannot await full completion of this research and design process. To improve education programs over the long term while responding to immediate needs, in-depth research must go hand in hand with action based on incomplete knowledge, and evaluation of this action. AIDS educators face the challenge of simultaneously building a knowledge base while implementing and evaluating programs. The heterogeneity of the AIDS epidemic implies that these activities need to be locally focussed, increasing demands on funding and personnel."

Die belangrikheid van progamevaluering in die ontwikkeling en verbetering van programme word hierin beklemtoon. Deur progamevaluering word kennis opgebou oor die teikengroep en die konteks en moontlike intervensiestrategieë wat gepas sou wees in die bepaalde konteks. Coyle, Boruch en Turner (1991; p. 2) beskryf die belangrikheid en kompleksiteit van die evaluering van MIV/VIGS-voorkomingsprogramme soos volg: "Program evaluation in the context of AIDS prevention is as difficult as program implementation itself, and as necessary."

In die implementering van die MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsprogram in hierdie studie, is daar in elke sekondêre skool 'n eie program ontwikkel en elke distrik het 'n eie implementeringstrategie beplan.

So ook het elke distrik eiesoortige probleme in die implementeringsproses ervaar. 'n Proses- en uitkomsevaluering is daarom nodig om die effektiwiteit van die implementering van die MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsprogram in die konteks waarin dit plaasvind, te monitor .

Die implementering van 'n intervensie in die skoolgemeenskap verg 'n proses van sosiale verandering. Die skoolgemeenskap kan gesien word as 'n self-regulerende en outonome sisteem waarin verandering vanuit die sisteem plaasvind (Capra, 1997), soos uiteengesit in Hoofstuk 2. Hoewel verandering 'n voortdurende proses in sisteme is, kan die implementering van intervensies of 'n beleid wat nie vanuit die gemeenskap self ontwikkel het nie, 'n komplekse proses wees wat nie noodwendig suksesvol gaan wees nie. In 'n proses van sosiale verandering is dit nodig om verandering in verhoudings binne die sisteem en komplekse interaksies met die groter sisteme te fasiliteer met die doel om uiteindelik die voorkoms van gemeenskapsprobleme te voorkom. 'n Fokus in die sielkunde as sosiale wetenskap is om verandering in menslike gedrag of in sosiale sisteme te bestuur met die doel om verantwoordelike gedragpatrone te fasiliteer of by te dra tot die bevordering van geestesgesondheid. Die MIV/VIGS-vraagstuk het die sielkunde egter gekonfronteer met die leemtes in konseptualisering oor verandering en intervensiestrategieë waarvolgens verandering in gedrag en gemeenskappe gefasiliteer kan word. In verskeie intervensies gerig op die voorkoming van MIV/VIGS is die kompleksiteit van die verandering in lewenstyl in 'n gemeenskap beklemtoon (Kelly, Murphy, Sikkema & Kalichman, 1993; Lindegger & Wood, 1995; Tawil, Verster & O'Reilly, 1995). In hierdie navorsing word aandag gegee aan die prosesse ter sprake om verandering in 'n gemeenskap te fasiliteer.

Uit 'n ondersoek na die ontwikkeling van lewensvaardigheids- en voorkomingsprogramme in Suid-Afrika, blyk dit dat daar reeds verskeie programme ontwikkel en eksperimenteel as deel van korttermynintervensies, toegepas is (National Research Foundation, 2000). Daar is egter 'n gebrek aan navorsing oor die implementering en integrering van voorkomingsprogramme in gemeenskappe (Backer, 2000; Durlak, 1995). Elias (1987, p. 548) stel hierdie behoefte soos volg:

“What has been neglected is the process by which prevention and promotion programs become part of the structure and routine of relevant settings.”

Die fokus van hierdie navorsing is daarom gerig op die ontwikkeling en evaluering van 'n implementeringstrategie waarvolgens sielkundige kennis, insig en vaardighede beskikbaar gemaak kan word in gemeenskappe, waaruit individue en gemeenskappe 'n gesonde lewensuitkyk en gesonde lewenstyl kan ontwikkel. Hierdie navorsing hou daarom verband met die disseminasie van strategieë om gesondheid te bevorder en die bemagtiging van gemeenskappe om die kennis te benut in die voorkoming van psigo-sosiale probleme. "The strength of community psychology lies in its dissemination and popularization of academic knowledge" (Ahmed & Pretorius-Heuchert, 2000, p. 71).

Die behoefte aan die verspreiding van wetenskaplike inligting word soos volg beskryf:

"The most understudied and underrated area in the field of psychology, and perhaps in all of the sciences... is the gap between scientific information and action" (Fairweather, 1979, p. 33).

Die gaping tussen wetenskaplike inligting en die praktyk kan moontlik toegeskryf word aan die gebrek aan kontak tussen navorsers en beleidmakers en aan die gebrek aan verspreiding van kennis oor suksesvolle intervensies (Backer, 2000; Kaftarian & Wandersman, 2000). "We need people to build bridges from research to community programs" (Stolz, 1981, p. 503). Een van die maniere om by te dra tot die ontwikkeling en verspreiding van wetenskaplike inligting is om as 'n konsultant aksienavorsing saam met 'n gemeenskapsorganisasie te doen en deur die inligting uit die evaluering aan die gemeenskap terug te voer en rolspelers te betrek in die ontwikkeling en evaluering van die programme (Backer, 2000; Fetterman, Wandersman & Kaftarian, 1996), soos wat in hierdie navorsing gedoen word. Deur aandag te gee aan die verspreiding van inligting en roetes te ontwikkel vir die implementing van teoretiese kennis in die gemeenskap, kan 'n bydrae tot die bevordering van gesondheid in die gemeenskap gemaak word.

'n Verdere motivering vir hierdie navorsing was om 'n teoretiese raamwerk vir die gemeenskapsielkunde te ontwikkel, waarvolgens gemeenskapsprosesse verstaan kan word. Uit die praktyk het die navorser ervaar dat die tradisionele modelle van die gemeenskapsielkunde nie voldoende was om die gemeenskap se reaksie tydens intervensies te verklaar nie. Dit was daarom 'n doelwit om 'n teoretiese onderbou vir gemeenskapsintervensies te ontwikkel. Gepaard hiermee is navorsingsmetodes ondersoek wat in hierdie verwysingsraamwerk gebruik kan word om prosesse en patrone op verskillende vlakke van die gemeenskap te ondersoek.

Met hierdie motivering word daar in hierdie navorsing die implementering van 'n program bestudeer wat daarop gemik is om sosiale verandering in die skoolgemeenskap te fasiliteer.

## 1.5 OORSIG OOR DIE NAVORSING

Die skoolgebaseerde MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsprogram kan gesien word as 'n grootskaalse gemeenskapsintervensie met die oog op die voorkoming van hoë risikogedrag en die verandering in leerders se lewenstyl om die verspreiding van MIV/VIGS te voorkom. Die implementering van die intervensie kan beskryf word as 'n kubernetiese siklus waarin verandering wat plaasvind bydra tot verdere veranderinge in die sisteem. "Such a difference, as it travels undergoes successive transformation in a circuit" (Bateson, 2000, p. 315). Die intervensie kan beskryf word as 'n siklus bestaande uit verandering in die beleid van die nasionale Onderwysdepartement, wat weer aanleiding gee tot verandering in die provinsiale onderwysdepartement, verandering in die skoolbestuur en kurrikula, verandering in die onderwysers se verhoudings met die leerders en klasaanbiedings en verandering in die leerders se lewenstyl. Hierdie veranderinge kan weer verandering in die gemeenskap en verandering in die onderwysbeleid tot gevolg hê. Die veranderingsproses is egter nie 'n liniële proses nie, maar binne die komplekse sisteem is daar interaksieprosesse tussen sub-sisteme wat mekaar wedersyds beïnvloed. Op



elke vlak van die sisteem kan verandering ook beskryf word in terme van meer as een vlak van logiese tipering soos beskryf deur Bateson (1979) en uiteengesit in Paragraaf 2.2.4.3.1. Hieruit blyk die kompleksiteit van die veranderingsproses wat hier bestudeer word.

As deel van die groter proses word verandering in die volgende vlakke in hierdie navorsing ondersoek:

- Die skool as sisteem, bestaande uit 'n groot aantal rolspelers, se aanvaarding en implementering van die intervensie as deel van die skoolkurrikulum. Dit verg 'n proses van verandering in die patroon van interaksie tussen die onderskeie rolspelers en die struktuur van die skool om MIV/VIGS- en lewensvaardighedsopleiding as deel van die kurrikulum te integreer.
- Die doel van die program is om hoë risikogedrag by leerders te voorkom deur hulle te help om nuwe betekenis onderliggend aan gedrag te ontwikkel, veral ten opsigte van verhoudings en seksualiteit. 'n Verdere doelwit is om die individu vaardighede te help ontwikkel wat kan bydra tot die verandering in die organisasie en struktuur van die intrapsigiese prosesse van die individu as 'n sisteem.

Die navorsing is gedoen in die vorm van aksienavorsing en die fokus sou aanvanklik uitsluitlik op 'n uitkomsevaluering gewees het. Met die verloop van die navorsing het die doelwitte egter verander en het die fokus van die navorsing verbreed om ook prosesevaluering in te sluit waarin die kompleksiteit van die funksionering van sisteme in 'n veranderingsproses ondersoek is. Die evaluering van die program het die volgende behels:

- Die implementering van die program in die skoolsisteem is ondersoek uit die perspektief van die onderskeie rolspelers. Die prosesse wat die implementering van die program bevorder en benadeel het, is geïdentifiseer en in die vorm van terugvoer aan die projekbestuur gekommunikeer. Op grond van hierdie terugvoer kon die projekbestuur aanpassings in die implementeringsproses maak om die implementering van die program te fasiliteer.
- As 'n uitkomsevaluering is die verandering in die leerders se kennis, houding en gedragpatrone wat met MIV/VIGS verband kan hou, ondersoek, asook watter betekenis hulle aan die intervensie, aan MIV/VIGS en die skoolklimaat heg.

In hierdie evaluering word die data, verkry uit meervoudige metodes van data-insameling, geïntegreer om vanuit die perspektiewe van die onderskeie rolspelers die impak van die intervensies in die skoolsisteem te evalueer. Die monitering en evaluering van die program het in verskeie fases verloop wat in Hoofstuk 5 uiteengesit word.

Die navorsing het verloop as 'n interaksieproses tussen hoofsaaklik drie sisteme:

- Die navorsingspan en die projekbestuur van die onderwysdepartement as bestuurders van die verandering.
- Die navorsingspan en die skoolgemeenskap met die onderskeie rolspelers in die skool as sub-sisteme.

- Uit die interaksieprosesse binne die implementeringsstelsel (die navorsingspan, projekbestuur en die skoolgemeenskap) het 'n kennisstelsel as saamontwikkende stelsel ontwikkel. Hiervolgens kon die prosesse in die implementeringsstelsel verstaan word en terugvoer oor die verloop van die programimplementering gegee word.

In hierdie navorsing word 'n gemeenskapsintervensie gerig op 'n sosiale veranderingsproses gemoniteer. Die interventie word dus gebou op die uitgangspunte van die gemeenskapsielkunde. In Hoofstuk 2 word die uitgangspunte van die gemeenskapsielkunde asook gemeenskapsintervensiestrategieë bespreek. Die leemtes in die teoretiese onderbou van die gemeenskapsielkunde word aangedui en die stelselteorie word ondersoek as epistemologiese raamwerk vir die gemeenskapsielkunde. Die stelselteorie word as teoretiese verwysingsraamwerk vir die huidige navorsing gebruik om die kompleksiteit van gemeenskapsprosesse te verstaan. Gemeenskapsintervensies soos die voorkoming van MIV/VIGS word ook in terme van die stelselteorie verduidelik.

In Hoofstuk 3 word lewensvaardigheidsopleiding en voorkoming as gemeenskapsintervensies uiteengesit. Die literatuur oor lewensvaardigheidsopleiding en voorkoming word grotendeels gebaseer op 'n liniële denkraamwerk. Die ontwikkelinge binne die voorkomingsbenadering, soos 'n groter klem op welsynsbevordering en groter klem op ekologiese denke, word bespreek. Daar word ook aandag gegee aan hoe die voorkomingsbenadering binne 'n sistemiese raamwerk verstaan kan word, aan die ontwikkeling van voorkomingsprogramme en beginsels wat in ag geneem behoort te word in die ontwikkeling van MIV/VIGS-voorkomingsprogramme. Die interventie wat in hierdie navorsing bestudeer word, kan teen hierdie agtergrond geëvalueer word. In hoofstuk 3 word hoofsaaklik aandag gegee aan die *inhoud* van die interventie, terwyl daar in hoofstuk 4 aandag gegee word aan die proses van implementering van programme in die skoolstelsel. Programimplementering word gesien as 'n komplekse proses wat deur verskeie fases verloop waarin daar 'n wedersydse interaksie en aanpassing tussen die program en die konteks plaasvind. Die kapasiteit van die stelsel om te verander en die rolle van die onderskeie deelnemers word ook bespreek. Die implementeringsproses van die MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsprogram in die skole kan teen hierdie agtergrond geëvalueer word.

Die navorsingsmetode wat in hierdie navorsing gebruik word, word in Hoofstuk 5 uiteengesit. Die sistemiese raamwerk word as uitgangspunt gebruik. Binne hierdie raamwerk word aksienavorsing en programmevaluering geïntegreer en van meervoudige data-insamelingsmetodes gebruik gemaak om die perspektiewe van die onderskeie rolspelers op die program te ondersoek. Die onderskeie fases van die navorsing en die navorsingsproses word stap-vir-stap uiteengesit.

In Hoofstuk 6 word die resultate van elke fase van die navorsing uiteengesit. Daar word eers aandag gegee aan die evaluering van die opleiding van onderwysers en die proses van programimplementering. Na die terugvoer aan die projekbestuur is verdere intervensies geloods en die verdere

implementeringsproses is geëvalueer. In die evaluering is 'n situasie-ontleding in geselekteerde skole gedoen en 'n proses- en uitkomstevaluering is gedoen deur die perspektiewe van die onderskeie rolspelers te integreer. In Hoofstuk 7 word die resultate van die ondersoek in terme van die teoretiese raamwerk verduidelik en daaruit word aanbevelings gemaak hoe die programimplementering in die skole gefasiliteer kan word.

Die beoogde bydrae van hierdie navorsing tot die sielkunde as wetenskap is geleë in hoofsaaklik drie areas:

- **Die veld van die toegepaste sielkunde:** Deur die proses van aksienavorsing word 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van MIV/VIGS-voorkoming onder die jeug.
- **Die ontwikkeling van 'n teoretiese onderbou vir gemeenskapsielkunde:** Gemeenskapsintervensies en voorkomingsprogramme word dikwels geïmplementeer sonder 'n teoretiese onderbou. In die bespreking van die gemeenskapsielkunde word die leemtes en teenstrydighede in die teoretiese onderbou uitgewys en die sistemiese epistemologie word as alternatiewe teoretiese onderbou vir die gemeenskapsielkunde uiteengesit en uitgebou.
- **Metodologiese ontwikkeling:** Op metodologiese vlak word verskeie navorsingsmetodes binne die sisteemteoretiese raamwerk gekonseptualiseer. Die data verkry deur veelvuldige data-insamelingsmetodes word geïntegreer waaruit prosesse en patrone waargeneem kan word.

In hierdie hoofstuk is die agtergrond gegee vir die ontwikkeling van die MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsprogram in die skole. Die implementering van die program word in hierdie navorsing gemoniteer en geëvalueer in twee onderwysdistrikte. Daar word ook aangedui hoe hierdie navorsing inpas in die nasionale program. In die volgende hoofstuk word die teoretiese onderbou van die studie vanuit die gemeenskapsielkunde met 'n sisteemteoretiese onderbou, bespreek.

## HOOFSTUK 2 TEORETIESE BEGRONDING

“I do not believe that anyone fully knows or can even fully know the processes that account for personal and social change.... Rather, I see social science’s attempts to understand change as providing innumerable partial models of the process” (Keeney, 1983, p. 3).

In hierdie hoofstuk word die gemeenskapsielkunde as onderbou vir die intervensie en die navorsing bespreek. Daar word begin deur die tradisionele veld van die gemeenskapsielkunde, die uitgangspunte, waardes en intervensiemodelle te omskryf. Daar word deurgaans aangedui dat die bestaande teoretiese raamwerke waarbinne die gemeenskapsielkunde bedryf word, sekere leemtes en teenstrydighede toon. Daar word geargumenteer dat die sisteemteorie 'n meer volledige en gepaste teoretiese onderbou vir die gemeenskapsielkunde kan wees. Daar word ook aangedui hoe die sisteemteorie kan bydra tot die verstaan van komplekse gemeenskapsprosesse en die fasilitering van verandering in die gemeenskap.

### 2.1. GEMEENSKAPSIELKUNDE

#### 2.1.1 Inleiding

Gemeenskapsielkunde behels die toepassing van sielkundige beginsels in 'n breë gemeenskapskonteks. Vandaar die wye omskrywings en definisies wat daar vir gemeenskapsielkunde gegee word.

- “Community psychology is about understanding people within their social worlds and using this understanding to improve people’s well-being. It is about understanding and helping” (Orford, 1992, p.vii).
- "Community psychology has evolved to study the effects of social and environmental factors on behavior as it occurs at individual, group, organizational and societal levels" (Heller, Price, Reinhartz, Riger, Wandersman & D'Aunno, 1984, p. 18).
- “Community psychology focuses on social issues, social institutions and other settings that influence groups and organizations. The goal is to optimize the well-being of communities and individuals with innovative and alternative interventions designed in collaboration with affected community members and with other related disciplines” (Duffy & Wong, 1996, p. 11).

Uit hierdie definisies blyk reeds 'n aantal kernaspekte van die gemeenskapsielkunde, naamlik:

- 'n fokus op die mens in wisselwerking met die konteks waarin hy is;
- 'n multi-vlak perspektief wat fokus op die organisasie van die groter konteks wat die interpersoonlike, organisasie- en gemeenskapskonteks insluit;
- klem op welsyn en intervensie, die soeke na alternatiewe strategieë ter bevordering van lewenskwaliteit en

□ die demokratiese werkwyse van samewerking met die gemeenskap en ander dissiplines.

Wat ook uit die definisies blyk, is dat dit gebaseer is op 'n modernistiese lineel-kousale uitgangspunt en dat die gemeenskapsielkundige gesien word as 'n gesaghebbende wat 'n beherende invloed op die gemeenskap kan hê.

Gemeenskapsielkunde het ontwikkel uit 'n aantal gemeenskapsbewegings wat in die sestigerjare in die Verenigde State van Amerika afgespeel het, naamlik die menseregtebeweging, veldtogte teen armoede, die geestesgesondheidsbeweging, die besef van die omvang van gemeenskapsprobleme en algemene ontevredenheid met die onvermoë van die tradisionele kliniese benadering om die lewenskwaliteit in die gemeenskap te bevorder. Dit het duidelik geword dat mense wat hulp nodig het, dit nie kry nie en dat patologie nie net intern tot die persoon is nie, maar dat die omstandighede waarin mense hulle bevind ook 'n rol kan speel in die ontwikkeling van die probleme wat hulle ervaar. Sielkundiges het die nodigheid ingesien om betrokke te raak in die sosiale vraagstukke van die tyd en meer dienste beskikbaar te stel in die gemeenskap om ook aandag aan die voorkoming van psigiese probleme te gee (Duffy & Wong, 1996; Zax, 1980). Gemeenskapsielkunde het hoofsaaklik ontwikkel as reaksie op 'n aanvraag vir gepaste sielkundige dienste en 'n sosio-politiese aandrang vir die gebruik van sielkunde in die ontwikkeling van onderdrukte groepe (Pretorius-Heuchert, Ahmed & Seedat, 2001).

Hieruit blyk dat die gemeenskapsielkunde veral op twee vlakke van intervensie fokus, naamlik om mense met psigiese probleme in die gemeenskap te identifiseer en hulp te verskaf (sekondêre voorkoming) en om mense se lewenskwaliteit en welsyn te probeer verbeter (primêre voorkomingsvlak). Hoewel die ontwikkeling van die gemeenskapsielkunde aanvanklik gerig was om meer hulpbronne daar te stel om mense met probleme te help, is die ontwikkeling van die vakgebied die afgelope jare hoofsaaklik in die rigting van die bevordering van welsyn. Cowen (2000) se klem op die bevordering van welsyn, eerder as die voorkoming van patologie, weerspieël hierdie tendens. Hierdie verskuiwing kan ook gesien word in Rappaport (1981) se klemverskuiwing vanaf mense se *behoefes* na hulle *regte* in die gemeenskap.

'n Ander ontwikkelingsarea in die gemeenskapsielkunde is 'n groter fokus op die konteks, wat groter groepe en die gemeenskap insluit. Die gemeenskapsielkunde het begin as hulp aan en ontwikkeling van individue en aanvanklik is min navorsing gedoen oor die funksionering van die gemeenskap (Heller, 1989; Keys & Frank, 1987). Gepaard met die ontwikkeling in die sosiale sielkunde (Tajfel, 1981), die tegnologie, die ontwikkeling van die globale ekonomie en die groter bewuswording van die sisteemteorie (Berman, 1996), het die fokus van die gemeenskapsielkunde uitgebrei na groter groepe, gemeenskappe en die makro-sisteem. Trickett (1996, p. 211) skryf egter: "We are still working on the 'community' of community psychology as it involves the intertwining of culture and social context." Prilleltensky en Nelson (1997) is ook van mening dat die gemeenskapsielkunde hoofsaaklik fokus op die mikro- en mesosisteme en dat daar nog nie voldoende aandag gegee is aan verandering in die makro-sisteem om groter sosiale geregtigheid in



gemeenskappe te bewerkstellig nie.

Omdat die gemeenskapsielkunde in die praktyk ontwikkel het om aan die behoeftes van die tyd te voldoen, is daar 'n gebrek aan 'n teoretiese onderbou vir die vakgebied. Dit is 'n ernstige leemte in die veld en kniehalter die ontwikkeling daarvan. Cowen en Gesten (1980, p. 363) skryf twee dekades gelede dat die term gemeenskapsielkunde nie goed verstaan word nie en dat verskillende betekenisse daaraan geheg word: "The field after all, is young, lacks a solid data base and is, quite frankly, still groping to identify promising new approaches." Daarna was dit Rappaport (1987, p. 122) wat geskryf het:

"Community psychologists with a few important exceptions, have paid little attention to the development of a theory. Without theory a field cannot long survive as a scientific enterprise."

Nog 'n dekade later skryf Levine en Perkins (1997, p. 85) steeds:

"Because of its rapid development, community psychology lacked a well-articulated, widely shared conceptual model, a set of theoretical principles that would help in making sense of the field's diversity and in guiding future development."

Die gemeenskapsielkunde gaan steeds gebuk onder die gebrek aan 'n verklaringsmodel wat as uitgangspunt vir navorsing en intervensie gebruik kan word. In hierdie studie word voorgestel dat die sisteemteorie as epistemologiese raamwerk, of manier van weet (Keeney, 1983) vir die gemeenskapsielkunde gebruik word om komplekse prosesse van verandering te verstaan. Die leemtes in die bestaande modelle en teorieë van die gemeenskapsielkunde sal tydens die bespreking daarvan aangedui word en die toepaslikheid van die sisteemteorie vir die beskrywing en verklaring van gemeenskapsielkundige verskynsels sal aangetoon word.

Om 'n uiteeusetting te gee van wat die gemeenskapsielkunde behels, gaan vervolgens aandag gegee word aan die uitgangspunte wat die onderbou van die gemeenskapsielkunde vorm en die intervensiemodelle wat uit die praktyk ontwikkel het en steeds in gemeenskapsintervensies gebruik word. Die ekologiese raamwerk waarop baie van die werk in die gemeenskapsielkunde gebaseer is, word kortliks bespreek en die leemtes daarvan as verklaringsmodel uitgewys.

### **2.1.2 Die uitgangspunte van die gemeenskapsielkunde**

Die ontwikkeling van die gemeenskapsielkunde is in 'n groot mate gerig deur 'n aantal filosofieë en doelwitte wat vervolgens bespreek sal word (Duffy & Wong, 1996; Levine & Perkins, 1997; Orford, 1992; Pretorius-Heuchert *et al.*, 2001; Prilleltensky & Nelson, 1997). Die filosofieë en doelwitte is vervleg en nie duidelik skeibaar nie. Die mensbeskouing en waardes onderliggend aan die uitgangspunte word ook aangedui. Die lineel-kousale denkpatroon, waarin die kompleksiteit van gemeenskapsinteraksies nie altyd verreken kan word nie, is ook duidelik in die beskrywing van die uitgangspunte.

### 2.1.2.1 Onderliggende filosofieë

Enkele filosofieë onderliggend aan die gemeenskapsielkunde is die volgende:

- **Ekologiese perspektief:** Gemeenskapsielkunde het ten doel om menslike gedrag te verstaan in die konteks waarin dit voorkom. Die uitgangpunt is dat die individu en die omgewing in voortdurende wisselwerking is en dat gedrag en die omgewing waarin die gedrag voorkom, onlosmaaklik verbonde is (Orford, 1992). "Human activity does not develop in a social vacuum, but rather it is rigorously situated within a sociohistorical and cultural context of meanings and relationships" (Trickett, 1996, p. 213). Vanuit 'n ekologiese perspektief word die mens dan bestudeer in verhouding met ander mense op verskillende vlakke van die gemeenskap. "The ecological viewpoint requires a concern with the relationships of individuals to each other as a community; as a differentiated social grouping with elaborate systems of formal and informal relationships" (Levine & Perkins, 1997, p. 4). Gemeenskaps-intervensies is daarom ook nie beperk tot die individu nie, maar daar word aanvaar dat verandering in die omgewing ook verandering in die individuele gedrag kan meebring. Die klem is daarom op die mens en sy verhouding met die omgewing.
- **Voorkoming:** Voorkomingsintervensies is pro-aktief of gesondheidsopbouend. Die uitgangpunt is "that equipping people with resources to cope effectively is the best of all ways to forestall dysfunction" (Cowen & Gesten, 1980, p. 365). Die doel van voorkomingsprogramme is om mense toe te rus om omgewingstoestand sodanig te verander om welsyn en gesondheid te bevorder (primêre voorkoming) of om hulp te verleen om te voorkom dat sielkundige probleme ernstige implikasies het (sekondêre voorkoming) (Caplan, 1964; Durlak & Wells, 1997a). 'n Voorkomingsperspektief behels 'n aktiewe uitreiking na die gemeenskap eerder as 'n passiewe genesende benadering. Omdat daar nie reglynige verhoudings tussen oorsake en geestesgesondheidsprobleme is nie, is voorkomingsaksies komplekse prosesse en sal in Hoofstuk 3 bespreek word. Die mensbeeld wat hieruit blyk, is 'n humanistiese siening dat die mens potensiaal het en streef na optimale funksionering, maar soms hulp nodig het in hierdie proses. Die mens is self-regulerend en kan sy eie omgewing omvorm en nie net daarop reageer nie (Danish, 1996). Die waarde onderliggend aan voorkoming is die bevordering van welsyn en lewenskwaliteit.
- **Respek vir diversiteit:** Respek vir diversiteit behels die waardering vir die mens se vermoë om sy eie identiteit te definieer (Prilleltensky & Nelson, 1997). Volgens Rappaport (1981) lê die krag van 'n gemeenskap in die verskeidenheid perspektiewe van die verskillende lede van die gemeenskap. As diversiteit erken word, kan daar beter oplossings vir probleme in die gemeenskap vanuit die uiteenlopende perspektiewe gegeneer word. Die gemeenskap kan as kollektiewe eenheid beter funksioneer (Trickett, 1996). Die mensbeeld onderliggend hieraan dui daarop dat mense vryheid van

mening en keuse het en daarvoor erkenning behoort te kry.

### 2.1.2.2 Doelwitte van die gemeenskapsielkunde

Die doelwitte van die gemeenskapsielkunde behels hoofsaaklik die volgende:

□ **Sosiale verandering:** Die doel van gemeenskapsielkunde is om deur die bestudering van die gemeenskap en intervensies sosiale verandering te fasiliteer om die funksionering van die gemeenskap te verbeter, lewenskwaliteit en sosiale regverdigheid, waarin mense vergelykbare voorregte het, te bevorder (Prilleltensky & Nelson, 1997). 'n Metode waardeur verandering in die gemeenskap gefasiliteer kan word, is aksienavorsing. Aksienavorsing is 'n navorsingsproses gerig op die hantering van bepaalde gemeenskapsprobleme in samewerking met die lede van die gemeenskap (Heller *et al.*, 1984; Walker, 1998). Die aanname is dat verandering moontlik is deur die gemeenskapslede se deelname aan die proses van verandering. Die navorser is nie onpartydig nie - die navorser en die gemeenskap neem deel aan die proses van gemeenskaplike betekenisgewing en die verandering in die konteks. Aksienavorsing beklemtoon die voortdurende prosesse van verandering in die gemeenskap en die moontlikheid van die ontwikkeling van nuwe patrone van interaksie. Dit beklemtoon ook dat verandering net vanuit die gemeenskap self kan plaasvind. Die waardes behels die bevordering van sosiale regverdigheid en kollektiewe waardes - groei en verandering is moontlik as mense saamwerk. Aksienavorsing word in hoofstuk 5 as metode vir die navorsing bespreek.

□ **Bemagtiging:** Die bemagtiging van 'n individu dui daarop dat die persoon se vermoë om kontrole oor sy eie lewe te hê, bevorder word. In terme van 'n gemeenskap dui bemagtiging op die aanneem van demokratiese beginsels waarin lede van die gemeenskap seggenskap kan hê in besluite wat hulle lewens raak en die vermindering van sosiale toestande wat mense magteloos laat (Prilleltensky & Nelson, 1997; Rappaport, 1981). Om 'n gemeenskap te bemagtig kan die professionele persoon as fasiliteerder optree, terwyl die gemeenskap die vermoë ontwikkel om hul eie oplossings te genereer en beheer oor hul eie sake te neem:

“Neither the victim nor the environment is blamed. Instead, the focus is on creating settings that empower segments of a community to control their own resources” (Levine & Perkins, 1997, p.395).

Die mensbeeld wat hier gereflekteer word, is een van humanisme, dat die mens beheer oor sy lewe het en kan deelneem aan gemeenskapsprosesse. 'n Veranderde rol van die professionele persoon is ook in hierdie doelwit te sien. Die professionele persoon word nie as 'n gesaghebbende beskou nie, maar eerder as 'n fasiliteerder en organiseerder.

□ **Alternatiewe dienste:** Binne die gemeenskapsielkunde word daarna gestrewe om alternatiewe en

vernuwende dienste aan te bied in die natuurlike omgewing waar mense lewe - in skole, welsynskantore, ontspanningsfasiliteite - nie net in klinieke of hospitale nie. Die fokus verbreed ook: hulp word nie net gegee om sielkundige probleme te hanteer nie, maar om mense te help om hulle lewensomstandighede te verbeter. Vanuit hierdie benadering is die oplossing van probleme nie net geleë in professionele sielkundige dienste nie, maar ook die koördinerings van dienste, die ontwikkeling van sosiale netwerke as hulpbronne en die ontwikkeling van bevoegdheids. Die sielkundige tree in hierdie vorm van dienslewering as opleier, koördineerder, aktivis of konsultant op (Levine & Perkins, 1997; Trickett, 1996). Deur die gebruik van nie-professionele persone as helpers word meer hulpbronne beskikbaar vir mense wat nie normaalweg sielkundige dienste kan bekom nie en dit dra by tot die ontwikkeling van die gemeenskap as geheel. Die mensbeeld wat hieruit blyk, is dat menswees medemenswees beteken en waar mense vir mekaar omgee, is die potensiaal dat gesondheid bevorder kan word. Demokratiese waardes en medemenslikheid is onderliggende aan hierdie doelwit.

- **'n Gemeenskapsgevoel:** 'n Verdere doelwit is om gemeenskappe te help ontwikkel waarin mense vir mekaar omgee. Sarason (1974, p. 157) beskryf die begrip "sense of community" as "an acknowledged interdependence with others, a willingness to maintain this interdependence by giving to or doing for others what one expects from them, the feeling that one is part of a larger dependable and stable structure." Medemenslikheid as waarde word ook hierin beklemtoon en die mens word gesien as in verhouding met ander mense.

Uit hierdie kort bespreking van enkele uitgangspunte van die gemeenskapsielkunde, blyk die onderliggende mensbeskouing wat in 'n groot mate versoenbaar is met die basiese aannames van die sisteemteorie wat in Paragraaf 2.2 bespreek sal word:

- Die mens is in wedersydse interaksie met die groter konteks waarin hy lewe en kan deur die verhoudings met ander mense geken word. Menswees impliseer dan ook medemenswees.
- Die mens is vry om keuses maak en strew na optimale funksionering. Die mens beskik oor bevoegdheids en kan besluite oor sy eie lewe neem. So kan die gemeenskap ook besluite oor gemeenskapsfunksionering neem.
- Die mens heg sy eie betekenis aan sy omgewing en ervaring - daarom is daar meervoudige realiteite en diversiteit.
- Die mens is altyd in 'n proses van verandering en ontwikkeling.

Die waardes wat in die gemeenskapsielkunde beklemtoon word, is hoofsaaklik die volgende:

- medemenslikheid en besorgheid oor mense se welsyn;
- die strew na die verbetering van lewenskwaliteit;
- self-gerigtheid en demokratiese deelname waarin samewerking bydra tot beter funksionering en
- sosiale regverdigheid, gelykheid en die erkenning van diversiteit.

Gebaseer op hierdie waardes, is die rol van die gemeenskapsielkundige dié van deelnemer, fasiliteerder en konsultant. Dit is deur die gebalanseerde uitlewing van hierdie waardes wat die gemeenskapsielkunde kan bydra tot die ontwikkeling van die sielkunde en die funksionering in die gemeenskap.

Die bydrae wat die gemeenskapsielkunde tot dusver tot die sielkunde gemaak het, is grootliks geleë in die uitbreiding van die veld van dienslewering aan mense met probleme (Zax, 1980). Gemeenskapsintervensies kan vanuit twee modelle bespreek word, naamlik die geestesgesondheidsmodel en die sosiale aksiemodel.

### **2.1.3 Intervensiemodelle in die gemeenskapsielkunde**

Die ontwikkeling wat deur die jare in die gemeenskapsielkunde plaasgevind het, is sigbaar in die ontwikkeling van die intervensiemodelle: vanaf 'n fokus op die individu, na hulp aan die gemeenskap of die groter konteks; en die verskuiwing van hulp vir sielkundige probleme, na hulp in die ontwikkeling van gemeenskappe. Die geestesgesondheidsmodel kan gesien word as 'n voorbeeld van 'n vorm van alternatiewe hulp aan individue met probleme, terwyl die sosiale aksiemodel eerder fokus op gemeenskapsontwikkeling. Beide hierdie intervensiemodelle is gebaseer op 'n modernistiese siening, waarin die inset in direkte verhouding met die verwagte uitset gesien word en die sielkundige in 'n gesaghebbende posisie tot die gemeenskap staan. Die tradisionele benaderings sal hier bespreek word, daarna sal die kritiek daarteen aangedui word en in paragraaf 2.2.4.4 sal dit in terme van die sisteembenadering geïnterpreteer word.

#### **2.1.3.1 Gemeenskapsgeestesgesondheidsmodel**

Die model se ontwikkeling het hoofsaaklik begin met die bevindings van die “Joint Commission on Mental Illness and Mental Health” wat tot stand gebring is as deel van die Amerikaanse Wet op Geestesgesondheid van 1955. Weens 'n gebrek aan sielkundige dienste, is aanbevelings gemaak vir die ontwikkeling van uitgebreide gemeenskapsdienste gebaseer op die behoeftes in die gemeenskap (Murrell, 1973; Sarason, 1974). Met 'n politieke onderbou, maar beperkte teoretiese grondslag, is die tradisionele sielkunde bedryf, maar binne gemeenskapstrukture (Murrell, 1973). By die Swampson Konferensie in 1965, wat gesien kan word as die amptelike geboorte van die gemeenskapsielkunde, is uitgangspunte vir die nuwe benadering uitgespel, naamlik 'n voorkomende perspektief en die gebruik van 'n ekologiese benadering (Duffy & Wong, 1996).

Binne die gemeenskapsgeestesgesondheidsmodel word geestesgesondheid gesien as 'n produk van die interaksie tussen die individu en omgewingsfaktore. Geestessiekte word steeds binne die psigiatriese raamwerk van simptome en diagnoses gesien, met die klem op voorkoming, diagnosering en behandeling



daarvan (Ahmed & Pretorius-Heuchert, 2001). Die gemeenskap word in hierdie benadering beskou as 'n geografiese konsep deurdat dienste vir 'n bepaalde geografiese area beplan en gelewer word binne uitgebreide gemeenskapsgesondheidsentrums (Mann, 1978). Van die grootste kritiek teen die gemeenskapsgeestesgesondheidsmodel is dat die professionele persoon steeds as gesaghebbende gesien word en dat dit steeds 'n individuele benadering tot geestesgesondheid bly. Die fokus is op die individu binne die gemeenskap en daar word min aandag aan gemeenskapsprosesse en veranderinge op gemeenskapsvlak gegee. Die interaksie tussen die individu en die omgewing word binne hierdie model verstaan as omgewings- en sosiale kragte wat die ontwikkeling van die mens fasiliteer of verhinder (Appelbaum, 1995). Dit is met ander woorde 'n lineêre-kousale siening dat die omgewing die mens beïnvloed, wat in hierdie model ingesluit word. Die enigste werklike verandering wat binne die gemeenskapsgeestesgesondheidsmodel plaasgevind het, is die aanvaarding van voorkoming as 'n uitgangspunt en die uitbreiding van die hulpverleningstelsel deur van nie-professionele persone binne 'n stelsel van konsultasiedienste in die gemeenskap gebruik te maak. Omdat konsultasie in hierdie navorsing as intervensiestrategie gebruik word, word kortliks daaraan aandag gegee.

#### 2.1.3.1.1 Konsultasie as intervensie

Geestesgesondheidskonsultasie word beskryf as 'n verhouding tussen minstens drie partye:

- 'n spesialis op 'n bepaalde terrein wat hulp verleen of leiding gee;
- 'n persoon in 'n hulpverleningshoedanigheid in die gemeenskap soos 'n onderwyser of verpleegkundige wat 'n invloedryke posisie in die gemeenskap beklee en
- kliënte in die gemeenskap wat hulp van die hulpverlener ontvang (Orford, 1992; Dougherty, 1995).

Die konsultasieverhouding behoort 'n vrywillige en samewerkende verhouding te wees waarin probleme opgelos kan word. Die konsultant is in 'n raadgevende hoedanigheid en die hulpverlener neem steeds besluite oor die bruikbaarheid van die oplossings en wat geïmplementeer kan word in die verhouding met die kliënt (Dougherty, 1995). Gemeenskapskonsultasie behels 'n tweeledige strategie om kennis en vaardighede te versprei na die konsulerende persone en dan *deur* hulle na 'n kliëntepopulasie of die gemeenskap. Caplan stel dit soos volg:

“It assumes that a top-down approach can, through the processes of enhancing and refining consultee skills; improving their judgemental and diagnostic capacities and developing their programmatic planning, result in a corpus of community health workers able to provide hands on, prudent and context appropriate assistance for their community based clients” (Appelbaum, 1995, p.18).

Caplan (1970) beskryf konsultasie as 'n indirekte proses van ontwikkeling en verandering van sosiale strukture. Die waarde van die konsultasiemodel is daarin geleë dat 'n klein aantal konsulerende sielkundiges 'n groot aantal kliënte in die gemeenskap op indirekte wyse kan bereik. Die natuurlike hulpgewers word ook deur die konsultasieproses bemaagtig om in hulle gemeenskappe te help met die

hantering van probleme wat voorkom. Op hierdie wyse kan professionele kennis deursyfer deur 'n netwerk van verhoudings en bydra tot die ontwikkeling van geestesgesondheid in die gemeenskap (Caplan, 1974).

Daar is 'n rykdom van literatuur waarin die waarde van nie-professionele hulpgewers of geestesgesondheidswerkers beskryf word. In 'n verskeidenheid ondersoeke is bevind dat die nie-professionele persoon dikwels net so suksesvol as professionele hulpverleners is (Hattie, Sharpley & Rogers, 1984; Humphreys & Rappaport, 1994). Die sukses van die nie-professionele persoon word veral daaraan toegeskryf dat hy/sy deel is van die gemeenskap wat gehelp moet word, veral as daar oor kulturele grense heen gewerk word. Die sukses van die konsultasieproses en gebruik van geestesgesondheidswerkers hang egter nou saam met die keuring, opleiding en ondersteuning wat hierdie werkers kry (Cowen, Hightower, Pedro-Carroll, Work & Wyman, 1996; Frankel, 1992; World Health Organization, 1989; 1990a).

Gemeenskapsgeestesgesondheidskonsultasie fokus veral op vier konsultasieareas wat in twee kategorieë verdeel kan word:

- Kliënt-gesentreerde en konsultant-gesentreerde konsultasie behels dat die professionele persoon die hulpgewer help om hulp aan 'n bepaalde kliënt te gee of om die hulpgewer se vermoë om hulp te gee, help ontwikkel.
- Programgesentreerde en organisasiekonsultasie behels hulp in die ontwikkeling van gekoördineerde programme van dienslewering en om die ontwikkeling van sosiale beleid te fasiliteer (Caplan, 1970; Dougherty, 1995).

Beide hierdie vorms van konsultasie word in die implementering van die lewensvaardigheidsprogramme in skole gebruik. Die implementering van die programme bly egter die verantwoordelikheid van die onderwysers as hulpverleners.

Deur die gemeenskapsgeestesgesondheidsmodel het nuwe geleenthede tot hulpverlening in die gemeenskap ontwikkel. Smith en Hobbs (1970, p. 34) is baie positief oor die implikasies van die uitbreiding van die hulpverlening en skryf: "If communities rise to this opportunity the implications for mental health and the quality of life are immense." Deur 'n proses van konsultasie kan die sielkundige standhoudende bronne van hulpverlening in die gemeenskap vestig en die hele gemeenskap daardeur help. Die sukses van die konsultasiebenadering hou egter verband met die groot aantal prosesse: die verhoudings tussen die onderskeie partye, die vaardigheidsvlak van die hulpgewer, die ondersteuning van die konsultant en die verwysingsbronne wat in die gemeenskap beskikbaar is en die aanvaarbaarheid van die hulpstelsel vir die gemeenskap (Frankel, 1992). Saam met die teoretiese ontwikkeling in die gemeenskapsielkunde het die rol van die konsultant egter ook verander (Paragraaf 2.2.4.4).

### 2.1.3.2 Die sosiale aksiemodel

Die model het ontwikkel uit die anti-armoede beweging in die VSA en is gerig op die ontwikkeling van mense op die grondvlak in 'n sogenaamde “bottoms up” benadering. Die doel was om mense se omstandighede te probeer verbeter deur die mobilisering en koördinerings van gemeenskapshulpbronne en die stimulerings van self-helperskemas en entrepreneurskap in arm gemeenskappe (Mann, 1978). Die fokus was nie meer op individue of hulpinstellings nie, maar op die gemeenskap en ontwikkeling van lewenskwaliteit in die gemeenskap deur kollektiewe aksie.

Die gemeenskap word in die sosiale aksiemodel gesien as geografiese en sosio-politieke konsep. 'n Gemeenskap word beskou as 'n groep mense wat saam bly en dieselfde sosiale en materiële toestande deel - 'n siening van gemeenskap as kollektiewe mag wat 'n sosiale orde in stand kan hou of dit kan verander (Heller, 1989). Gemeenskapsontwikkeling word gedefinieer as 'n proses waardeur toestande van ekonomiese en sosiale vooruitgang ontwikkel word deur die inisiatief en aktiewe deelname van die hele gemeenskap (Levine & Perkins, 1997). In die sosiale aksiemodel word gefokus op die bemagtiging van mense wat beperkte hulpbronne het, en die ontwikkeling van leierskap in die gemeenskappe. Die sosiale beleid en onregverdigte strukture word uitgedaag, druk toegepas om hervormingsaksies te loods in die belang van die gemeenskappe en die herverspreiding van mag om mense se beheer oor hul eie lewens te verhoog (Ahmed & Pretorius-Heuchert, 2001; Jason, 1991; Rappaport, 1981; Sarason, 1974). Strategieë om dit te doen, behels die bewusmaking van die bestaande ongelykhede, betrokkenheid van die gemeenskap, opbou van koalisië en die ontwikkeling van 'n ondersteuningsbasis vir 'n bepaalde saak, konfrontasie en direkte aksie. Die doel is dikwels 'n vorm van politieke of beleidsverandering wat die ontwikkeling in 'n gemeenskap moontlik maak (Jason, 1991; Levine & Perkins, 1997).

Sosiale aksie kan op twee maniere 'n voorkomende effek in die gemeenskap hê:

- Die gemeenskap raak georganiseer en bou die kapasiteit op om moeilike situasies te hanteer.
- Deur hulpbronne en ondersteuningstelsels te ontwikkel, word positiewe aanpassing van gemeenskapslede bevorder.

Die aanname is: “Community change will be accomplished most effectively through participation of local citizens in goal determination and in action” (Levine & Perkins, 1997, p. 396) - een van die beginsels van aksienavorsing. Die veranderingsproses wat in hierdie model voorgestel word, is baie soortgelyk aan die sisteemteorie se siening van verandering soos beskryf in Paragraaf 2.2.4.3.

Geestesgesondheid word volgens hierdie model beoordeel as die funksionaliteit of disfunksionaliteit van gemeenskappe as geheel. In hierdie model word aandag gegee aan die verandering binne sosiale sisteme om geestesgesondheid te bevorder. 'n Gesonde gemeenskap bestaan hiervolgens uit mense wat die vermoë en geleentheid het om oplossings te genereer en geleenthede te benut, kennis het waar en hoe om hulpbronne

te bekom en die trots, optimisme, en motivering om hul saak te bevorder (Levine & Perkins, 1997) - soortgelyk aan die sistemiese siening soos beskryf in Paragraaf 2.2.4.1. Hierteenoor word ongesonde gemeenskappe gesien as hulpeloos en magteloos om iets aan hul eie situasie te doen - dit kan verband hou met strukturele ongelykheid en gemeenskapsvervreemding. Sielkundige en psigiatriese probleme word veral gesien as gesetel in die onvanpaste en destruktiewe sosiale sisteme waarin mense hulle bevind (Jason, 1991; Murrell, 1973) - ook soos vanuit die sisteembenadering.

Hoewel die intervensies vanuit hierdie model soms gesien word as 'n letterlike "war on poverty" (Heller *et al.*, 1984) en vraagstukke rondom vryheid/determinisme en die verskuiwing van magsverhoudings steeds onduidelik is (Appelbaum, 1995), het hierdie model bygedra tot die ontwikkeling van die sielkundige begrip van gemeenskapsprosesse. Deur die sosiale aksiemodel het sielkundiges betrokke geraak by die beleidmakingsproses, bewus geraak daarvan dat die ekonomiese en sosiale strukture verband hou met die ontwikkeling van geestesongesondheid en dat verandering moontlik is deur aksies te loods waarin mense op grondvlak betrokke is (Mann, 1978). Hierdie model ontwikkel ook uit die praktyk en is 'n poging vanuit die sielkunde om die individueel-georiënteerde raamwerk te vervang met 'n sosiaal-georiënteerde raamwerk. Hierdie model fokus op die gemeenskap as 'n groter sisteem en kyk na die rol van organisasies, instellings en wetgewing in die herkonstruering van verandering en sosiale beleid. In hierdie benadering word gefokus op die proses van sosiale verandering (Ahmed & Pretorius-Heuchert, 2001).

Die intervensie wat in hierdie navorsing geëvalueer word, is 'n voorkomende program waarin die projekbestuur van die Onderwysdepartement as konsultante optree vir onderwysers wat die program in die skole implementeer. Omdat 'n sosiale veranderingsproses in die skool nodig is om die program te implementeer, word elemente van die sosiale aksiemodel gebruik. Deur byvoorbeeld 'n komitee in elke skool te verkies wat verantwoordelikheid vir die program aanvaar, word lede uit die skoolgemeenskap betrek by die beplanning en implementering van die intervensie in die skool en kan die skoolgemeenskap beheer oor die implementering van die intervensie neem.

### 2.1.3.3 Kritiek op die intervensiemodelle

Hierdie intervensiemodelle het hoofsaaklik uit die praktyk van die geestesgesondheidsbeweging ontwikkel. Appelbaum (1995) wys op 'n aantal tekortkominge en teenstydhede in die modelle wat hoofsaaklik voortvloei uit epistemologiese en ontologiese vraagstukke wat nog nie vanuit die gemeenskapsielkunde beantwoord is nie. Daar is 'n soeke na nuwe oplossings, maar daar het min verandering plaasgevind in die denke oor gemeenskapsprobleme en tipes oplossings wat moontlik is. Appelbaum (1995, p. 46) stel dit soos volg:

"This is in essence because new remediative and preventative proposals, since they are underpinned by old epistemological tenets, tend to generate the same sort of issues and problems which they

were in effect designed to overcome. In short, they tend to produce more of the same.”

‘n Probleem in die bogenoemde modelle is dat daar vanuit die paradigma van liniële denke gewerk word, waarin daar aangeneem word dat daar direkte verbande bestaan tussen gebeure en wat mense doen, en tussen intervensies en die uitkoms daarvan. Hiervolgens word aanvaar dat die intervensie direkte gevolge in die gemeenskap het. In hierdie benaderings word die outonomie van die gemeenskap, hul unieke betekenisgewing en die kompleksiteit van die gemeenskapsprosesse nie in ag geneem nie en kan dit die effektiwiteit van intervensies benadeel. Die gemeenskap kan byvoorbeeld konsultasiediens as afskeepdiens ervaar en nie as die ontwikkeling van hul hulpbronne nie. Die gemeenskap se betekenisgewing en die mobilisering van hul eie hulpbronne speel eerder 'n rol in die proses van verandering. In ‘n sirkulêre, refleksiewe siening word die realiteit gesien as ‘n ontwikkelende proses waarin daar teenstrydighede opgesluit is en daar altyd alternatiewe interpretasies is (Keeney, 1983). Om die kompleksiteite van gemeenskappe en gemeenskapsintervensie te kan verstaan, is ‘n paradigmaskuif nodig om vir die gemeenskapsielkunde ‘n epistemologiese raamwerk te ontwikkel waarvolgens effektiewe gemeenskapsintervensies beplan kan word. Binne hierdie raamwerk kan intervensiemetodes uit bogenoemde modelle steeds gebruik word.

Binne hierdie modelle word die gemeenskapsielkundige gesien as ‘n buitestaander wat objektief kan waarneem wat in die gemeenskap gebeur, sonder om die impak van die waarneming op die gemeenskapsprosesse in ag te neem. Aannames word dikwels óór die gemeenskap gemaak en aan die gemeenskap toegeskryf, hoewel dit dikwels die konsultant se eie betekenisgewing is. In hierdie modelle word intervensies soms ook voorgestel gebaseer op normatiewe doelwitte - doelwitte hoe dit behoort te wees wat moontlik ekstern tot die gemeenskap kan wees (Fuks, 1998) en besluite word namens die gemeenskap geneem. Die interaksie tussen die konsultant, die intervensie en die gemeenskapsprosesse word nie in ag geneem in die evaluering van intervensies nie. Daar word ook nie aandag daaraan gegee dat die intervensie moontlik kan bydra tot die afhanklikheid en magteloosheid van die gemeenskap of dat verandering juis *nie* in die gemeenskap plaasvind nie (Appelbaum, 1995; Rappaport, 1981). Dit vind veral plaas waar die gemeenskapsintervensie gedoen word vanuit ‘n outoritêre posisie. Die gemeenskap se gebrek aan verandering word dan geïnterpreteer as gesetel in die gemeenskap en as weerstand teen verandering en nie as produk van die interaksie tussen die konsultant en die gemeenskap nie. Die gemeenskap kry dikwels nie die geleentheid om in ‘n samewerkingsverhouding met die konsultant, gedeelde betekenis te ontwikkel om verandering vanuit die gemeenskap te fasiliteer nie (Fuks, 1998).

Die ontwikkeling van die ekologiese benadering waarin klem gelê word op die mens-omgewing-interaksie kan reeds gesien word as ‘n gedeeltelike paradigmaskuif binne die gemeenskapsielkunde. In die ekologiese benadering word veral die kompleksiteit van die prosesse in die gemeenskap verreken.



## 2.1.4 Die ekologiese benadering

“‘Ecology’ is a fundamental metaphor or analogy in community psychology, embodying both the structure of a scientific paradigm and a specific set of values” (Levine & Perkins, 1997, p.112.). Die aanname word gemaak dat daar genoeg ooreenkomste is tussen die ekologiese biologie en die vraagstukke wat die sielkundige bestudeer, dat die konsepte ook gebruik kan word in die beskywing van sosiale prosesse. Ekologie beteken, as daar na die Griekse oorsprong van die woord teruggegaan word, “the study of houses within which organisms live” (Levine & Perkins, 1997, p.113). Sosiale ekologie verwys dan na die bestudering van die omgewing waarin mense lewe. Kurt Lewin se beroemde vergelyking  $B=f(P,E)$  – gedrag is ‘n funksie van die interaksie tussen persoonlikheid en die omgewing - vorm die grondslag vir die ekologiese benadering tot die gemeenskapsielkunde. Hierdeur beklemtoon hy die interafhanklike verhouding tussen die mens en sy omgewing. Hoewel daar ‘n aantal voorstanders van die ekologiese benadering is wat elk sy bydrae tot die ontwikkeling van die benadering gemaak het, soos Moos (1973), Barker (1968) en Bronfenbrenner (1979), is dit die werk van Kelly en Trickett (Kelly, 1966; Trickett, 1984; Trickett, Kelly & Vincent, 1985) wat die hoeksteen van die ekologiese benadering tot gemeenskappe vorm. Die vier ekologiese beginsels wat gebruik word as die teoretiese hoekstene van die ekologiese raamwerk en waarvolgens sosiale kontekste verstaan en intervensies beplan kan word, word vervolgens bespreek.

### **2.1.4.1 Beginsels van die ekologiese benadering**

Die volgende vier beginsels uit die biologiese ekologie word van toepassing gemaak op sosiale sisteme.

#### 2.1.4.1.1 Interafhanklikheid

Gemeenskappe kan verstaan word as komplekse sisteme wat gekenmerk word deur die interafhanklikheid van die samestellende dele. Hierdie interafhanklikheid kom voor in drie tipes verhoudings, naamlik die verhouding tussen lewende en nie-lewende dele, lewende en ander lewende dele en die strukturele en funksionele dele van die omgewing (Mann, 1978). Die dinamiese interaktiewe skakeling tussen dele “accounts for the tendency of movement in one aspect of a community to reverberate, often differently, throughout other aspects of the community” (Trickett, 1984, p. 267). Die effek van ‘n intervensie kan daarom nie volgens liniële oorsaak-gevolg-verhoudings voorspel word nie. Hierdie beginsel dui ook daarop dat die konsultant en die gemeenskap in ‘n bepaalde interaksieproses is in elke stap van die intervensie en dat hulle mekaar wedersyds beïnvloed. Hierdie beginsel beklemtoon die kompleksiteit van die interaksie tussen dele in ‘n gemeenskap binne ‘n sirkulêre oorsaaklikheidsmodel en lê die grondslag vir ‘n nuwe perspektief op gemeenskapsintervensies. Hierdie beginsel is ook die grondslag van die sisteemteorie, soos bespreek in Paragraaf 2.2.2.

#### 2.1.4.1.2 Die voorsiening van hulpbronne

In die biologiese ekologie dui hierdie beginsel op die kringloop van energieverbruik deur die verskillende lede van die biologiese gemeenskap. Die verhouding tussen die dele van die ekologiese sisteem en die prosesse wat tussen hulle plaasvind word duidelik in die bestudering van hulpbronnuitruiling. (Byvoorbeeld, die voedselketting in die natuur). Hulpbronne in sosiale gemeenskappe is byvoorbeeld geld, tyd, mannekrag en politieke mag. Dit kan ingedeel word op verskeie vlakke soos persoonlike hulpbronne (byvoorbeeld kognitiewe vaardighede, beroepstalente), kollektiewe hulpbronne (byvoorbeeld sosiale netwerke, dienslewingsorganisasies) en makro sosiale hulpbronne (soos verhoudings tussen dienslewingsorganisasies, beleid van die plaaslike regering) (Toro, Trickett, Wall & Salem, 1991).

'n Intervensie in die gemeenskap behels volgens hierdie beginsel die verandering in die manier waarop hulpbronne bekom en gebruik word. Voordat enige intervensie dan moontlik is, is dit nodig om te weet hoe die gemeenskap self hulpbronne ontwikkel, voorsien en gebruik. Dit is nodig om die konteks te verstaan: "Searching out who or what contributes to the development of the setting and where the interpersonal competencies and institutional strengths lie" (Trickett, 1984, p. 267). Hierdie hulpbronne kan dan gebruik word in die veranderingsproses of die gemeenskap kan geleer word hoe om hulpbronne te bekom of te ontwikkel.

Hierdie beginsel verklaar hoekom baie gemeenskapsintervensies nie daarin slaag om die status quo te verander nie. Wanneer die konsultant nie die gemeenskap se werksyfes verstaan nie of nie 'n verandering in die voorsiening en benutting van hulpbronne kan fasiliteer nie, word dieselfde hulpbronne net weer op dieselfde manier gebruik en vind geen verandering plaas nie (Sarason, 1996). Die benutting van tyd en mannekrag in skole kan as voorbeeld gebruik word: 'n Nuwe projek om lewensvaardighede aan leerders te leer word beoog, maar terselfdertyd is daar 'n besnoeiing van mannekrag. Met krimpemde hulpbronne is dit dalk moeilik om programme uit te brei.

#### 2.1.4.1.3 Aanpassing

Elke konteks bevorder sekere gedrag en beperk ander gedrag deur norme, waardes, rolle en geleenthede. Aanpassing beskryf die proses waardeur mense hul werksyfes of gewoontes verander om in te pas by die prosedures daargestel deur die sosiale omgewing of om die beskikbaarheid of verandering in hulpbronne te hanteer (Levine & Perkins, 1997). Dit behels ook die prosedures wat gebruik word om verandering in die konteks te bewerkstellig, waarin mense met hulle bepaalde waardes en werksyfes kan funksioneer. Dit word gedoen deur die formulering van gedrags- en sosiale reëls binne die konteks. Sosiale interaksiepatrone kan gesien word as aanpassingsinteraksies in die bepaalde situasies.

Hierdie beginsel beklemtoon die vryheid en aanpasbaarheid van die mens. Elke mens of gemeenskap pas

aan deur die maak van keuses en die formulering van sosiale reëls binne die omstandighede. Verskillende groepe mense kan dan op verskillende maniere aanpas by 'n bepaalde konteks. Sielkundige probleme word dan gesien as 'n refleksie van die interaksie met die konteks wat aansluit by die sisteemteoretiese siening daarvan (Paragraaf 2.2.4.1).

#### 2.1.4.1.4 Opeenvolging

Omgewings is nie staties nie, maar voortdurend in 'n proses van natuurlike ontwikkeling. Trickett (1984, p. 267) beskryf die beginsel in die biologiese ekologie soos volg:

"Succession provides the orientation for a long-range time perspective on biological communities by assessing how, as time passes and environmental conditions change, new forms of life arise, old forms cease or take a different nature, and the biological community itself develops a new character, with new abilities to evolve under select conditions and new vulnerabilities under others."

Gemeenskappe is hiervolgens dinamies en evolusionêr van aard. Deur ontwikkelingsprosesse in die gemeenskap te bestudeer, kan die gemeenskapsprosesse beter verstaan word. Hierdie beginsel beklemtoon die noodsaaklikheid om die implikasies van intervensies oor die kort- en langtermyn te bestudeer, want interaksie vind voortdurend plaas en verandering hou verband met die balans tussen interne hulpbronne en eksterne gebeure. Verandering mag moontlik eers oor 'n lang tydperk sigbaar wees. Die bestudering van veranderingsprosesse bied ook die geleentheid om die intervensie voortdurend aan te pas volgens die behoeftes in die gemeenskap (Trickett *et al.*, 1985) - soos wat in aksienavorsing gedoen word.

#### 2.1.4.2 **Gebruik van ekologiese beginsels in gemeenskapsintervensies**

Om ekologies te dink, beteken volgens Trickett *et al.* (1985) om mense, situasies en gebeure as hulpbronne vir positiewe ontwikkeling te sien, om die konteks te verstaan en om deur die intervensie gemeenskapshulpbronne te bestuur en te bevorder. Tydens die intervensie ontwikkel 'n konteks waarin die konsultant en die gemeenskap saamwerk in die beplanning en implementering van 'n intervensie. Gemeenskapsbetrokkenheid is nodig omdat die hulpbronne en energie vir verandering in die gemeenskap geleë is. "The goal of this work is to create connections between the intervention and the setting which are strong and durable enough to enable the intervention to endure over time" (Trickett *et al.*, 1985, p. 301). Navorsing en intervensie behels dan 'n langtermyn wederkerige en deelnemende verhouding waarin die huidige funksionering van die gemeenskap eers bestudeer word en hulpbronne dan in 'n proses van aanpassing in die gemeenskap ontwikkel. Intervensies is situasie-spesifiek, wat beteken dat as 'n intervensie in een gemeenskap effektief was, dit nie noodwendig dieselfde uitkoms in 'n ander gemeenskap sal hê nie (Toro *et al.*, 1991).

'n Intervensie is 'n proses van interaksie en gedeelde ervaring tussen die gemeenskap, die navorser en die bevindings waartoe gekom word. Die navorser se taak is om verbande te sien soos wat dit ontwikkel en om geleenthede te gebruik soos dit opduik. "Community research is an intervention into the ongoing flow of community life" (Trickett *et al.*, 1985, p. 284). Die proses van aksienavorsing wat in Paragraaf 5.2.2 bespreek word, neem baie van die beginsels van die ekologiese benadering in die uitvoer van navorsing in ag. Die interafhanklikheids- en opeenvolgingsbeginsel dui op die noodsaaklikheid om die gemeenskap se reaksie op 'n intervensie oor 'n periode te monitor. "A longitudinal focus on research as a catalyst for creating and maintaining resources makes it more likely that any products of the research will endure over time" (Levine & Perkins, 1997, p. 115).

#### 2.1.4.3 Die ekologiese teorie as uitgangspunt vir die gemeenskapsielkunde

Die ekologiese benadering bied 'n alternatiewe raamwerk waarbinne gemeenskapsprobleme en intervensies gekonseptualiseer kan word. Appelbaum (1995) beskou die ekologiese benadering as 'n betekenisvolle skuif na 'n nuwe paradigmatische posisie in die gemeenskapsielkunde. Die interafhanklikheidsbeginsel gee aandag aan die verhouding tussen dele en die konteks in 'n groter geheel. Daar word ook wegbeweeg van die tradisionele reglynige oorsaak-gevolg modelle en aanvaar dat intervensies nie 'n eenduidige effek op 'n gemeenskap het nie (Trickett *et al.*, 1985).

Die ekologiese benadering gaan egter nie ver genoeg om die kompleksiteite in gemeenskapsintervensies te verklaar nie:

- Die benadering maak nie voorsiening vir die verduideliking hoe verandering in die gemeenskap plaasvind nie.
- Die klem val steeds op die invloed van die omgewing op gedrag en nie op die sirkulariteit van prosesse nie.
- Die proses van individuele en gedeelde betekenisgewing is nie deel van die benadering nie.
- Die impak van die konsultant in die proses van intervensie word nie in in ag geneem nie.

Appelbaum (1995, p.72) som die waarde van die ekologiese benadering in die gemeenskapsielkunde soos volg op:

"Whilst it is able to lead community psychology along the bridge towards new epistemological territory (towards a new way of understanding and knowing), it has not provided community psychology with a sufficiently clear map of the new territory to enable it to, at some stage, cross the bridge towards the realisation that knowing is indeed being and that the territory becomes indeed synonymous with the map."

Dit dui daarop dat die epistemologiese uitgangspunt van die ekologiese benadering steeds beperk is en nie ruimte gee vir die konsep meervoudige realiteite nie (ekosistemiese prosesse) en ook nie kan erkenning

gee aan die konsep van gedeelde betekenisgewing aan die realiteite nie (sosiaal konstruksionisme).

Omdat daar in die gemeenskapsielkunde met komplekse interaksiepatrone tussen veelvuldige rolspelers op veelvuldige gemeenskapsvlakke gewerk word, en die huidige teorieë nie voldoende is om die kompleksiteite wat in die gemeenskap waargeneem word, te verstaan nie, word die moontlikheid om die sisteemteorie as epistemologiese raamwerk vir die gemeenskapsielkunde te aanvaar, ondersoek. In die bespreking van die sisteemteorie word veral aandag gegee aan die beskouing van die gemeenskap as 'n self-regulerende netwerk van verhoudings en die implikasies wat dit vir gemeenskapsintervensies het.

## 2.2 SISTEEMTEORETIESE UITGANGSPUNT

Hoewel die ekologiese benadering reeds klem lê op sleutelaspekte van die sisteemteorie, soos interafhanklikheid, aanpassingsprosesse en die opeenvolging van gebeure, word die sisteemteorie onderlê deur 'n ander epistemologiese raamwerk. Bateson (1979) beskryf 'n epistemologiese raamwerk as die stel reëls waarvolgens 'n navorser die aard van die realiteit definieer. Dit gee dus 'n aanduiding van die manier van dink oor die realiteit, aard van kennis ingewin en tipe besluite wat geneem word. Sisteemdenke beweeg weg van die eenvoudige en enkelvoudige oorsaaklike verhoudings en meganistiese denke onderliggend aan die tradisionele gemeenskapsielkunde en fokus op sirkulariteit, die kubernetika, patrone van interaksie en veranderingsprosesse (Appelbaum, 1995).

Die sisteemteorie het 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis as 'n interdisiplinêre epistemologiese raamwerk (Capra, 1997). Die sisteemteorie word gebou op 'n verskeidenheid aannames en eienskappe van sisteme wat veral in die natuurwetenskappe waargeneem is, maar ook oortuigend in sosiale sisteme gebruik kan word (Bateson, 1979; Capra, 1997; Hanson, 1995; Keeney, 1983). Binne die sisteemteorie was daar 'n aantal ontwikkelinge waarin veral die verhouding tussen die waarnemer of navorser en die waargenome of die gemeenskap ontwikkel het. In die algemene sisteemteorie of eerste-orde kubernetika word die rol van die navorser gesien as waarnemer van die prosesse wat buite hom gebeur en word die prosesse wat in die gemeenskap plaasvind, beskryf (Miller & Miller, 1992). In die ekosisteemteorie of tweede-orde kubernetika word die konsep van meervoudige realiteite aanvaar en die rol van navorser as deel van die navorsingsstelsel erken (Bateson, 2000; Keeney, 1983). Deur waar te neem vorm die navorser 'n konsepsie van die prosesse in die gemeenskap wat geïnterpreteer word in terme van die navorser se eie verwysingsraamwerk. 'n Verdere ontwikkeling was dié van die sosiale konstruksionisme waarvolgens die konsep van gedeelde realiteite tussen groepe beklemtoon word (Gergen, 1994). In hierdie navorsing word hoofsaaklik die ekosistemiese perspektief asook aspekte van die sosiale konstruksionisme gebruik as uitgangspunt.

In die volgende paragrafe word die uitgangspunte van die sisteemteorie uiteengesit en ondersoek hoe die



sisteemteoretiese beginsels as teoretiese begroning in die gemeenskapsielkunde van waarde kan wees.

### 2.2.1 Die waarnemer is deel van die waarneming

Een van die aannames van die ekosistemiese epistemologie is dat die soeke na kennis binne 'n konteks plaasvind en dat die waarnemer aktief deelneem aan dit wat hy waarneem. Die wêreld word gesien as 'n komplekse geheel waarin die navorser onderskeide maak, grense trek en betekenis heg aan aspekte van die groter geheel. Keeney (1983, p. 2) beskryf die verwantskap van die waarnemer en die waargenome soos volg:

“There is no direct correspondence between an event occurring ‘outside’ of us and our inner experience of it. The world as each one of us knows it is entirely constructed by ourselves.”

Hierdie siening weerspieël 'n radikaal sosiaal-konstruktivistiese siening, maar maak tóg die punt dat die navorser waarneem wat hy kan of wil waarneem of wat sy teoretiese verwysingsraamwerk hom toelaat om waar te neem. Dit wat waargeneem word, hou daarom verband met die waarnemer en sy verwysingsraamwerk - dit is *konstruksies* oor die realiteit en nie die realiteit self nie (Bateson, 1979). In die verhouding tussen die navorser en die gemeenskap wat nagevors word, vorm daar dan gedeelde konstruksies oor die realiteit (Gergen, 1994) waarin begrip vir die konteks ontwikkel. Hiervolgens is objektiewe waarneming nie moontlik nie en is die waarnemer deel van dit wat hy waarneem. Die uitgangpunt van die navorser en die gedeelde konstruksies wat gevorm is, moet daarom in ag geneem word in die resultate wat gekry word. Vir die wetenskap is die etiek van die waarneming, hoe die waarnemer deelneem aan die waargenome en die verantwoordelikheid waarmee waarnemings gemaak word, daarom van belang (Keeney, 1983).

In die wetenskaplike beskrywing gaan dit eerder om “seeing worlds of meaning rather than a single world – a way rather than the way” (Hanson, 1995, p. 85). In sisteemdenke word wetenskaplike kennis gesien as 'n netwerk van idees wat soos volg deur Capra (1997, p. 40) beskryf word:

“Nature is seen as an interconnected web of relationships, in which the identification of specific patterns as objects depends on the human observer and the process of knowing. This web of relationships is described in terms of a corresponding network of concepts and models, none of which is any more fundamental than the others.”

Alle konsepte en teorieë is daarom beperk en relatief, daarom is 'n eenduidige en volledige beskrywing van die realiteit nie moontlik nie. In die bestudering van enige situasie kan al die fasette van die konteks egter nooit ingesluit word nie, want daar is te veel. Wetenskaplike kennis kan daarom gesien word as benaderde beskrywings van die realiteit (Capra, 1997). Deur die epistemologiese raamwerk van die sisteemteorie kan die navorser bepaalde waarnemings oor die gemeenskap maak, prosesse en patrone bestudeer as benaderde beskrywing van die realiteit.

## 2.2.2 Die gemeenskap as 'n netwerk van verbandhoudende verhoudings

'n Gemeenskap kan volgens die sisteemteorie gesien word as 'n netwerk van verbandhoudende verhoudings. Waar die gemeenskap tradisioneel gedefinieer is as 'n geografies-gelokaliseerde konkreetheid, gee hierdie benadering erkenning daarvoor dat die blote definiëring van 'n deel van die werklikheid as 'n sisteem, 'n proses is wat verband hou met die navorsers se definiëring van dit wat bestudeer word. Die gemeenskap kan dan gesien word nie net as individue, rolle of gebeure nie, maar as sisteme van kommunikasie wat in 'n proses van interaksie, produksie en verandering is (Appelbaum, 1995). Wiener (1948, p. 24) het in sy oorspronklike denke oor die kubernetiese prosesse die sosiale sisteem beskryf as 'n organisasie "that is bound together by a system of communication, and that it has a dynamics in which circular processes of a feedback nature play an important role."

Soos in die ekologiese benadering word die klem geplaas op die geheel en die interafhanklike verhoudings tussen dele van die geheel. 'n Sisteem kan 'n fisiese entiteit wees, begrens deur konkrete grense. 'n Sisteem kan ook 'n konseptuele entiteit wees waar die grense abstrak en deur die waarnemer gepuntueer is. Volgens Capra (1997, p. 27) beteken 'n sisteem of netwerk "an integrated whole whose essential properties arise from the relationships between its parts". Sisteemdenke dui dan op die verstaan van 'n verskynsel binne die konteks van die groter geheel – dit gaan oor die verbande en verhoudings tussen dele binne die sisteem en met die groter konteks. Die eienskappe van die sisteem is geleë in die organisasie van die dele, dit wat uit die interaksie en verhouding tussen die dele na vore tree, maar nie teenwoordig is as die dele uitmekaargehaal word nie. Die eienskappe van byvoorbeeld die skool as sisteem, is nie net geleë in die leerders, leer materiaal en onderwysers nie, maar in die interaksie tussen die onderwysers en leerders binne die opvoedkundige konteks. 'n Sisteem is dus 'n funksionele geheel wat saamgestel word uit 'n aantal komponente of subsisteme wat, wanneer hulle saamgegroepeer word, 'n vlak van organisasie genereer wat fundamenteel verskil van die organisasie van ander groeperinge. Omdat hierdie komponente of subsisteme met mekaar en die geheel verband hou, beteken dit dat enige verandering in 'n komponent ook verandering in die groter geheel tot gevolg kan hê. Soos bespreek in die ekologiese benadering, is daar nie sprake van enkelvoudige oorsaak-gevolg veranderinge volgens sistemiese denke nie (Hanson, 1995).

Capra (1997) beskryf alle lewende sisteme as deel van 'n geïntegreerde geheel waarin alle verskynsels fundamenteel interafhanklik is en deel vorm van groter wordende netwerke. "An outstanding property of all life is the tendency to form multi-levelled structures of systems within systems" (Capra, 1997, p. 28). Op elke vlak van kompleksiteit het die verskynsel ander eienskappe en is daar reëls en prosesse wat nie noodwendig op laer vlakke van organisasie van toepassing is nie. Elkeen van die dele vorm 'n selforganiserende geheel met betrekking tot sy dele, maar is terselfdertyd deel van 'n groter geheel. "Since living systems at all levels are networks, we must visualize the web of life as living systems

(networks) interacting in network fashion with other systems (networks)” (Capra, 1997, p. 35). Die gemeenskap kan dan hiervolgens gesien word as ‘n hiërargiese ordening van netwerke.

Die organisasie van groterwordende sosiale sisteme soos voorgestel deur Bronfenbrenner (1979) kan hier as voorbeeld van netwerke in die gemeenskap gebruik word. Hy beskryf die omgewing in vier vlakke waarin die hoër vlakke die laer vlakke insluit. Die mens vorm hiervolgens deel van en is in voortdurende interaksie met die verskillende vlakke van die sosiale sisteem. Die vlakke is:

- die mikrosisteem soos die gesin en die skool waarmee die individu direkte interaksie het (byvoorbeeld gesinsinteraksies, verhouding met onderwysers en vriende);
- die mesosisteem wat die verhoudings tussen die onderskeie mikrosisteme insluit (byvoorbeeld sosiale programme en beleid wat verskeie mikrosisteme raak, die interaksie tussen onderskeie mikrosisteme);
- die eksosisteem of gemeenskaps- en omgewingsvlak (byvoorbeeld mediese hulp, die onderwysdepartement, ontspanningsgeriewe) en
- die makrosisteem wat groot en komplekse verhoudingspatrone behels (byvoorbeeld sosio-ekonomiese toestande, kulturele definiëring van gedrag).

Hiervolgens kan die gemeenskap volgens verskillende vlakke gekonseptualiseer word en elke vlak is in 'n netwerkverhouding met elke ander vlak. Blocher (1987, p.120) beskryf die gemeenskap as “complex human systems that depend on collective and cooperative efforts to achieve their objectives. They are formal organizations of organizations. The patterns of organization of the communities people form to meet their needs have almost an infinite variety.”

Die goedfunksionerende gemeenskap kan beskryf word as in 'n saamontwikkelende verhouding (“co-emerging”) met die groter konteks waarin dit voorkom (Hanson, 1995). Dit beteken dat veranderinge in die een netwerk saamhang met veranderinge in die ander netwerk. Goedfunksionerende gemeenskappe is ingeskakel by 'n wye verskeidenheid ander netwerke wat hulpbronnuitruiling moontlik maak. Waar gemeenskappe nie in voortdurende wisselwerking met die groter konteks of ander netwerke is nie, kan daar 'n gebrek aan kommunikasienetwerke, inligting en hulpbronnuitruiling wees en kan 'n gemeenskap se voortbestaan bedreig word (Dell, 1985; Swanepoel, 1992). Die hoë voorkoms van MIV/VIGS in areas waar daar ondervoorsiening van hulpbronne is, kan moontlik 'n aanduiding daarvan wees dat hierdie gemeenskappe nie in 'n saamontwikkelende verhouding met die groter konteks is nie. Prosesse in hierdie gemeenskappe gaan moontlik nie gepaard met inligtingsverspreiding en mediese sorg wat in die groter konteks ontwikkel nie.

Die gemeenskap kan dus deur die navorser gepunktueer word as ‘n netwerk van kommunikasiepatrone wat op verskillende vlakke van kompleksiteit gekonseptualiseer kan word. Die komponente binne die gemeenskap vorm netwerke van verhoudings wat in interaksie met mekaar en die groter konteks is. Om die funksionering van gemeenskappe as sisteme te verstaan, is die eienskappe van selfregulering en

outonomiteit essensieel. Dit word vervolgens bespreek.

### 2.2.3 Gemeenskappe as selfregulerende en outonome sisteme

Om die funksionering van 'n sisteem of netwerk te verstaan, is dit nodig om die kubernetiese siklusse, selfregulering en die outonomiteit van sisteme te verstaan as prosesse wat die voortbestaan en organisering van sisteme reguleer.

#### 2.2.3.1 Selfregulering

“Cybernetics suggests that all change can be understood as the effort to maintain some constancy and all constancy as maintained through change” (Bateson, 2000, p. 17). In sisteme is daar konstante verandering om die sisteem in balans te hou en daarom kan stabiliteit en verandering nie van mekaar geskei word nie – dit is soos die twee kante van dieselfde sistemiese munt. Keeney (1983) stel voor dat die term homodinamika gebruik word om die proses tussen stabiliteit en verandering te beskryf. Die konsep word beskryf as die selfregulerende meganisme van sisteme wat die sisteem toelaat om homself te handhaaf in 'n posisie van dinamiese balans, fluktuierend tussen bepaalde grense (Capra, 1997). Die sisteem neig dan altyd na 'n toestand van ewewig. Die voorbeeld van 'n koorddanser wat homself op 'n tou balansseer, kan gebruik word om die konsep te verduidelik. As die persoon se balans verminder, keer hy dat hy val, deur 'n beweging na die teenoorgestelde kant te maak. As daar dan te ver na die ander kant beweeg word, moet 'n verdere korreksie gemaak word, totdat sy balans weer herstel word. Die persoon beweeg dan voortdurend heen en weer tussen bepaalde grense om in balans te bly.

Hierdie proses van selfregulering van 'n sisteem word moontlik gemaak deur die kubernetiese proses wat deur Wiener (1948) beskryf word as die wetenskap van beheer en kommunikasie. Volgens die kubernetiese proses word terugvoer oor die huidige funksionering van die sisteem weer as inset in die sisteem gebruik. Sou daar 'n verskil wees tussen die huidige en die beoogde funksionering, is korrektiewe optrede deur die sisteem moontlik. Die koorddanser kry byvoorbeeld elke oomblik terugvoer oor sy huidige balans op die tou wat hom in staat stel om 'n aksie uit te voer om die balans te herstel. Die proses van terugvoer stel die sisteem in staat om 'n dinamiese balans te handhaaf (Capra, 1997). Volgens Bateson (1979) word die meerderheid lewende, ekologiese en sosiale prosesse beheer deur soortgelyke terugvoerproesse.

Twee tipes terugvoer word gedefinieer, naamlik negatiewe en positiewe terugvoer wat 'n aanduiding gee van die relatiewe rigting van verandering:

- Negatiewe terugvoer of selfbalansering bring die sisteem weer terug na 'n balansposisie en help sisteme om hulself te handhaaf binne die konteks.
- Hierteenoor is positiewe terugvoer self-versterkend deurdat die oorspronklike afwyking van die

balansposisie vergroot word. Verandering bly dus in dieselfde rigting plaasvind as wat reeds voorkom en kan 'n ongekontroleerde eskaleringseffek tot gevolg hê wat die voortbestaan van die sisteem kan bedreig. Positiewe terugvoer dra ook by tot verandering van patrone in die sisteem en dra by tot die sisteem se oorlewing in 'n veranderde omgewing (Hanson, 1995). (Positiewe terugvoering kan moontlik in 'n breër perspektief gesien word as deel van 'n groter patroon van negatiewe terugvoer. Die perspektief hang van die waarnemer se punktuasie van die sisteem af (Bateson, 1979)).

'n Balans tussen positiewe en negatiewe terugvoer is nodig vir aanpassing van sisteme binne die breër konteks. Die sisteem kan hierdeur sy funksionering reguleer deur dit in balans te hou of verandering aan te bring om steeds die organisasie te behou te midde van verandering in die groter konteks. Dit bring mee dat oorsaaklikheid nie as lineêl, maar as rekursief, interaktief en kontinuu gesien word. In sosiale sisteme impliseer dit dat waardeoordeel en blamering uitgeskakel word, omdat daar nie direkte en eenduidige oorsake aangedui kan word nie. Die klem val op die bestudering van die terugvoerprosesse wat verandering of stabiliteit tot gevolg het (Hanson, 1995).

Benewens terugvoer wat aandag aan die verlede en die hede as tydsgedimensies gee, kan die toekoms as tydsgedimensie ook huidige gedrag reguleer. Dit behels vooruitvoer wat verwys na die wyse waarop 'n sisteem reageer op grond van toekomsverwagtings. Dit behels pro-aktiewe optrede wat 'n sisteem gereed maak vir toekomstige aksie en om 'n bepaalde einddoel te bereik (Ford & Lerner, 1992). Ford (1987, p. 69) beskryf die kombinasie van terugvoer en vooruitvoer soos volg:

“When feedback and feedforward are combined, a dynamic control system potential emerges that can combine information about past, present, and projected future events to guide the flow of its current activity in a variable environment to either maintain or alter its current steady states.”

Vooruitvoer kom veral ter sprake as oor voorkoming en doelgerigte verandering in die gemeenskap gepraat word en word in Hoofstuk 3 bespreek.

In sosiale sisteme speel die sirkulêre proses van terugvoer ook 'n groot rol en kan moontlik gebruik word in die bestudering van gemeenskapsprosesse. Waar die terugvoering oor huidige funksionering in die sisteem gebruik word om die funksionering van die sisteem te verander, kan dit beskou word as 'n leerproses (Keeney, 1983). Selfregulering in die gemeenskap dui daarop dat gemeenskappe waar daar aktiewe netwerke van kommunikasie is, uit die foute wat hulle maak kan leer, want die gevolge van die foute sal deur die gemeenskap versprei en deur 'n proses van terugvoer na die oorsprong terugkeer. So kan die gemeenskap verander, homself reguleer en organiseer. Hoewel hierdie self-reguleringsproses teoreties moontlik is, is verandering in gemeenskappe 'n stadige proses, vind leer nie altyd plaas nie en is daar baie ander prosesse van toepassing in die funksionering van die sosiale sisteem wat self-regulering kan benadeel. Die MIV/VIGS epidemie kan as voorbeeld gebruik word. Die terugvoeringsproses oor die verspreiding van die virus is 'n stadige proses, aangesien daar eers na 'n lang inkubasieperiode tekens van siekte is. Hierdie lang terugvoersiklus het die gemeenskap se reaksie op die siekte met bykans twee



dekades vertraag. Die verhoogde voorkoms van MIV/VIGS-sterftes en die uitgebreide kommunikasie oor die epidemie, dien as terugvoer oor die huidige situasie wat 'n bewustheid in die gemeenskap vir die probleem kan meebring. Hoewel daar verskeie korrektiewe maatreëls beplan word (Department of Health, 2000b), is verandering 'n stadige proses en is daar verskeie prosesse op persoonlike, sosiale, kulturele, ekonomiese en politieke vlakke wat 'n rol kan speel in die gemeenskapsveranderingsproses.

'n Ander eienskap van selfregulerende sisteme wat moontlik die tot-dusver-stadige-reaksie op die MIV/VIGS-epidemie kan verduidelik, is Bateson (2000) se beskouing dat sisteme versteurings probeer teëwerk om stabiliteit te behou. As die versteuring van so 'n aard is dat dit nie maklik in die sisteem geassimileer kan word sonder grootskaalse interne herstrukturering nie, kan die selfkorrektiewe sisteme dit probeer omseil, soos om die "oë" toe te maak vir die waarheid of dit nie deel van die proses van persepsie te maak nie. "Disturbing information can be framed like a pearl so that it doesn't make a nuisance of itself" (Bateson, 2000, p. 435). Die sisteem kan dus die inligting kry, maar kan self besluite neem hoe die inligting hanteer gaan word of nie. Dit is wat moontlik gebeur met die terugvoering oor die MIV/VIGS-epidemie.

#### 2.2.3.1.1 Hoër-orde terugvoeringsprosesse

Wiener (aangehaal in Keeney, 1983) stel voor dat daar verskillende vlakke van terugvoer en terugvoerkontrole is wat die stabiliteit en verandering in 'n sisteem kan reguleer. Waar eenvoudige terugvoer 'n veranderlike se funksionering kan reguleer, behels hoër-orde terugvoering die interaksie wat die funksionering van 'n ander terugvoeringsiklus kan beheer. Hierdie hoër-orde terugvoeringsisteme kan voorgestel word in die vorm van die vlakke van logiese tipering - 'n komplekse multi-vlak voorstelling van prosesse en die klassifikasie daarvan. Bateson (1979) beskryf dit as 'n manier om na die prosesse tussen veelvuldige vlakke van funksionering te kyk.

Om die onderskeie vlakke van terugvoersiklusse te verduidelik, kan Bateson (1979) se voorbeeld van 'n motorbestuurder wat die spoedgrens oorskry, as voorbeeld gebruik word. Die motorbestuurder oorskry die spoedgrens en aktiveer daardeur die radarsensor van die verkeersbeampte. Die opdrag/reëls waarbinne die verkeersbeampte optree (kalibering), is dat hy 'n boete gee aan almal wat die spoedgrens oorskrei (selfregulerende sisteem in terme van verkeerspoed). Hierdie opdrag/kalibering wat die optrede van die verkeersbeampte reguleer, word gestel deur die plaaslike verkeershoof se opdrag aan die verkeersbeampte (tweede-orde terugvoersisteem). Die opdrag aan die verkeersbeampte word gebaseer op die beleid van die stadsraad om paaie veilig te hou (derde-orde terugvoersisteem), wat in stand gehou word deur die kiesers of die gemeenskap se verkiesing van die stadsraad (vierde-orde terugvoersisteem). Dit kan voorgestel word in terme van die vlakke van logiese tipering in Figuur 2.1.



Figuur 2.1 Hoër-orde terugvoersisteme

In hierdie voorbeeld word aangedui hoe 'n proses van interaksie gereguleer kan word deur verskeie vlakke van hoër-orde terugvoeringsisteme wat elk 'n eie sikliese terugvoersisteem vorm. Elke terugvoersisteem funksioneer volgens bepaalde reëls, (wat as kalibrering bekendstaan) wat die terugvoerprosesse reguleer. In die interaksie tussen verskeie vlakke van terugvoeringsisteme, reguleer die hoër-orde sisteme die laer-orde sisteme. Hoewel hierdie regulering in sommige situasies eenduidige beheer kan behels, kan dit aangevoer word dat daar meestal in sosiale sisteme nie eenduidige beheer oor interaksieprosesse is nie, maar dat die sisteem steeds self kan bepaal of daar binne die grense opgetree gaan word of nie. Bateson (2000) beklemtoon dit dat geen deel van 'n sisteem totale beheer kan uitoefen in die sisteem waarvan dit deel is nie. Byvoorbeeld, hoewel die motoris bewus is van die spoedgrens (reëls vir gedrag) en die moontlikheid van verkeerskaartjies (hoër-orde reguleringsmaatreëls), is dit die betekenis wat hyself aan beide prosesse heg (interne proses) wat die deurslag gaan gee oor hoe vinnig hy gaan ry. In sosiale sisteme kan daar ook interaksie wees tussen die onderskeie vlakke van terugvoeringsisteme. Die motoris kan byvoorbeeld vertoë rig dat die boete teruggetrek word of motoriste kan deur massa-aksie daarop aanspraak maak dat die verkeersbeleid verander word. Hoër-orde terugvoeringstelsels reguleer dus interaksieprosesse, maar ontnem sisteme nie van hul outonomieit nie. (Outonomieit word in Paragraaf 2.2.3.2 bespreek).

Hoër-orde terugvoer oor patrone van interaksie of oor 'n sosiale beleid dra by tot die handhawing of verandering van sosiale organisasies. Verandering in die rigting van leer, aanpassing en evolusie groei uit 'n proses van hoër-orde kontrole, omdat self-regulering in hierdie sisteme gekontroleer word. "For the survival and co-evolution of any ecology of systems, feedback processes must be embodied by a recursive hierarchy of control circuits" (Keeney, 1983, p.71). Waar daar nie hoër-orde kontrole is nie (terugvoer oor die terugvoer), kan dit ongekontroleerde eskalerings van gedragsprosesse tot gevolg hê wat uiteindelik die sisteem se bestaan kan bedreig. Byvoorbeeld, waar daar nie 'n verkeershoof is wat die gedrag van die verkeersbeampte kontroleer nie, kan die verkeersbeampte nalaat om die spoedbeperking toe te pas en boetes te gee, wat beteken dat daar geen kontrole oor die motorbestuurders se spoed is nie. Dit kan die proses van gedeelde betekenisgewing wat mense aan spoed en padveiligheid heg, verander wat weer die veiligheid van die paaie kan benadeel.

Die doel van intervensies in die gemeenskap, wat ook 'n vorm van hoër-orde terugvoersisteem is, is om die verskillende vlakke van terugvoerprosesse te identifiseer en terugvoerprosesse te aktiveer wat die versteurde ekologie in staat stel om selfkorreksie aan te bring.

### 2.2.3.2 Outonomieit en self-organisering in sisteme

Outonomieit is 'n eienskap van alle lewende sisteme. "A system's highest order of recursion or feedback process defines, generates and maintains the autonomy of a system ... Autonomy refers to the maintenance of a system's whole" (Keeney, 1983, p. 84). Die begrip outonomieit kan verduidelik word aan die hand van Maturana en Varela (1987) se onderskeid tussen patroon van organisasie en struktuur as komplementêre prosesse binne sisteme. Die organisasie, struktuur en proses as essensiële eienskappe van lewende sisteme is interafhanklik van mekaar en kan as drie onskeibare perspektiewe op die sisteem gesien word (Capra, 1997).

- Die **organisasie** van 'n sisteem is hiervolgens die samestelling van verhoudings tussen die komponente van die sisteem wat die essensiële eienskappe daarvan bepaal (Capra, 1997). Hierdie abstrakte verhoudings tussen dele gee aan die sisteem sy bepaalde identiteit as behorende tot 'n bepaalde kategorie of groep (byvoorbeeld 'n blom, 'n mens, 'n skool). Indien die organisasie van 'n sisteem sou verander, verander die identiteit van daardie sisteem. Byvoorbeeld, die onderrigsisteem is georganiseer in terme van 'n gesags- en vertrouensverhouding tussen 'n onderwyser en leerders. Sou hierdie verhouding verander, kan die identiteit van die onderrigsisteem verander. Prosesse in die sisteem is daarop gerig om die organisasie van die sisteem te behou.
- Die **struktuur** van 'n sisteem is die komponente waaruit die sisteem bestaan en die eienskappe van hierdie komponente. Volgens Maturana (in Capra, 1997) bepaal die struktuur van 'n sisteem met

watter gebeure die sisteem binne sy konteks in interaksie kan tree, sowel as hoe die sisteem tydens elk van hierdie interaksies optree. Daar kan verskillende strukture wees binne dieselfde organisasie. Die struktuur van 'n sisteem is ook nie staties nie en by lewende sisteme kan dit in elke interaksie verander - dit maak groei en aanpassing moontlik (Dell, 1985). Die dinamiese aard van lewende sisteme is hierin opgesluit. Byvoorbeeld, die onderrigsisteem bestaan uit leerders, onderwysers en leer materiaal. Die leerders wissel elke jaar en verskillende leerinhoudes kan aan leerders oorgedra word, terwyl dit steeds 'n onderrigsisteem bly.

- Die **proses** as derde komponent van 'n lewende sisteem, word dan gedefinieer as die skakel tussen die organisasie en die struktuur van die sisteem en behels die patroonmatige verandering wat hoofsaaklik daarop gerig is om die organisasie van die sisteem te behou.

Sisteme is outonoom en selforganiserend en reageer as geheel op insette van die omgewing. Die reaksie van 'n sisteem op eksterne insette, word deur die sisteem self bepaal, want die aard van die struktuur spesifiseer hoe die sisteem sal optree in bepaalde interaksies. "It is the system that specifies how it (the system) will behave, not the information" (Dell, 1985, p. 6). Hoewel die sisteem oop is vir *inligting*, is sisteme nie oop vir *beheer* deur ander sisteme nie (Fiedeldey, 1991). Dit is die interne prosesse van die sisteem wat die sisteem se reaksie op inligting van buite bepaal. Byvoorbeeld, in sosiale sisteme is dit interne prosesse soos die betekenis wat mense aan situasies heg of vorige ervarings wat 'n rol speel in hulle reaksie op verandering of 'n intervensie. Hier kan weer verwys word na die gemeenskap se reaksie op die MIV/VIGS-epidemie. Dit is kulturele gedragpatrone, ekonomiese realiteite en politieke prosesse wat 'n rol speel in die gemeenskap se reaksie daarop en nie die inset oor die gevaar van die virus en die verspreiding daarvan nie. Hierdie eienskap van 'n sisteem bring mee dat sisteme nie deur eksterne insette verander kan word nie, maar dat verandering net vanuit die sisteem self kan plaasvind. Dit beteken ook dat die reaksie van sisteme op eksterne insette nie voorspel kan word sonder kennis oor die interne prosesse in die sisteem nie. Om die interne prosesse van die sisteem te verduidelik word aandag gegee aan die konsepte ekwifinaliteit en multifinaliteit en die sosiale konstruksie van betekenis.

#### 2.2.3.2.1 Ekwifinaliteit en multifinaliteit

Twee terme wat gebruik kan word om die impak van intervensies in gemeenskappe te beskryf, is ekwifinaliteit en multifinaliteit. As die dinamika van 'n sisteem van so 'n aard is dat meer as een moontlike aanvanklike toestand van die sisteem mettertyd lei tot dieselfde uiteindelijke toestand, kan die sisteem as **ekwifinaal** beskryf word (Capra, 1997). Daar is 'n fundamentele verband tussen ekwifinaliteit en negatiewe terugvoer. 'n Sisteem wat hoofsaaklik uit negatiewe terugvoerslusse bestaan, is oor die algemeen ekwifinaal, omdat die negatiewe terugvoer aanvanklike afwykings vanaf die ewilibrum teëwerk. As die dinamika van 'n sisteem egter van so 'n aard is dat soortgelyke toestande mettertyd lei tot wyd uiteenlopende uiteindelijke toestande, is die sisteem **multifinaal**. So 'n sisteem word meestal

gekenmerk deur positiewe terugvoerlusse, omdat die positiewe terugvoer enige klein verskille in die aanvanklike toestand kan vergroot.

As 'n intervensie gesien word as deel van die aanvanklike toestand, kan hieruit afgelei word dat, afhangend van die prosesse in die sisteem, verskillende intervensies moontlik dieselfde uitkoms kan hê (ekwifinaal) of dat 'n intervensie verskillende gevolge in verskillende sisteme kan hê (Hanson, 1995). Die onvoorspelbare reaksie van sisteme op gebeure blyk ook uit Hanson (1995, p. 27) se beskrywing:

"Any action or inaction will reverberate through the entire system leading to unpredictable effects and sometimes effects that are precisely the inverse of the intended effect."

'n Intervensie wat in een sisteem suksesvol was, sal daarom nie noodwendig dieselfde impak in 'n ander sisteem hê nie, omdat sisteme hulself organiseer volgens hul interne prosesse - soortgelyk aan beginsels uit die ekologiese benadering. In programme gerig op die voorkoming van die verspreiding van die MIV-virus, impliseer dit byvoorbeeld dat 'n boodskap oor seksuele onthouding of gebruik van kondome nie noodwendig in elke gemeenskap op dieselfde manier ontvang sal word nie, omdat die strukture, organisasie en prosesse van gemeenskappe verskil. Dit dui ook daarop dat daar verskillende betekenisgewing in verskillende gemeenskappe is.

#### 2.2.3.2.2 Sosiale konstruksie van betekenis

Die konsep van meervoudige realiteite is reeds in Paragraaf 2.2.1 van toepassing gemaak op wetenskaplike denke, maar is 'n essensie in die gemeenskap as sosiale sisteem wat bestudeer word.

"Humans are meaning making. They have the capacity to create, reflect and interpret their worlds of experience ... Humans interpret and create a world of meaning that mediates all behaviour" (Hanson, 1995, p. 77).

Omdat elke mens sy eie betekenis aan situasies heg en elkeen "partial glimpses of the whole picture" (Keeney, 1983, p. 3) waarneem, is daar nie net een onbetwisbare realiteit nie, maar meervoudige realiteite waarop sosiale gedrag gebaseer word. Die mens reageer nie op objekte of gebeure nie, maar op die *betekenis* wat aan die objekte of gebeure geheg word, soos uitgedruk in terme van taal. Dit beteken dat elke persoon 'n eie realiteit kan ontwikkel, maar daar vorm ook gedeelde realiteite tussen groepe mense (Gergen, 1994), wat onder andere as kultuur beskryf kan word. Deur dialoog word kultuur voortdurend ontwikkel as 'n konteks vir die onderhandeling van betekenis en die validering van gedrag in die konteks (Fuks, 1998).

Om 'n proses van verandering in 'n gemeenskap te fasiliteer, is dit daarom nodig om die betekenis wat die gemeenskap aan die probleem en die rol van die konsultant heg, te verstaan en is dit nodig dat 'n gedeelde betekenis tussen die konsultant en gemeenskap ontwikkel. Saam met die gemeenskap kan daar dan nuwe gedeelde betekenis ontwikkel wat bydra tot beter funksionering in die gemeenskap. Inherent in elke verandering is daar fundamentele verandering in die konsepsie van kennis, gedagtes en leerprosesse



(Fuks, 1998). Op hierdie wyse kan die gemeenskap betrokke raak by die oplos van probleme en kan verandering vanuit die gemeenskap gefasiliteer word. In die gemeenskapsgeestesgesondheids- en sosiale aksiemodelle, soos bespreek in paragraaf 2.1.3, word die gemeenskap as outonome, self-organiserende sisteem se potensiaal tot selfregulering nie in ag geneem nie (Appelbaum, 1995) en intervensies selfs geïmplementeer sonder om die gemeenskap daarby te betrek. Geen twee gemeenskappe reageer ook dieselfde op intervensies nie en het die potensiaal om uit enige intervensie iets nuuts te ontwikkel wat inpas by hul eie struktuur en organisasie.

### 2.2.3.3 Onstabiele sisteme

Prigogine en Stengers (1984) onderskei tussen sisteme wat naby en ver van die ewilibrum fluktueer. In sisteme wat in ewilibrum is, word verstourings in die bestaande toestand in balans gehou deur self-reguleringsaksies, maar in sisteme ver van die ewilibrum af (sogenaamde “dissipative structures”) is die kragte minder stabiel en is die sisteem meer sensitief vir eksterne invloede. Klein verstourings kan dan groot fluktuasies tot gevolg hê wat die funksionering van die sisteem in wese kan verander. In hierdie sisteme word reëlmatighede nie meer gevolg nie en is dit moeilik om verandering te voorspel. Een van twee reaksies is moontlik: die gemeenskap kan disintegreer in chaos of nuwe strukture en patrone kan ontwikkel en die gemeenskap kan herstel na 'n hoër-orde van organisasie. Die aard van die herorganisasie is nie voorspelbaar is, maar reflekteer die interaksie tussen die sisteem en die omgewing (Ford & Lerner, 1992). Die beginsel hier ter sprake is: orde uit chaos. Hierdie beginsel het ontwikkel uit 'n aantal chemiese eksperimente en is daarna van toepassing gemaak op verskeie ander sisteme. Hoewel die toetsbaarheid van hierdie beginsel bevraagteken word, beskou Berman (1996) die "orde-deur-fluktuasie"-beginsel as 'n metafoer waardeur prosesse in die sosiale wetenskappe beskryf kan word.

In paragraaf 7.4.1.3 word geargumenteer dat die onderwysstelsel by tye van die navorsing moontlik in 'n onstabiele posisie was, waar te veel veranderings gelyktydig geïmplementeer word. Dit kan die stabiliteit van die sisteem in die gedrang bring of die reaksie op verandering in die omgewing teëwerk. Die onstabiele sisteem kan ook kreatiwiteit en herskeppingsmoontlikhede verhoog.

### 2.2.3.4 Bewuswees in sisteme

Gepaard met die gedagte van self-regulering en selforganisering in sisteme word die begrip bewuswees of kognisie (as term waarmee die konsep "mind" vertaal kan word) in sisteme gedefinieer as die proses *om te weet* (Capra, 1997). Die begrip bewuswees ("mind") hou verband met leer, geheue, besluitneming, persepsie, emosie en aksie. In menslike sisteme sluit die term ook taal en konseptuele denke in. Die begrip bewuswees vorm 'n belangrike deel van die funksionering van sisteme, want "mind is the essence of being alive" (Capra, 1997, p. 169).

Die vraag is: waarin is die bewuswees van die sisteem wat terugvoer ontvang, reageer op verskille en selfkorreksie kan toepas, geleë? In die sosiale sisteem kan geredeneer word dat die mens dink oor die terugvoer en dan bewustelike besluite neem. In die gemeenskap is dit moontlik dat gemeenskapsinstellings soos die gesondheidsprofessies of die Departement Gesondheid, wat deel van die korrektiewe funksie in die gemeenskap is, hierdie funksie kan beklee. Bateson (2000) dui egter aan dat een deel van die sisteem nie 'n beheerende funksie oor ander dele van die sisteem kan hê nie. Bateson (2000) en Maturana en Varela (1980) definieer egter nie die bewuswees van 'n sisteem as deel van enige komponent van die sisteem nie, maar as deel van die interaksieproses. "The mental characteristics are inherent or immanent, not in some part, but in the system as a whole" (Bateson, 2000, p. 316). Hy verduidelik dit aan die hand van 'n kontroleskakelaar in 'n masjien. Die kontroleskakelaar kan gesien word as die sensor wat verskille kan waarneem en boodskappe na ander dele van die sisteem stuur. Die reaksie van die kontroleskakelaar op inkomende boodskappe hang egter af van ander dele van die masjien soos die kragtoevoer.

Volgens Bateson (2000) is bewuswees deel van enige komplekse sisteem wat verskille kan waarneem, inligting verwerk en selfkorreksie kan toepas. Bateson (2000, p. 482) beskryf die begrip bewuswees as "a necessary and inevitable function of the appropriate complexity, wherever that complexity occurs." Bewuswees is daarom nie deel van 'n mens of 'n brein nie, maar deel van elke komplekse sisteem. Dit is die *hele* sisteem wat dink en doen en besluite neem en nie net een deel daarvan nie. Dit verduidelik moontlik waarom die korrektiewe maatreëls om die verspreiding van MIV/VIGS te voorkom, daargestel deur een deel van die gemeenskap, naamlik die gesondheidsprofessies, nie noodwendig 'n verandering in die gemeenskap meebring nie. Die bewuswees in die gemeenskap is nie geleë in 'n enkele komponent nie, maar in die gemeenskap as geheel.

#### **2.2.4 Intervensie met die oog op gemeenskapsverandering**

In die beskrywing van gemeenskapsintervensies is dit eers nodig om funksionele en disfunksionele sisteme te definieer en aandag aan die gemeenskap se proses van selfregulering te gee. Daarna word veranderingsprosesse en die fasilitering van verandering deur intervensies bespreek. Hierdie gedeelte word afgesluit deur die intervensie wat in hierdie navorsing geëvalueer word, te bespreek.

##### **2.2.4.1 Definiëring van gemeenskapsgeestesgesondheid**

Gesondheid word gesien as balans in 'n sisteem met groot diversiteit ten opsigte van ervaring en gedrag (Keeney, 1983). Gesondheid kan op verskillende vlakke beskryf word, insluitend dié van die individu en die gemeenskap:

- 'n Gesonde individu is hiervolgens 'n geïntegreerde persoon. Dit beteken dat diversiteit in die persoon se lewe geïntegreer word tot 'n eenheid. Dit beteken nie noodwendig dat die persoon sonder simptome van psigopatologie is nie. "This perspective leads us to the paradox that pathology is an approximation or part of a more encompassing whole, called health" (Keeney, 1983, p. 127).
- Gemeenskapsgeestesgesondheid word gesien as die kapasiteit om deur kreatiewe, diverse of alternatiewe vorms van verandering aan te pas by veranderinge in die groter konteks en weer balans in die sisteem te kan herstel (Keeney, 1983). Dit impliseer 'n balans tussen positiewe en negatiewe terugvoersisteme. Positiewe terugvoer dra by tot groei en ontwikkeling in lewende sisteme en negatiewe terugvoer help die sisteem om weer in balans te kom, hoewel die balans op 'n ander vlak as voorheen kan wees. Hierdie siening van gesondheid kom in 'n groot mate ooreen met die beskrywing van gesondheid volgens die sosiale aksiemodel (Paragraaf 2.1.3.2).

Disfunksionele sisteme word gekenmerk deur die maksimalisering of minimalisering van bepaalde gedrag van 'n individu of 'n groep - daar is nie balans en verskeidenheid in die gedragspatrone nie. Herhalende patrone van interaksie, hoe disfunksioneel ook al, word in verskeie situasies gebruik, want die sisteem beskik nie oor die kapasiteit om aan te pas by die verandering in die omgewing nie. Simptome van psigopatologie is een vorm van herhalende gedragspatrone wat die aanpassing van sisteme benadeel en het 'n ander betekenis in sisteemdenke. Simptome van psigopatologie word binne die konteks van rekursiewe terugvoersiklusse gesien as eskalerende gedrag en ervarings in 'n interaksionele sisteem (Keeney, 1983). Simptome word dan gesien as "metaphores for redundant cycles of escalated behaviour and experience ... organised into ... whole complimentary system(s) in the social context" (O'Connor & Lubin, 1984, p. 27).

Die MIV/VIGS-epidemie kan moontlik gesien word as 'n simptoem van oneffektiewe gedragspatrone in die gemeenskap. Hoewel baie mense reeds kennis oor die gevare van die virus het (terugvoer), verander die gedragspatrone in die gemeenskap nie voldoende om die verspreiding van die epidemie te keer nie. Dit kan moontlik gesien word as simptoem van onderliggende probleme in die gemeenskap soos die gebrek aan vertroue in outoriteit of die regering se intervensies, die ondergeskikte posisie van vroue, gebrek aan gesondheidsorg en 'n armoede-oorlewingstryd (Department of Health, 2000b).

#### **2.2.4.2 Sisteme se self-reguleringsaksie op disfunksie**

'n Lewende sisteem se reaksie op die ontwikkeling van disfunksie, is dikwels om aanpassingsprosesse in die subsisteem waar die probleem voorkom, te inisieer, soos om 'n simptoem te ontwikkel wat aandag op die probleem vestig, byvoorbeeld drankmisbruik. Die ontwikkeling van die patologie kan beskryf word as 'n vorm van hoër-orde terugvoer wat die funksionering van die sisteem kan reguleer. In die ontwikkeling van die probleemgedrag, soos alkoholafhanklikheid is daar ook 'n aantal terugvoersisteme ter sprake. Die

onmiddellike liggaamlike reaksie soos om aan die slaap te raak as te veel drank gebruik word, vorm 'n terugvoersisteem wat die gedrag kan reguleer. Die ontwikkeling van liggaamlike afhanklikheid dien egter as 'n hoër-orde kontrole wat 'n positiewe terugvoereffek het en bydra tot die vergroting van die drankmisbruik. Indien hierdie simptome nie die funksionering van die sisteem verander nie, kan die sisteem ander subsysteme mobiliseer in die aanpassingsproses, soos die betrokkenheid van ander gesinslede. Dit kan 'n proses van self-korreksie of verdere eskalering van die gedrag meebring (derde-orde terugvoer). Hierdie eskalierende gedragpatroon kan uiteindelik gekalibreer word deur 'n steeds hoër-orde terugvoer: die persoon kan byvoorbeeld sterf of professionele hulp kry (Keeney, 1983). Hierdie voorbeeld word gebruik om aan te dui dat die sisteem self-regulerend is en deur verskeie prosesse die balans in die sisteem probeer herstel.

Die gesonde gemeenskap se kapasiteit tot selfregulering en selforganisering maak dit vir die gemeenskap moontlik om deur die proses van kommunikasie, bewustheid en betekenisgewing aan te pas, te verander en 'n posisie van ewewig te bereik. Hoewel verandering en self-regulering voortdurend plaasvind, is dit soms nodig om juis hierdie eienskappe in intervensies te benut om die vlak van gemeenskapsontwikkeling te verhoog of nuwe patrone te help ontwikkel om die balans in disfunksionele sisteme te herstel of nuwe vlakke van balans te bereik. In die ontwikkeling van die MIV-epidemie is dit nodig om op hierdie stadium 'n intervensie te doen, omdat die terugvoersiklus nie onmiddellike terugvoer gee nie. Mense met die virus weet nie onmiddellik dat hulle die virus het nie en kan eers na jare uitvind dat hulle siek word. Teen die tyd dat die rekursiewe proses voltooi is en selfregulering potensieel kan intree, kan daar al soveel mense wees wat die ongeneeslike virus het, dat dit die voortbestaan van die sosiale sisteem kan bedreig. Die stadige terugvoereffek dra daartoe by dat daar nie selfregulerende prosesse geaktiveer word nie en die verspreiding van die virus 'n eskalierende patroon volg. Dit is daarom nodig om 'n nuwe terugvoersiklus in te bou en selfreguleringsprosesse te fasiliteer om 'n uiteindelijke ramp te probeer voorkom.


#### **2.2.4.3 Veranderingsprosesse in die gemeenskap**

Omdat dele van 'n sisteem interafhanklik en voortdurend in wisselwerking is, kan verandering in enige komponent van die sisteem, verandering tussen al die ander komponente en die sisteem as geheel tot gevolg hê (Hanson, 1995). "Development and change of a living system are represented in terms of change in components and their relationships" (Ford & Lerner, 1992, p. 143).

Die kubernetiese proses as selfreguleringsmeganisme maak verandering in sisteme moontlik. Ford en Lerner (1992) beskryf verandering as 'n proses om diskrepansies in die bestaande strukturele of funksionele patrone van die sisteem te hanteer, terwyl Levine, Van Sell en Rubin (1992) verandering beskryf as 'n aksie om die gaping tussen die bestaande funksionering en 'n doelwit wat gestel is, te

verklein. Hiervolgens is verandering en ontwikkeling die gevolg van disekwilibrum in die sisteem. Ford en Lerner (1992) beskryf drie tipes veranderingsprosesse - almal gebaseer op die kubernetiese prosesse in sisteme:

- **Verandering om stabiliteit te handhaaf:** In situasies waar omgewingsveranderlikes die homeostase van die sisteem bedreig, word die struktuur van die sisteem gehandhaaf deur negatiewe terugvoer. Die sisteem kan aanpas by die versteuring met behoud van die interne organisasie en verhoudings met die omgewing.
- **Uitbreidende verandering deur self-konstruksie:** Die sisteem reageer op 'n bepaalde inset deur differensiasie en uitbreiding van bestaande prosesse soos om meer komplekse prosesse te ontwikkel. Byvoorbeeld, as die bestaande gedrag nie meer toereikend is nie, kan nuwe gedragpatrone ontwikkel om aan te pas. Een van die prosesse wat plaasvind om uitbreidende verandering te stimuleer, is om 'n doelwit te stel wat verskil van die huidige funksionering en daar dan 'n diskrepansie ontstaan. Die aanname is dat gedrag gemotiveer word deur doelwitstelling en die wedersydse interaksie tussen die doel en voortdurende terugvoer. As daar 'n gaping waargeneem word tussen die doel en huidige situasie, kan die sisteem uitbreidende aksies inisieer om die gaping te verklein en die sisteem se funksionering nader aan die doelwittoestand te bring (Levine *et al.*, 1992). 'n Kombinasie van positiewe en negatiewe terugvoerprosesse is hier ter sprake. Hierdie proses van verandering word in Figuur 2.2 voorgestel en sal in Hoofstuk 4 verder bespreek word.



Figuur 2.2 Voorstelling van terugvoeringsproses om huidige situasie te verander

- **Transformerende verandering (herskepping):** As disorganisasie in die sisteem bestaan en stabiliteit-handhawingsprosesse en uitbreidingsprosesse nie voldoende is om die disorganisasie te verminder nie, soos in die onstabiele sisteme, is die enigste ander opsie om die hele patroon van interaksie te herorganiseer. Positiewe terugvoer kan 'n bron wees van transformerende verandering. Voorbeelde hiervan is soos om nuwe insig in 'n probleem te kry waaruit nuwe oplossings blyk of dramatiese verandering in denkpatrone wat 'n ander organisasie tot gevolg kan hê. Die aard van die herorganisasie is nie voorspelbaar is, maar reflekteer die interaksie tussen die sisteem en die omgewing (Ford & Lerner, 1992).




In bogenoemde situasies is daar telkens 'n inset of terugvoer wat die ekwilibrium van die sisteem versteur. Suksesvolle intervensie vereis die verandering van terugvoerprosesse wat die bewustheid van die probleem en gepaste verandering in die sisteem kan aktiveer. Die verandering in organisasie of strukture wat in die sisteem plaasvind om die balans te herstel, hou egter verband met die interne prosesse in die sisteem. As die terugvoeringsproses daartoe bydra dat die patrone van interaksie in die sisteem verander, dan het 'n proses van leer plaasgevind (Keeney, 1983). Kontekste van leer en verandering hou daarom verband met die daarstelling en verandering van terugvoerprosesse.

#### 2.2.4.3.1 Vlakke van verandering

Bateson se klassifikasie van verandering, soos die klassifikasie van terugvoerprosesse (Paragraaf 2.2.3.1.1) word gebaseer op die vlakke van logiese tipering (Bateson, 1979). Hierdie klassifisering van die ordes van verandering word in figuur 2.3 voorgestel. Hiervolgens is gedrag 'n interaksieproses wat plaasvind tussen persone (byvoorbeeld intieme interaksie). Hierdie interaksie behels 'n kubernetiese proses waarin daar voortdurende terugvoer tussen die partye is. Gedrag as interaksieproses word onderhou of is gebaseer op 'n stel reëls of parameters waarvolgens gedrag plaasvind.

- **Eerste-orde verandering** kan beskryf word as enige verandering in die parameters of reëls vir gedrag wat daartoe kan bydra dat die gedrag verander. Byvoorbeeld, deur leerders meer kennis oor MIV/VIGS te gee en vaardighede te leer wat hulle gebruik om hulle interaksieprosesse te verander, kan as eerste-orde verandering beskryf word. Hierdie verandering is onderworpe aan 'n stel reëls of parameters waarbinne die verandering kan plaasvind, soos onder watter omstandighede of hoe vinnig dit sal plaasvind.



Figuur 2.3 Hoër-orde veranderingsprosesse

- **Tweede-orde verandering** behels die verandering in die parameters of reëls waarvolgens eerste-orde verandering plaasvind wat daartoe bydra dat daar 'n verandering in die verandering van gedrag kan plaasvind. Byvoorbeeld, waar verandering in gedrag na 'n intervensie dikwels tydelik is en die ou gedragspatroon na die verloop van 'n tyd weer na vore kom, vind hier 'n verandering in die veranderingspatroon plaas, wat 'n meer permanente verandering in die gedragspatroon tot gevolg het. Hierdie tweede-orde verandering is ook onderhewig aan bepaalde aannames of reëls wat weer deur 'n derde-orde verandering verander kan word.

Dieselfde hiërargie kan gebruik word om die vlakke van leer te onderskei.

#### 2.2.4.3.2 Vlakke van leer

Leer kan volgens Bateson (2000) in verskeie ordes van leer gedeel word. Vlak nul-leer kan gedefinieer word as die blote waarneem van betekenisvolle gebeure of die ontvangs van 'n boodskap, sonder dat daar verandering plaasvind.

- **Eerste-orde leer** kan gedefinieer word as die waarneem van 'n patroon in gebeure wat bydra tot 'n verandering in die manier waarop sekere gebeure of boodskappe geïnterpreteer word. Byvoorbeeld, deur 'n proses van probeer, terugvoer en korreksie van gedrag kan 'n patroon raakgesien word en 'n gepaste gedragsvorm aangeleer word. Die verandering in die patroon van iemand se gedrag is 'n aanduiding dat leer plaasgevind het.
- Volgens hierdie definisie is **tweede-orde leer** die waarneem van patrone van patrone van gebeure of boodskappe. Bateson (2000) beskryf 'n proses van deuteroleer wat behels om te leer oor 'n konteks van leer, of leer hoe daar in die konteks geleer word. Byvoorbeeld, uit 'n klassieke kondisioneringskonteks, waar die hond leer om op die klokkie te reageer, kan die hond uiteindelik ook leer dat hyself niks kan doen om die kos te kry nie en kan dus 'n passiewe houding aanleer. Hierteenoor kan 'n instrumentele leerproses waar die proefpersoon iets moet doen wat versterking ontlok, deur 'n tweede-orde leerproses 'n interne lokus van kontrole aanleer. 'n Tweede-orde leerproses behels dikwels die aanleer van die waardes of reëls onderliggend aan die proses of onderliggend aan die verstaan van 'n situasie.
- **Derde-orde leer** kan dan gedefinieer word as verandering wat plaasvind in die onderliggende aannames oor die sisteem van denke. Dit behels die herorganisering van denkpatrone en verandering in die sisteem van punktuasie - 'n paradigmaverskuiwing in denkpatrone. Daar is geen *a priori* rede waarom daar net drie vlakke van leer gedefinieer word nie. Bateson (2000) maak egter wel die waarneming dat dit voorkom dat derde orde leer die hoogste is waartoe die menslike brein in staat is, en dat dit 'n rare verskynsel is.

Dieselfde hiërargie kan ook gebruik word om die vlakke van intervensies wat daarop gerig is om leer en verandering te fasiliteer, te onderskei.

### 2.2.4.3.3 Vlakke van intervensies

Volgens Bateson (1979) se klassifikasie van logiese tipering kan die vlakke van intervensies, gerig op verandering en leer, soos volg uiteengesit word.

- Die verskaffing van inligting wat nie bydra tot die verandering in gedragspatrone nie, kan gesien word as 'n **intervensie op vlak nul**, omdat dit bydra tot vlak nul leer.
- 'n **Eerste-orde intervensie** veronderstel dat hierdie inligting deurgaans aan die gemeenskap beskikbaar gestel word en is daarop gerig om verandering te bewerkstellig in die manier hoe mense op die inligting reageer. 'n Voorbeeld van 'n eerste-orde intervensie sou behels om mense deur sosiale leer bewus te maak van die patroon dat mense met seksueel-onverantwoordelike gedrag MIV/VIGS kan opdoen.
- 'n **Tweede-orde intervensie** is daarop gerig om tweede-orde leer te bewerkstellig wat behels dat mense patrone van gebeure op ander maniere interpreteer en daarop reageer. Tweede-orde intervensies kan dan daarop gerig wees om die reëls onderliggend aan die reaksie op 'n intervensie te verander soos om persone se lewensingesteldheid te verander, om hulle te help om waardes en 'n groter sin van beheer oor hul eie lewe aan te leer.

### 2.2.4.4 Die fasilitering van gemeenskapsverandering

Die mate waartoe die gemeenskapsielkundige as deel van die sisteem beskou word, hang af van die gemeenskap en die sielkundige se punktuasie. In die tweede-orde kubernetika soos beskryf deur Keeney (1983), word die rol van die gemeenskapskonsultant as deel van die sisteem gesien en die hele intervensieproses as hoër-orde terugvoerprosesse beskryf. Die konsultant word deel van die gemeenskapsverhoudings en kyk nie na die gemeenskap as 'n kliënt nie, maar na die verhouding tussen hom en die gemeenskap en word dan ook blootgestel aan dieselfde beperkings in die terugvoerprosesse as die gemeenskapslede. Die konsultant is daarom nie 'n onafhanklike of 'n beherende agent wat gedrag kan beheer of verander nie. Maturana stel dit soos volg: "The therapist does not and cannot directly change anyone (or anything)" (Efran & Lukens, 1985, p. 72). Die gemeenskap kan daarom nie herskep word in die vorm van 'n ideale model nie, omdat daar met mense gewerk word wat nie as middele tot 'n doel gebruik kan word nie (Bateson, 2000). Verandering kan net plaasvind as dit uit die sisteem self kom.

Die konsultant se rol, as deel van die sisteem, is om 'n ander konteks te ontwikkel waarin die sisteem na sy eie prosesse kan kyk en sy eie hulpbronne kan gebruik om die nodige self-reguleringsprosesse te aktiveer. Die konsultant vorm dan self 'n alternatiewe vorm van hoër-orde self-korrektiewe terugvoer in die sisteem waardeur nuwe metodes van aanpassing gegeneer kan word. Die doel van die intervensie is om die manier waarop die sisteem sy organisasie handhaaf deur prosesse van verandering, te verander. Dit gaan oor "change of change – change of how a system's habitual process of change leads to stability"

(Keeney, 1983, p. 177).

Die konsultant se rol as deel van die sisteem is die volgende:

- Om die problematiese rekursiewe patrone te identifiseer deur te kyk na die gedrag en die prosesse wat die gedrag in stand hou. Die konsultant se rol is om die verskillende prosesse in die sisteem te probeer verstaan en "to keep his eye on the whole ecology with its different orders of processes and complexity" (Keeney, 1983, p. 127). Die groter geheel kan verstaan word deur die gemeenskaplike betekenis wat 'n gemeenskap aan die situasie heg, te probeer verstaan (Keeney, 1983).
- Om by te dra tot die ontwikkeling van gepaste self-korrektiewe terugvoer waardeur 'n bewustheid van die probleem ontwikkel of die simptomatiese gedrag in 'n ander lig gesien word. Hierdie proses van self-regulering dra by tot die versteuring van die bestaande patrone in die sisteem. Varela (in Keeney, 1983, p. 85) beskryf die versteuring van 'n sisteem soos volg: "Interacting with the system by poking at it, throwing things at it, and doing things like that, in various degrees of sophistication..." Die gemeenskap kan op die versteurende insette reageer deur daarvoor te kompenseer of nie te kompenseer nie.
- Om die gemeenskap wat reeds versteur is en na nuwe metodes van organisasie soek, te help om 'n alternatiewe struktuur te ontwikkel om die organisasie te handhaaf. Dit word gedoen deur sogenaamde "geraas" of alternatiewe gedrag voor te hou waaruit die gemeenskap self alternatiewe organisasie en struktuur kan ontwikkel. Hierdie proses kan ook beskryf word in terme van die vind van nuwe gedeelde betekenisse in die gemeenskap.

Die proses van intervensie word deur Keeney (1983) beskryf as 'n poging van die konsultant om deur sy deelname die gemeenskap se bewustheid van verskille in funksionering en doelgedrag te verhoog (sensore), om die gemeenskap te help in die ontwikkeling van 'n verskeidenheid van reaksies op verskille (effektore) en om die sensore en effektore met mekaar in verband te bring in die vorm van 'n self-korrektiewe terugvoersisteem (Keeney, 1983). "In a sense, all a therapist (or consultant) does is provide a context in which a client can utilize his own resources to achieve the necessary change(s)" (Keeney, 1983, p. 8).

In die gemeenskap, wat gedefinieer word as prosesse van kommunikasiepatrone, is die gemeenskapskonsultant die fasiliteerder van veranderde kommunikasieprosesse waardeur 'n versteuring in die gemeenskapsprosesse teweeg gebring word wat selfreflektering, -regulering en -organisering kan bevorder (Appelbaum, 1995). Gemeenskapsintervensies word daarom "a domain of differential discourse" (Efran & Lukens, 1985, p. 73) genoem, waardeur die gemeenskap ander betekenisse aan hul interaksies kan heg of hul kapasiteit tot selfregulering aktiveer. Om gemeenskappe in beweging te bring, is dit soms nodig om hulle te konfronteer, te berispe, behoeftes en probleme uit te wys of hulle te skok met nuwe statistiek en skokkende scenarios en bloot te stel aan nuwe maniere van dink (Varela, in Keeney, 1983). Tegnieke wat tradisioneel in die gemeenskapsielkunde gebruik word soos

behoeftebepaling, hulpbronnontwikkeling en konsultasie (uit die gemeenskapsgeestesgesondheidsmodel) en kollektiewe aksie (uit die sosiale aksie model) kan ook binne hierdie raamwerk aangepas en gebruik word, omdat dit 'n versteurende effek op die huidige funksionering het.

Die rol van die gemeenskapsielkundige binne hierdie verwysingsraamwerk is nie dié van 'n ekspert met baie antwoorde nie, maar 'n konsultant wat deelneem aan die proses van gesamentlike betekenisgewing en herkonstruering van realiteite. Die vraag is nie meer wat die gemeenskapsielkundige moet *doen* om verandering in 'n rigting te stuur nie, maar die verstaan van die gesamentlike ontwikkeling van visie oor kwaliteit van lewe en hoe om dit te bereik (Fuks, 1998). In die gemeenskapsielkunde en binne die sisteemdenke is die rol van die sielkundige meestal dié van 'n konsultant wat patrone ontleed, voorstelle maak of alternatiewe voorhou, terwyl die verantwoordelikheid vir die keuse van gedrag en implementering van die verandering by die kliëntegroep lê. Die rol van die konsultant as hoër-orde terugvoersiklus word erken, terwyl 'n verdere terugvoersiklus gevorm word deur die hulpverlener en die kliënt(e) en verandering steeds vanuit die sisteem kan ontwikkel.

'n Veranderingsproses soos beskryf deur die sosiale aksiebenadering lê klem op betrokkenheid van die mense op grondvlak by die probleem, aanvaarding van 'n doelwit en uitvoer van aksies om die bestaande orde te versteur totdat 'n nuwe orde waarin mense se regte meer erken word, aanvaar word. Die uitdaging van hoër-orde kontroleprosesse is ook hier ter sprake. Vanuit 'n sisteembenadering word die rol van die gemeenskapsaktivis of -konsultant in ag geneem met die besef dat dit die inherente prosesse *in die gemeenskap* is wat die uitkoms beïnvloed en nie net die inset van die gemeenskapsielkundige nie.

#### 2.2.4.5 Die intervensie in hierdie navorsing

Die implementering van die MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsprogram in die skoolgemeenskap behels 'n komplekse kubernetiese proses (soos beskryf in Paragraaf 1.5) waarin 'n verandering op een vlak van die sisteem 'n verskil kan maak op verskeie vlakke van die sisteem, as Bateson (2000) se konsep van bewuswees en reaksie op verskille as vertrekpunt gebruik word. Die intervensie wat in hierdie navorsing geëvalueer word, behels 'n intervensie op twee vlakke:

- Twee onderwysers per skool, in 24 skole, is as sub-sisteem opgelei in die aanbieding van MIV/VIGS- en lewensvaardigheidsopleiding. Van hulle is verwag om hul kollegas op te lei in die aanbied van die program as deel van die skoolkurrikulum. Deur verandering in een subsisteem te fasiliteer deur opleiding, is verandering in die sisteem as geheel veronderstel. Die verandering wat by onderwysers nodig sou wees om die program te kan aanbied, was die volgende:
  - ❖ die ontwikkeling van vaardighede om leerders se gedragsprosesse in die konteks waarin hulle is, te verstaan;
  - ❖ die ontwikkeling van verhoudings van aanvaarding en vertrouwe met die leerders en



- ❖ die ontwikkeling van aanbiedingsvaardighede en kennis om gedragsalternatiewe vir leerders voor te hou op so 'n manier dat die leerders daarvoor ontvanklik is.

Dit beteken dat tweede-orde leer (Bateson, 2000) van die onderwysers verwag is. Van hulle word verwag om te leer hoe om 'n konteks vir leer vir die leerders te ontwikkel. Die doel van die intervensie was om verandering in die skoolsisteem te fasiliteer (tweede-orde verandering) wat daartoe kon bydra dat MIV/VIGS- en lewensvaardighedsopleiding (gerig op eerste-orde verandering) deel van die skoolsisteem kan word.

- Die doel van die aanbieding van MIV/VIGS- en lewensvaardighedsopleiding in die klaskamersituasie was hoofsaaklik om hoë risikogedragspatrone te verminder en die verspreiding van MIV/VIGS te voorkom deur prosesse van terugvoer, vooruitvoer en die aktivering van selfreguleringsproesse in die vorm van alternatiewe gedrag by leerders. Deur inligting oor MIV/VIGS te gee is beoog om die leerders bewus te maak van die gevare van MIV/VIGS en hoë risikogedrag - 'n alternatiewe terugvoersiklus om deur bewustheid versteuring in die ewilibrum te bring. Deur die aanbieding van lewensvaardighedsopleiding word eerste-orde leer beoog (Paragraaf 2.2.4.3.2), wat leerders in staat kan stel om veilige gedragspatrone te vorm wat inpas in hul lewenstyl of keuses kan maak oor hul lewenstyl. Tweede-orde leer, gerig op 'n lewensgesteldheid of die verandering in die leerders se betekenisgewing kan ook deur die intervensie gefasiliteer word.

Die voorwaardes vir 'n suksesvolle intervensie op die leerder-vlak is dat die verhouding tussen die onderwysers en leerders van so 'n aard is dat leerders die onderwyser as deel van die leerdersisteem aanvaar (as tweede-orde terugvoersisteem) en dat die insette van die onderwyser hulle sodanig raak dat 'n versteuring in ewilibrum plaasvind en hulle bewusraak van die risiko's waaraan hulle blootgestel is of kan word en van die reëls of betekenis waarvolgens hulle hul gedrag rig. Hierdie versteuring kan die leerders moontlik ontvanklik maak om nuwe gedragsalternatiewe te oorweeg of om deur 'n proses van nuwe gedeelde betekenisgewing gedragreëls daar te stel wat hulle risiko om MIV/VIGS op te doen, kan verminder.

Die projekbestuur is in hierdie navorsing die konsultante (hoër-orde terugvoersisteem) wat die onderwysers oplei as opleiers en hulpverleners en hulle ondersteun in die implementering van die projek. Deur die opleiding van onderwysers in kennis van MIV/VIGS en lewensvaardighede is die oogmerk om 'n veranderingsproses in die onderwysers te stimuleer wat hulle bemagtig om ook 'n veranderingsproses by die leerders en in die skool as geheel te fasiliteer. Die rol van die navorsers in die proses, is om deurgaans 'n terugvoersisteem daar te stel waardeur die hele implementeringssisteem gemoniteer kan word om die gestelde doelwit te bereik. Die navorsing voorsien dus hoër-orde terugvoer oor die programimplementing.

## 2.3 OPSOMMING

Die sisteemteorie gee 'n nuwe manier van dink oor gemeenskappe en gemeenskapsverandering. Die gemeenskap kan hiervolgens gesien word as 'n netwerk van komplekse kommunikasieprosesse wat in 'n proses van voortdurende verandering is. Hierdie prosesse vorm 'n outonome, selfregulerende netwerk. Hierdie netwerk van verhoudings word as 'n gemeenskap gepuntueer en is in 'n saamontwikkende verhouding in die groter netwerk waarvan dit deel vorm. In die bestudering van die gemeenskap word aandag gegee aan die verstaan van die kommunikasieprosesse en hoe intervensies kan bydra tot die optimalisering van selfreguleringsprosesse en betekenisgewing. "If one accepts that social systems have a high degree of complexity, cybernetic (ecosystemic) theories become more relevant and fitting but less testable as they grow more complex themselves...there certainly is a challenge here..."(Geyer, aangehaal in Appelbaum, 1995, p. 85).

In hierdie hoofstuk is aangedui dat die sisteemteorie as epistemologiese raamwerk vir die gemeenskapsielkunde gebruik kan word deur die mensbeskouing en onderliggende waardes te vergelyk en aan te dui dat die sisteemteoretiese denkwysse aansluit by die werkswyse van die gemeenskapsielkundige. Die sisteemteorie kan bydra tot die verstaan van gemeenskapsprosesse en die beplanning van gemeenskapsintervensies. In die beplanning van enige gemeenskapsintervensie behoort die rol van die konsultant en die outonomieit en selfregulerende aard van die sisteem deur kubernetiese prosesse op verskeie vlakke van kompleksiteit, in berekening gebring te word.

In Hoofstuk 3 sal aandag gegee word aan die definiëring van lewensvaardighede as vorm van voorkomende intervensie in die gemeenskap, die ontwikkeling van voorkomingsprogramme en spesifiek programme vir die voorkoming van die verspreiding van MIV/VIGS.



### HOOFSTUK 3

## LEWENSWAARDIGHEIDSOPLEIDING AS VOORKOMINGS- EN ONTWIKKELINGSINTERVENSIE IN SKOLE

"Effective preventive interventions is built on our understanding of the psychological sense of community as reflected in social norms and community processes, including an understanding of how norms change" (Levine, 1998, p. 203).

In hierdie hoofstuk word die konsep lewensvaardighede verduidelik en watter rol lewensvaardigheidsopleiding in die ontwikkeling van adolessente en die voorkoming van gemeenskapsprobleme kan speel. Voorkomings- en ontwikkelingsintervensies word bespreek asook programme wat daarop gerig is om risikogedrag wat bydra tot die verspreiding van MIV/VIGS, te verminder. Die voorkomingsbenadering word binne 'n sisteemteoretiese konteks geplaas deur beginsels ter sprake en die programontwikkelingsproses te bespreek. In die lig van beginsels uit die literatuur oor die inhoud en ontwikkeling van lewensvaardigheidsprogramme word aspekte van die intervensie wat in hierdie navorsing geëvalueer word, krities bespreek.

### 3.1 LEWENSWAARDIGHEIDSOPLEIDING

#### 3.1.1 Die konsep lewensvaardighede

Lewensvaardighede is 'n konsep wat nie in woordeboeke voorkom nie. Die konsep het ontstaan in opvoedkundige denke (Pickworth, 1989) en dui op vaardighede en vermoëns wat 'n persoon nodig het om 'n sinvolle lewe te kan lei. Lewensvaardighede word onder andere soos volg gedefinieer:

- Lewensvaardighede is vermoëns tot aangepaste en positiewe gedrag wat 'n persoon in staat stel om die eise en uitdagings van die alledaagse lewe effektief te kan hanteer (World Health Organisation (WHO), 1993a).
- "Lifeskills are the life-coping skills consonant with the developmental tasks of the basic human development processes, namely those skills necessary to perform the tasks for a given age and sex in the following areas of human development: psychosocial, physical-sexual, vocational, cognitive, moral, ego and emotional" (Powell, 1985, p. 24).
- "Lifeskills are personally responsible sequences of self-helping choices in specific psychological skills areas conducive to mental wellness. People require a repertoire of lifeskills according to their developmental tasks and specific problems of living" (Nelson-Jones, 1993, p. 10).

Volgens die definisies is lewensvaardighede 'n omvattende konsep wat verband hou met verskillende lewensterreine. Darden, Gazda en Ginter (1996) identifiseer 300 lewensvaardighede wat in vier



verbandhoudende kategorieë gedeel kan word, naamlik:

- **Vaardighede om verhoudings te hê:** kommunikasie, selfgelding, groepsinteraksie, konflikthantering, sosiale deelname, interpersoonlike intimiteit.
- **Vaardighede vir selfontwikkeling:** selfbeeldontwikkeling, kreatiewe probleemoplossing, besluitneming, seksualiteitsontwikkeling, hantering van negatiewe emosies en selfbegrip. Gesondheidshandhawingsvaardighede soos die ontwikkeling van 'n gesonde lewenstyl kan hier ingesluit word.
- **Vaardighede om te leer:** studievaardighede, leer uit ervaring, kognitiewe ontwikkeling.
- **Vaardighede om te werk en te ontspan:** beroepsbestuur, tydsbestuur, doelwitbeplanning (Hopson & Scally, 1986).

Uit die definisies en kategorisering blyk dit dat lewensvaardighede 'n wye verskeidenheid vaardighede insluit wat as nodig beskou word om 'n verskeidenheid lewensituasies effektief te hanteer. Nelson-Jones (1993) beskryf lewensvaardighede as selfhelp-vaardighede wat deel van verantwoordelike keuses is en wat verband hou met geestesgesondheid. Hy sien die vaardighede ook as prosesse wat deur die lewe ontwikkel. Lewensvaardighede word gedefinieer volgens die geslag, ouderdom, kultuur en die omstandighede waarin 'n persoon is en kan daarom as situasie-spesifiek gesien word. In die definiëring van die konsep lewensvaardighede is daar ook 'n waardeoordeel ter sprake wat vrae laat ontstaan oor die verwysingsraamwerk wat gebruik word in die beoordeling van watter vaardighede as nodig beskou word en wat as effektiewe hantering van situasies beskou word. In die beskrywing van lewensvaardighede behoort mense se eie betekenisgewing en die verskillende realiteite van verskillende persone en groepe ook in ag geneem te word.

### 3.1.2 Die doel met lewensvaardighedsopleiding

Lewensvaardighedsopleiding word hoofsaaklik gemotiveer vanuit die vinnig veranderende wêreld wat toenemende eise aan individue stel en waarin voortdurende aanpassing nodig is (Elias, 1993; Hopson & Scally, 1986; Pickworth, 1989). Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO, 1993a) is die doel van lewensvaardighedsopleiding om die leerders se hanteringsvaardighede te help uitbrei, hulle te help om persoonlike en sosiale vaardighede aan te leer en psigo-sosiale bevoegdhede te ontwikkel. Die aanname word gemaak dat daar 'n positiewe verband tussen interpersoonlike funksionering en emosionele aanpassing is en dat 'n individu wat toegerus is met essensiële lewensvaardighede die uitdagings en geleenthede van die lewe meer effektief sal kan hanteer. Hierdie aanname is egter baie simplisties en gebaseer op liniële denke. Deur lewensvaardighedsopleiding kry leerders egter blootstelling aan verskeie gedragsalternatiewe en hulle kan deur 'n proses van betekenisgewing aspekte hiervan integreer in hul eie gedragsrepertoire. Hoe groter die spektrum van vaardighede waarvoor 'n persoon beskik, hoe meer gedragsalternatiewe het die persoon om uit te kies in die proses van interaksie



met sy omgewing. Dit kan bydra tot die individu se aanpassingsvermoë wat 'n sleutelkomponent in Keeney (1983) se beskrywing van geestesgesondheid is. Lewensvaardigheidsopleiding kan daarom bydra tot die bemagtiging van 'n persoon om in beheer van sy lewe te voel en die ontwikkeling van 'n eie waardesisteem waarvolgens lewenskeuses gemaak kan word (Cronin, 1996; Danish, 1996; Darden *et al.*, 1996; Elias, 1993; Hamburg, 1990; Van der Merwe, 1996). Lewenskeuses sluit ook keuses rakende interpersoonlike verhoudings en gesondheid in.

Die noodigheid van lewensvaardigheidsopleiding in die Suid-Afrikaanse skole word veral gebaseer op die ontwikkelingsbehoefte van adolessente en die konteks waarin hulle lewe:

- Adolessente is in 'n lewensfase wat besondere ontwikkelingsveranderinge van hulle verg in die proses om voor te berei vir die volwasse lewe. Hulle is in 'n proses van onafhanklikwording en eksperimentering met volwasse gedrag (Hamburg, 1990). Hierdie stadium word gekenmerk deur die hoë voorkoms van risikogedrag soos alkohol- en dwelmgebruik, interpersoonlike geweld, emosionele probleme en onverantwoordelike seksuele gedrag wat die risiko om MIV/VIGS op te doen verhoog (Boult & Cunningham, 1992; Flisher *et al.*, 1993a; 1993b; 1996; Flisher & Chalton, 1995; Hickson & Kriegler, 1991; Mathews *et al.*, 1990; Mathews, Everett, Binedell & Steinberg, 1995; Mayekiso & Twaise, 1993; Olivier *et al.*, 1998; Perkel, Stebel & Joubert, 1991; Robertson & Berger, 1994; Visser, 1995). Die leerders van vandag word soms beskryf as "a generation of maladjusted children" (Hickson & Kriegler, 1991, p. 141). Flisher *et al.* (1996) en Shiel (1999) kom tot die gevolgtrekking dat daar sekere groepe adolessente is wat geneig is tot hoë risikogedrag en dat hierdie gedrag onder andere onderlê word deur intrapsigiese en interpersoonlike prosesse wat bydra tot die ontwikkeling van betekenis en die self-organisasie van die individu. Lewensvaardigheidsopleiding kan moontlik bydra tot die vorming van nuwe betekenis en patrone van interaksie.
- Die huidige Suid-Afrikaanse samelewing word gekenmerk deur groot veranderinge in amper elke lewensterrein wat 'n impak op mense, hul verhoudings en lewenstyl kan hê. Olivier *et al.* (1997, p. 25) skryf soos volg hieroor: "Circumstances are changing at a tempo which leaves us astounded, possibly somewhat fearful, but definitely uncertain." As aanvaar word dat gedrag 'n refleksie is van die organisasie van die gemeenskap, kan die huidige vlag van hoë risikogedrag onder die jeug (Danish, 1996; Flisher & Chalton, 1995; Flisher, Ziervogel, Chalton, Leger & Robertson, 1993a; 1993b; 1996a; Parry, 1998; Rocha-Silva, de Miranda & Erasmus, 1995) in verband gebring word met die veranderinge en onsekerhede op gemeenskapsvlak. Dit blyk ook dat die tradisionele seksuele taboes, moraliteit en gesinsverhoudings, veral in stedelike gebiede, ondermyn word en daar nie korrektiewe aksie vanuit die gemeenskap kom om hierdie gedrag te kontroleer nie (Hickson & Mokhobo, 1992).

Lewensvaardigheidsopleiding in skole kan een van die intervensies wees wat daartoe bydra dat leerders te midde van 'n veranderende wêreld aanpassings kan maak, realistiese lewenskeuses maak en 'n gesonde



lewenstyl ontwikkel.

### 3.1.3 Lewensvaardighede as deel van die skoolkurrikulum

Lewensvaardigheidopleiding vind meestal in skole plaas. Die skool is deel van die gemeenskap, as “a very visible battleground for social issues” (Trickett *et al.*, 1972, p. 331). Die belangrikste redes waarom die skool vir hierdie doel gebruik word, is onder andere die volgende:

- Die skool is ‘n instelling waar die meeste jongmense saamgetrek word vir ‘n lang en belangrike tyd in hul lewens. Kinders onder die ouderdom van 19 jaar vorm omtrent die helfte van die totale bevolking van die land (Statistics South Africa, 1998) en skoolgaan is verpligtend vir kinders van die ouderdomme 7 tot 15 jaar.
- Die skool is ‘n sosialiseringagent wat bydra tot die vorming van houdings en gedragspatrone (Kirby, 1992; Sarason, 1996). In die interaksieprosesse in die skool vind sielkundige en sosiale ontwikkeling van leerders plaas en kan hulle vriendskappe, persoonlike en interpersoonlike vaardighede ontwikkel.
- Die skool dra by tot die opvoeding van die kind en nie-kognitiewe ontwikkeling soos sosiale en emosionele ontwikkeling, kan as deel van die opvoedingstaak gesien word. Opvoedkundige en gesondheidsfaktore is in noue interaksie, want die fisiese en emosionele gesondheid van kinders en hul skoolprestasie beïnvloed mekaar wedersyds (Department of Education, 1997).
- Hulp kan in die skool gelewer word aan mense wat nie toegang tot ander hulpinstansies het nie. Deur die kind kan die gesin ook bereik word (Ring-Kurtz, Sonnichsen & Hoover-Dempsey, 1995).
- Voorkomende programme kan kinders bereik voordat risikogedragspatrone gevorm word.

Lewensvaardighede kan op verskeie maniere in die skoolleerplan geïntegreer word na gelang van die beskikbare tyd om vaardighede aan te bied (Cronin & Patton, 1993).

- Lewensvaardighede kan ingevoeg word as deel van ‘n reeds volledige kurrikulum. Die onderwysers integreer dan die aanleer van vaardighede met die tradisionele vakinhoud waar hulle dit as gepas sien. Die voordeel hierin is dat die vaardighede as deel van die alledaagse situasie aangebied en toegepas word. Die nadeel is dat ‘n beperkte aantal onderwerpe op hierdie manier in die vakinhoud geïntegreer kan word en dat daar dikwels min tyd daaraan afgestaan kan word.
- Die tweede moontlikheid is om lewensvaardighede as addisionele leerarea in die kurrikulum te integreer, soos in ‘n Voorligtingklas een periode per week. Die aanbieder kan besluit watter onderwerpe relevant vir die leerders is. Goeie beplanning is hier nodig en dit mag meer tyd neem, maar ‘n wye spektrum onderwerpe kan aangebied word en meer tyd kan gebruik word om byvoorbeeld vaardighede te oefen.
- ‘n Derde opsie is om die hele opvoedkundige program te sentreer rondom die aanleer van lewensvaardighede en dit dan as ‘n geëksamineerde kursus aan te bied. Hierdie opsie gee baie tyd en ruimte vir die aanbied van lewensvaardighede, maar is nie werklik prakties haalbaar in die

skoolsituasie nie.

Die doel van die huidige lewensvaardigheidsprogram is om lewensvaardigheidsopleiding te integreer in die algemene skoolkurrikulum en dat al die onderwysers lewensvaardighede as deel van die vakinhoud wat hulle aanbied, integreer (opsie 1). Voorligtingperiodes, waar dit beskikbaar is (opsie 2), kan ook vir die doel gebruik word (Swart, 1998). Lewensvaardigheidsopleiding word as integrale deel van die onderwys gesien, want “lifeskills education is a necessity, not a luxury” (Department of Education, 1997, p. 76).

#### 3.1.4 Tipe lewensvaardigheidsprogramme

Breedweg gesien is daar twee tipes lewensvaardigheidsprogramme, naamlik generiese en gefokusde programme (Hamburg, 1990). Generiese programme fokus op die ontwikkeling van algemene bevoegdhede soos besluitneming en kommunikasievaardighede wat adolessente kan help om ‘n verskeidenheid situasies te hanteer. Voorbeelde van generiese programme is die volgende:

- Die ontwikkeling van persoonlike en interpersoonlike vaardighede (Brownell *et al.*, 1996; Cronin & Patton, 1993; Hopkins & Scally, 1980; 1981; Mannix, 1995);
- besluitnemingsvaardighede (Pickworth, 1989) en
- die bevordering van selfbeeld en selfvertroue (McDaniel & Bielen, 1990; Quest International, 1992).

Generiese programme kan vergelyk word met welsynsontwikkelingsprogramme wat later bespreek word (Paragraaf 3.2.1.4).

In gefokusde programme word die generiese lewensvaardighede aangebied met die doel om bepaalde gedrag te bevorder of bepaalde probleemgedrag te verminder of te voorkom. Voorbeelde van gefokusde programme is die volgende en kan moontlik met programme om bepaalde risikogedrag te voorkom, (Paragraaf 3.2.1.2) vergelyk word:

- verantwoordelike seksuele gedrag (Louw *et al.*, 1996);
- die voorkoming van dwelmgebruik (Botvin, Barker, Botvin, Filazzoła & Millman, 1984); en
- die voorkoming van MIV/VIGS-verspreiding (Departement Nasionale Gesondheid, 1992; WHO, 1993b).

Gefokusde programme blyk meer suksesvol te wees (Larson & Cook, 1985; Weissberg, Caplan & Bennetto, 1988), moontlik omdat die leerder reeds in die aanleer van die vaardighede gehelp word om die vaardighede in spesifieke kontekste te gebruik, terwyl die generiese programme fokus op die aanleer van die vaardighede sonder die konteks van toepassing. Dit is egter ook moontlik dat die evaluering van gefokusde programme net die aspek evalueer wat in die opleiding aangespreek word en dat verskeie makliker aanduibaar is as by generiese programme wat gerig is op die algemene ontwikkeling op verskeie

terreine.

### 3.1.5 Teoretiese onderbou

Die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsbeweging was deel van die geestesgesondheidsbeweging wat gekenmerk is deur die verskuiwing van klem vanaf patologie na geestesgesondheid, van genesende dienste na voorkomende programme (Paragraaf 2.1.1). Lewensvaardigheidsopleiding kan gesien word as deel van “giving away the principles and skills of psychology to a public developing a growing interest in and desire for psychological and other human services” (Larson, 1984, pp.1-2). Dit vorm deel van voorkomingsintervensies gerig op ‘n wye spektrum gemeenskapsprobleme en die bevordering van psigiese welsyn wat in Paragraaf 3.2.1 bespreek word.

Die lewensvaardigheids- en psigo-opleidingsbenaderings het uit verskillende toepassingsvelde ontwikkel, maar oorvleuel tot ‘n groot mate, veral in teoretiese onderbou. Die lewensvaardigheidsopleidingbenadering het ontwikkel vanuit die opvoedkunde en sluit algemene vaardighede uit ‘n wye verskeidenheid lewensterreine in, terwyl die psigo-opleidingsmodel veral fokus op die sosiale en emosionele welsyn vanuit die sielkunde. Beide hierdie benaderings behels hoofsaaklik intrapsigiese intervensie en word gebou op ‘n ontwikkelingsperspektief en het ontwikkel vanuit die humanistiese, rasonele en gedragsteorieë (Ebersohn & Jacobs, 2000). Die uitgangspunt is dat die mens potensiaal het wat ontwikkel kan word en dat die aanleer van vaardighede 'n terapeutiese verandering in mense se lewens kan hê (Carkhuff, 1969; Carkhuff & Berenson, 1976; Ivey, 1976). Die mens word as 'n geheel gesien bestaande uit 'n aantal sub-sisteme, soos die affektiewe, kognitiewe, konatiewe en gedrag wat in noue interaksie binne die geheel is (Ford & Lerner, 1992; Nelson-Jones, 1993). Lewensvaardigheidsprogramme kan gerig wees op enkele of verskeie van die sub-sisteme van die mens en kan deur ‘n proses van uitbreidende verandering ‘n bydrae lewer tot nuwe betekenisgewing en verandering in die organisasie van die individu se intrapsigiese sub-sisteme. Dit kan bydra tot die ontwikkeling van groter kapasiteit tot aanpassing van die individu en nuwe interaksiepatrone tussen die individu en sy konteks. Die geestesgesondheid van die individu kan dus hierdeur verhoog.

## 3.2 VOORKOMINGS- EN ONTWIKKELINGSINTERVENSIES

Voorkoming is ‘n breë multi-dissiplinêre toepassingsterrein en word binne die sielkunde gedefinieer as die voorkoming van die ontwikkeling van sielkundige probleme (Cowen, 2000). Die voorkomingsbenadering in die sielkunde het begin in reaksie teen die oorheersende fokus op genesing as intervensie en die kommer oor die groot aantal mense in die gemeenskap met sielkundige probleme (Albee, 1965; Cowen, 1996; Durlak, 1995). Voorkomingsintervensies word gegrond op basiese en toegepaste navorsing uit velde soos die openbare gesondheid, epidemiologie, gemeenskapsontwikkeling

en die kliniese sielkunde, wat daarop gerig is om te verhoed dat bepaalde probleme in die toekoms voorkom (Durlak, 1995; Orford, 1992). Caplan (1964, pp.16-17) het die voorkomende benadering in die sielkunde soos volg gedefinieer:

“The body of professional knowledge, both theoretical and practical, which may be utilized to plan and carry out programs for reducing the incidence of mental disorder of all types in a community, the duration of a significant number of those disorders which do occur and the impairment which may result from disorders.”

Meer spesifiek word primêre voorkoming van geestesgesondheidsprobleme gedefinieer as:

"An intervention intentionally designed to reduce the future incidence of adjustment problems in currently normal populations as well as efforts directed at the promotion of mental health functioning" (Durlak & Wells, 1997a, p. 117).

Uit hierdie definisies blyk die onderliggende positivistiese raamwerk waaruit die voorkomende benadering ontwikkel het. Die aanname is gemaak dat 'n eksterne agent intervensies in die gemeenskap kan maak wat verandering tot gevolg het, sonder die in agneming van die konteks, sirkulêre oorsaaklikheid en die outonomie van sisteme. Die tradisionele siening van die voorkomingsbenadering word eers bespreek en in Paragraaf 3.2.2 word die onderliggende paradigma van die benadering krities bespreek en word voorkoming in sistemiese terme verduidelik.

In Durlak en Wells (1997a) se definisie word die tweeledige doel van primêre voorkoming aangedui, naamlik die voorkoming van wanaanpassing of psigopatologie en die bevordering van geestesgesondheid. Oor 'n lang ontwikkelingsperiode is beide hierdie doelwitte nagestreef. Die veld het egter later ontwikkel in die rigting van 'n uitsluitlike fokus op die vermindering van risikofaktore en die voorkoming van bepaalde vorms van psigopatologie wat volgens Cowen (1996; 2000) die veld van die voorkomingsintervensies beperk het. Dit is ook beperkend om voorkoming af te grens tot psigopatologie, omdat geestesgesondheid verband hou met die persoon se hele funksionering (Cowen, 2000). Die bevindings wat in navorsing gekry word, is egter ook relevant in ander terreine soos die voorkoming van hoë risikogedrag en gesondheidsprobleme. Naas die ontwikkeling in die voorkoming van psigopatologie, het die welsynsbevorderingsbenadering as aparte beweging ontwikkel. Die twee benaderings kan as parallel tot mekaar gesien word, hoewel die welsynsbevorderingsbenadering meer omvattend is. Dit is een van die ontwikkelingsareas in die voorkomende sielkunde wat vervolgens bespreek sal word. 'n Verdere ontwikkelingsarea is die ontwikkeling van die teoretiese onderbou van voorkomings- en ontwikkelingsintervensies wat daarna bespreek sal word.

### 3.2.1 Konseptuele raamwerke

In die ontwikkeling van die voorkomingsbenadering in die sielkunde het daar 'n groot aantal konseptuele raamwerke ontwikkel waarvolgens verskillende tipes voorkomings- en ontwikkelingsprogramme onderskei en beskryf kan word. Indelings kan gemaak word op grond van die doel van die program, die teikengroep waarop die program gerig word en die vlak van die intervensie. 'n Aantal klassifikasies word vervolgens bespreek.

#### 3.2.1.1 Klassifikasie volgens doel van voorkomingsintervensie

Die bekendste konseptuele raamwerk van voorkomingsintervensies is die aanvanklike indeling van Caplan (1964) volgens primêre, sekondêre en tersiêre voorkoming. Die terminologie wat deur Caplan gebruik is, is egter onlangs aangepas en word as wisselvorm gegee (Institute of Medicine Report, 1994).

Voorkomingsintervensies kan hiervolgens beskryf word in terme van die volgende klassifikasie:

- ❑ **Primêre of universele voorkoming:** Dit behels 'n intervensie in die gemeenskap waar die bepaalde probleem nog nie voorkom nie, maar waar daar moontlik 'n risiko bestaan dat die probleem wel kan ontwikkel. Die doel is pro-aktiewe optrede om die ontwikkeling van die probleem te keer of die voorkoms daarvan in die gemeenskap te beperk deur verdere ontwikkeling te probeer verminder.
- ❑ **Sekondêre of selektiewe voorkoming:** Dit behels intervensie tydens die vroeë ontwikkeling van 'n probleem met die doel om die duur en erns van die probleem te verminder. Die teikengroep is daarom mense wat reeds 'n probleem begin ontwikkel of hoë risikogedrag het wat kan bydra tot die ontwikkeling van 'n probleem.
- ❑ **Tersiêre of toegespitste voorkoming:** Die doel van tersiêre voorkoming is die voorkoming van die herhaling en lantermyngevolge van geestesgesondheidsprobleme en word hoofsaaklik as terapeutiese of rehabiliterende intervensies beskou (Heller *et al.*, 1984).

#### 3.2.1.2 Klassifikasie volgens teikengroep van voorkomingsintervensie

Binne die veld van primêre voorkoming kan die intervensies gekonseptualiseer word in terme van die teikenpopulasie van die program (Durlak & Wells, 1997a):

- ❑ **Gemeenskapswye benadering:** 'n Gemeenskapswye strategie betrek die gemeenskap wat vir 'n bepaalde intervensie geselekteer is, as geheel. 'n Voorbeeld is 'n mediaveldtog gerig op 'n bepaalde gemeenskap, ongeag of hulle 'n risiko toon om die probleem te ontwikkel.
- ❑ **Oorgangsfase benadering:** Persone wat blootgestel gaan word aan 'n potensieel spanningsvolle situasie of oorgangsfase word geteiken vir 'n intervensie. Die aanname is dat die situasie 'n risiko vir mense wat nie oor die nodige hanteringsvaardighede beskik nie, kan inhou. Byvoorbeeld, adolessente



kan deur 'n lewensvaardigheidsprogram bewusgemaak word van die moontlike risiko om MIV/VIGS op te doen as hulle seksueel aktief sou raak.

- **Risikogroepe benadering:** Hierdie intervensie word gerig op persone wat beskou word as moontlik geneig om 'n bepaalde probleem te ontwikkel. Die benadering word gebaseer op navorsing oor risiko- en beskermingsfaktore wat verband hou met die ontwikkeling van bepaalde vorms van psigopatologie. Die doel van die intervensies is om risikofaktore soos lae sosio-ekonomiese omstandighede of traumatiese ervarings te probeer verminder of die negatiewe impak daarvan te probeer verminder. Beskermingsfaktore soos interpersoonlike vaardighede en sosiale ondersteuning kan ook verhoog word met die oog op moontlike langtermynvoorkoming van die betrokke vorms van psigopatologie (Durlak & Wells, 1997a). Hierdie benadering tot voorkoming het grootliks veld gewen in die ontwikkeling van die voorkomingsbenadering (Cowen, 2000). Daar is egter 'n groot aantal konseptuele, praktiese en etiese probleme, veral rondom die identifisering van hoë risikogroepe opgesluit in hierdie benadering tot voorkomingsprogramme (Cowen, 2000; Durlak, 1995; Heller *et al.*, 1984; Orford, 1992). Hierdie probleme sal in Paragraaf 3.2.1.4 bespreek word.

### 3.2.1.3 Klassifikasie volgens die vlak van die voorkomingsintervensie

Primêre voorkoming word ook onderskei in terme van die vlak van die sisteem waarop die intervensie fokus (Cowen, 1973; Durlak, 1995; Durlak & Wells, 1997a).

- **Mikrosisteem of persoonsgesentreerde intervensies** fokus op die vaardighede en bevoegdhede van die individu om aan te pas in 'n verskeidenheid situasies. Die aanname is dat die ontwikkeling van vaardighede 'n persoon se aanpassingsvermoë, betekenisgewing en self-organisasie kan ontwikkel waardeur die persoon nuwe interaksiepatrone kan ontwikkel. 'n Verdere aanname is dat die mens self-riëntinggewend is en in staat is om in die interaksieproses sy omgewing te omvorm (Danish, 1996). Uit omvattende ontledings van voorkomingsprogramme het geblyk dat mikrosisteemintervensies, gebaseer op die ontwikkeling van vaardighede en bevoegdhede van die individu, 'n prominente komponent van alle voorkomingsprogramme vorm (Allensworth, 1993; Collins, 1995; Durlak & Wells, 1997a; Prilleltensky & Nelson, 1997). Weens die individuele aard van die intervensies is die langtermynimpak van die mikrosisteemintervensies op die gemeenskap as geheel egter nog onduidelik (Trickett, 1996). Die interaksie tussen die mikro- en makrosisteme word dikwels ook nie in hierdie benadering verreken nie.
- Die **makrosisteem of ekologiese intervensies** is daarop gerig om die lewe van mense te verander deur die konteks waarin hulle lewe te probeer verander, met die aanname dat die mens in interaksie is met die konteks waarin hy is. Hiervolgens kan interaksieprosesse dan verander as intervensies gerig word op die verandering in die norms, beleid, strukture, en gebruike in gemeenskappe (Rappaport, 1981). Die struktuur en organisasie van gemeenskappe en die reëls wat gedrag reguleer word dan in sodanige intervensie verander. Die persoon-omgewing-interaksie is egter belangrik omdat mense nie

dieselfde op die omgewing reageer nie. Makro-intervensies behels dikwels omvangryke veranderings wat deur multi-dissiplinêre spanne gefasiliteer behoort te word en dikwels politieke interventies insluit. Die impak van makroverandering kan egter omvangryk wees en raak die gemeenskap as geheel (Catalano & Dooley, 1980; Cowen, 1985). Daar is egter min voorkomingsprogramme wat op die makrosisteemgerig is (Durlak & Wells, 1997a; Prilleltensky & Nelson, 1997) en min navorsing is nog gedoen hoe omgewings verander kan word om by te dra tot die voorkoming van bepaalde sielkundige probleme. Voorbeelde van interventies waarin gemeenskapsintervensie in voorkomingsprogramme ingesluit is, is om die fokus van interventies uit te brei na ander sub-sisteme in die kind se lewe soos die maats, ouers, klaskamerorganisasie, die media en die sosiale norme ter sprake, met die doel om risikofaktore in die omgewing te verminder of gedragsverandering te ondersteun (Durlak, 1995). Die fokus in voorkomingsprogramme is meestal gerig op mikro- en mesovlak veranderinge om die individu te help om in die sisteem te pas. Min aandag word gegee aan die verandering van die onregverdigede opgesluit in die makrosisteem. Prilleltensky en Nelson (1997, p. 175) beskryf dit soos volg:

"There is no question that prevention is concerned with the broad ecological sources of human suffering. However, while the move from intrapsychic orientations to a community- and population-wide focus is laudatory, we need to ask whether prevention and health promotion truly address the 'cause of the cause' or only the surface of the causes."

Die interaksie tussen die mikro- en makro-konteks bring mee dat interventies wat gerig is op enige vlak van die sisteem, die sisteem as geheel kan betrek. Intervensies op die makrovlak, raak die individue in die sisteem en vir 'n interventie op mikrovlak om verandering te stimuleer, is verandering in die breër sisteem ook nodig (Elias, 1987; Levine, 1998). Levine (1998, p.191) verduidelik dit soos volg: "Training without attention to the circumstances in which the training is to be implemented is insufficient to change behavior." Om standhoudende verandering teweeg te bring behoort voorkomingsintervensies gerig te wees op verandering op individuele vlak en in die konteks waar die gedrag voorkom. Hierdie beginsel word ook in Hoofstuk 4 bespreek.

#### **3.2.1.4 Risiko-verminderingsbenadering teenoor die welsynsbevorderingsbenadering**

Die voorkomingsbenadering wat gerig is op die vermindering van risiko's gekoppel aan bepaalde vorms van psigopatologie, word volgens Cowen (2000) beperk deur konseptuele en praktiese probleme. Die benadering word gebaseer op die aanname dat bepaalde risikofaktore bydra tot die ontwikkeling van bepaalde vorms van patologie of probleemgedrag. Die ontwikkeling van patologie is egter nie 'n liniële proses nie - daar is komplekse en hoogs-individuele prosesse wat plaasvind tussen die risikofaktore en die ontwikkeling van patologie. Die konseptuele beperking van die benadering kan beskryf word in terme van ekwifinaliteit en multifinaliteit. Daar is verskeie oorsake wat bydra tot die ontwikkeling van

sielkundige probleme en enige risikofaktor kan bydra tot die ontwikkeling van verskeie vorms van wanaangepaste gedrag en is nie gekoppel aan bepaalde gedragsvorms nie (Cowen, 2000; Durlak & Wells, 1997a). Dit is daarom 'n konseptuele en 'n etiese probleem om persone wat moontlik bepaalde vorms van patologie mag ontwikkel, te identifiseer en in intervensies te betrek.

Cowen (1996; 2000) stel egter voor dat die bevordering van geestesgesondheid - oorspronklik ook deel van die definisie van voorkoming in die sielkunde - 'n aparte ontwikkelingsarea vorm. Die welsynsbevorderingsbenadering kan naas die risiko-verminderingsbenadering gesien word of as omvattende konsep in die voorkomingsveld. Die welsynsbevorderingsbenadering word beskryf as omvattende, multi-vlak pro-aktiewe benadering gerig op die bevordering van sielkundige gesondheid in alle mense (Cowen, 2000). Mrazek en Haggerty (1994, p. 27) onderskei tussen die twee benaderings want "health promotion is not driven by emphasis on illness, but rather by a focus on the enhancement of well-being." Hoewel daar groot oorvleueling tussen die twee benaderings is, is die grootste verskille geleë in die konseptuele aannames wat gemaak word en die praktiese uitvoering van die programme (Cowen, 1996; 2000).

- **Konseptuele aannames:** Die risiko-verminderingsbenadering streef daarna om ernstige patologie te voorkom deur risikofaktore te identifiseer en te probeer neutraliseer. Hierteenoor is dit die doel van die welsynsbevorderingsbenadering om beskermende faktore te ontwikkel met die doel om welsyn te bevorder. Sielkundige welsyn kan as beskerming gesien word teen faktore wat kan bydra tot die ontwikkeling van moontlike wanaanpassing (Cowen, 2000). Beide se onmiddellike doel is om bevoegdhede te verhoog, terwyl die risikobenadering die langtermyn doel het om moontlike probleme te voorkom.
- **Praktiese uitvoering:** Risiko-vermindering is gerig op 'n geselekteerde groep mense wat moontlik 'n risiko toon om 'n bepaalde probleem te ontwikkel. Die omvang en duur van die programme is dikwels beperk en gerig om die negatiewe impak van bepaalde risikosituasies te verminder. Welsynsbevordering is gerig op alle mense en is 'n breë, voortgaande uitdaging wat verskillende groepe, situasies en lewenstadiums insluit. Hierdie benadering word tot 'n groter mate gebaseer op die ekologiese benadering waarin die verskeie kontekste waarin mense is, in ag geneem word. Dit sluit persoons- en gesinsgesigte intervensie en verandering in sosiale kontekste in en fokus meer op die verskillende vlakke: die individu, gesin, die instellings en die groter gemeenskap. "Although the challenges of this approach are monumental, its potential payoff (cutting down the long-term flow of disorder) is considerable indeed" (Cowen, 2000, p. 13).

'n Voorbeeld van 'n program wat kan bydra tot die bevordering van welsyn, is die aanleer van sosiale probleemoplossingsgedrag (Spivak & Spure, 1974; Weissberg & Elias, 1993) gebou op die aanname dat effektiewe probleemoplossing gedragsaanpassing kan verhoog (Durlak & Wells, 1997a). Hierdie programme kan vergelyk word met die generiese lewensvaardigheidsopleidingsprogramme wat in

Paragraaf 3.1.3 bespreek is. Daar is groeiende empiriese getuienis dat die benadering effektief is om mense te help ontwikkel (Albee & Gullotta, 1997; Durlak & Wells, 1997a; Weissberg & Greenberg, 1998). Dit blyk ook dat daar 'n behoefte aan gesondheidsontwikkelingprogramme, gerig op die ontwikkeling van bevoegdheid in die gemeenskap bestaan (Heller *et al.*, 1984; Sanford, 1972) - "greater attention should be placed on community-wide programs for enhancing coping skills and environmental mastery" (Heller *et al.*, 1984, p. 218).

Hierdie twee benaderings tot voorkoming en ontwikkeling oorvleuel in 'n groot mate hoewel die uiteindelige doel daarvan verskil. Beide die benaderings is moeilik om te evalueer. In die voorkomingsbenadering is die doel om te demonstreer dat 'n moontlike negatiewe uitkoms nie plaasvind nie, gebaseer op aannames oor patrone van oorsaaklikheid van psigopatologie (Durlak & Wells, 1997a). In die welsynbenadering word die aannames oor oorsaaklikheid gedeeltelik uitgekakel en moet aangedui word dat mense se welsyn bevorder word - 'n konsep wat moeilik definieerbaar en situasie en kultureel gekoppel is (Sanford, 1972). Hoewel die welsynbenadering die identifisering van risikofaktore en die voorkoming van 'n bepaalde sielkundige probleem uitkakel, word die benadering ook gebaseer op liniële denke deur te aanvaar dat daar 'n verband tussen bepaalde vaardighede, bevoegdhede en geestesgesondheid is. Beide benaderings word ook gebou op eksterne waarde-oordele oor wat aangepaste en wanaangepaste gedrag is.

In die huidige lewensvaardigheidsintervensie word veral van primêre en sekondêre voorkoming gebruik gemaak deurdat alle leerders in die bepaalde ouderdomsgroep (mylpaalintervensie) in die intervensie betrek word. Dit is 'n program toegespits op die hoërskoolfase as risikotydpêrk vir die ontwikkeling van gedragpatrone vir die volwasse lewe. Hierdie groepe kan ook gesien word as risikogroepe omdat hulle hulself dikwels blootstel aan risikogedrag soos dwelmgebruik en onbeskermd seksuele aktiwiteit (Paragraaf 3.1.2). Die lewensvaardigheidsprogram is 'n intervensie op die mikrovlak deurdat dit fokus op die aanleer van vaardighede vir die individue. Om die program te kan implementeer, is verandering in die struktuur en organisasie van die skoolsisteem, as makrosisteem, egter nodig.

Die program behels aspekte van beide die risikovoorkomings- en welsynbevorderingsbenaderings. Die doel van die program is om risikogedrag te voorkom (onbeskermd seksuele interaksie) en beskermingsfaktore te bevorder (geestesgesondheid, gevoel van beheer, lewensvaardighede) met die oog daarop om op die langtermyn die verspreiding van MIV/VIGS te voorkom en geestesgesondheid te bevorder. Die lewensvaardigheidsprogram is 'n gefokusde program deurdat vaardighede vir die leerders aangebied word binne 'n bepaalde toepassingsveld met die doel om risiko-seksuele gedrag te voorkom.

Vervolgens word aandag gegee aan die tweede ontwikkelingsarea in die voorkomende sielkunde, naamlik die teoretiese ontwikkeling binne die voorkomingsbenadering.

### 3.2.2 Teoretiese ontwikkeling van voorkomings- en ontwikkelingsintervensies

Die voorkomingsbenadering het ontwikkel uit die openbare gesondheidsmodel (Bloom, 1979) waar siekte gesien is as die resultaat van die interaksie tussen die persoon wat die siekte kry, die oorsaak van die siekte (virus of bakterie) en die omgewingsmedium waardeur die virus of bakterieë versprei word (soos lug of water). In geval van MIV/VIGS is die persoon, die MI-virus en die bloed of vloeistof waardeur die virus oorgedra word in interaksie. Voorkomingsintervensies behels dan 'n verandering in een van die drie komponente – 'n versteuring of verandering in die patroon van oorsaaklikheid (Sanford, 1972). Die voorkomingsbenadering het ontwikkel uit die tradisionele mediese model gebaseer op positivistiese denke waarin die volgende aannames na vore kom:

- Daar kan direkte verbande getrek word tussen oorsake (risikofaktore) en die ontwikkeling van patologie, soos gesien kan word in die risiko-verminderingsbenadering.
- Die kenner kan uit navorsingsbevindings universele oplossings vir probleme aanbied en besluite oor die gewenste gedrag namens die teikengroep neem. Rappaport (1981; 1987) beskou die houding onderliggend hieraan as voorskrywend en paternalisties van aard en beskryf dit soos volg:

“Find so-called high risk people and save them from themselves, if they like it or not, by giving them programs which we develop, package, sell, operate and control” (Rappaport, 1981, p. 13).

Mense se eie betekenisgewing en meervoudige realiteite en die behoefte van die mense om in beheer van hul eie lewe te wees, word nie in hierdie benadering in berekening gebring nie.

- Daar word verwag dat die intervensie as inset 'n direkte effek op die gedrag van die teikengroep, as uitset sou hê. Die outonomieit van en prosesse wat in die sisteem plaasvind en die leerproses is nie in ag geneem nie.
- Uit die min aandag wat daar in die voorkomingsliteratuur aan die implementering van die programme gegee word (Durlak & Wells, 1997a), maak Trickett (1997) die afleiding dat voorkomingsprogramme gesien word as tegnologie wat oordraagbaar is van die een na die ander konteks. “Many interventions were not intentionally embedded into their environmental settings in such a way that they would naturally be continued after the researchers left” (Durlak & Wells, 1997b, p. 239). Die passing van die program met die konteks waarin dit geïmplementeer word, is dus nie 'n prioriteit in die tradisionele benadering tot voorkoming nie.

In die ontwikkeling van die voorkomingsbenadering is daar 'n geleidelike ontwikkeling vanaf een-dimensionele korttermynprogramme na meer omvattende teorie-gedrewe programme en uiteindelik na multi-sisteem intervensies waarin die interaksie tussen die individu en die konteks erken word (Cowen, 1996; 1997). 'n Voorbeeld van hierdie ontwikkeling kan gesien word in die uitbreiding van sosiale probleemoplossingsprogramme vanaf 'n enkelvoudige intervensie (Spivak & Spure, 1974) tot 'n gemeenskapsgerigte en omvattende intervensie (Weissberg *et al.*, 1991; Weissberg & Elias, 1993). Die



ontwikkeling van die onderliggende teorie in die voorkomingsbenadering is ook te sien in die ontwikkeling van dwelmvoorkomingsintervensies. Aanvanklik is enkelvoudige interventies gemaak soos die oordra van kennis of die aanleer van interpersoonlike en besluitnemingsvaardighede (Botvin, 1995; Durlak, 1995). Later het die interventies meer teoriegedrewe geword soos die teenwerk van portuurgroepinvloed en verandering van skoolnorms rakende hoë risikogedrag, deur die sosiale beïnvloedingsteorie as uitgangspunt te gebruik (Evans, 1976). In Botvin *et al.* (1984) en Botvin en Tortu (1988) se “Lifeskills training project” word die interaksie tussen die individu en die omgewing erken. Die aanname is dat meervoudige faktore in die lewe van die adolessent, sy interaksies en omgewingsinvloede bydra tot die inisiëring van hoë risikogedrag. Deur 'n lewensvaardigheidsprogram word die onderliggende risikofaktore aangespreek met die doel om die motivering vir hoë risikogedrag te verminder. 'n Verdere uitbreiding van die teoretiese verwysingsraamwerk is te sien in die multi-sisteem intervensie van Pentz en haar medewerkers (Johnson, Pentz, Weber, Dwyer, Baer, MacKinnin, Hansen & Flay, 1990; Pentz, Dwyer, Mac Kinnin, Flay, Hansen, Wang & Johnson, 1989; Pentz, 1995). Die program is gerig op die leerders, maar gemeenskapshulpbronne soos hul ouers, gemeenskapsorganisasies, gesondheidsbeleidmakers en die media word ook in die program betrek.

Hoewel die meerderheid voorkomingsintervensies steeds gerig word op die individu of die mikro-konteks (Durlak & Wells, 1997a; Levine, 1998; Trickett, 1997), is daar 'n aantal programme waar die intervensie gerig word op verandering in die sisteem, gebaseer op die ekologiese teorie (Cowen, 1997; Durlak & Wells, 1997b). Intervensies waarin 'n ekologiese uitgangspunt gebruik word, is gebou op die aanname dat meervoudige oorsake wat in interaktiewe prosesse is, bydra tot die ontwikkeling van wanaanpassing (Heller *et al.*, 1984) en dat meervoudige sub-sisteme van die gemeenskap in interventies betrek behoort te word om verandering moontlik te maak. 'n Intervensie in een sub-sisteem kan veral in komplekse sisteme, nie genoeg impak hê om verandering in die sisteem as geheel mee te bring nie. Waar die konteks onveranderd bly, is die kans dat nuwe interaksiepatrone kan ontwikkel, beperk (Capaldi, Chamberlain, Fetrow & Wilson, 1997). Daar is enkele projekte waarin die impak van 'n intervensie in verskeie sub-sisteme van die gemeenskap geëvalueer is, waardeur erkenning gegee is aan die interaksie tussen sub-sisteme (Durlak & Wells, 1997b).

Die teoretiese vertrekpunte vind egter nie altyd neerslag in die praktiese uitvoering van die projek nie. Intervensies gebaseer op die ekologiese verwysingsraamwerk is soms steeds gebaseer op liniële beskouings (Capaldi *et al.*, 1997) en sirkulêre prosesse word nie in die relevante literatuur beskryf nie. In die voorkomingsliteratuur word ook min aandag gegee aan die proses van implementering van programme en hoe die programme aangepas word by die konteks. Die verhouding tussen die implementering, die konsultant se verhouding met die konteks en die uitkoms van die studie is volgens Trickett (1997) nie 'n fokuspunt in hierdie literatuur nie. Die proses van betekenisgewing en meervoudige realiteite figureer ook nog nie in die voorkomingsliteratuur nie.

Om die voorkomingsbenadering in terme van die sisteemteorie te konseptualiseer, word hoofsaaklik van die intervensiemodel van Keeney (1983) en die veranderingsproses soos beskryf deur Levine *et al.* (1992) gebruik gemaak. Die volgende beginsels word in die beskrywing in ag geneem:

- **Die verhouding tussen die konsultant en die gemeenskap:** Die proses waarin 'n samewerkende verhouding met die gemeenskap opgebou word, behels onderhandelings oor hoe die intervensie by die gemeenskap aangepas kan word. Die navorsingsverhouding medieer die aanvaarbaarheid van die intervensie, die samewerking van die deelnemers, die interpretering van die resultate en die waarde wat die intervensie vir die gemeenskap het (Trickett, 1997). As die konsultant as deel van die sisteem aanvaar word en 'n hoër orde terugvoeringsstelsel vorm, kan 'n veranderingsproses geïnisieer word (Keeney, 1983).
- **Terugvoerprosesse:** In die verhouding tussen die konsultant en die gemeenskap kan 'n ontleding van die gemeenskap se huidige situasie en verwagtings oor toekomstige situasies as terug- en vooruitvoer in die sisteem gevoer word. Voorkomingsintervensies kan gesien word as 'n kombinasie van terugvoer- en vooruitvoersiklusse (Ford & Lerner, 1992) wat die balans in die sisteem versteur. Die sisteem kan dan reageer op die terugvoer deur self-regulerende aksies te implementeer om die kapasiteit van die sisteem om by verwagte toekomstige gebeure aan te pas, te ontwikkel of om die struktuur en organisasie van die sisteem te verander om bepaalde toekomstige wanbalanse te voorkom.
- **Selfregulering en betekenisgewing:** Die aanbod van vaardigheidsprogramme of verskeie oplossings bied aan die sisteem in disekwilibrium verskeie moontlike alternatiewe waaruit oplossings of gedragsopsies gekies kan word om die ekwilibrium te herstel. In hierdie proses is die betekenis wat die gemeenskap aan die oplossing heg en hoe dit in terme van die bestaande prosesse georganiseer word, van groot belang. Verandering vind volgens die interne prosesse van die sisteem plaas (Capra, 1997; Dell, 1985) en nie deur die aksies van 'n eksterne agent nie. Die uitkoms van 'n intervensie of vaardigheidsprogram is daarom nie voorspelbaar nie. Daar kan verandering op 'n wye vlak voorkom of daar kan geen of negatiewe veranderinge voorkom weens ekwi- en multifinaliteit. Dit is daarom nodig om 'n intervensie op verskillende vlakke te monitor en die proses van verandering wat plaasvind te bestudeer om te probeer verstaan watter veranderinge plaasvind en hoe die verandering plaasvind.
- **Passing tussen die konteks en die intervensie:** Intervensies ontwikkel of vanuit die konteks of eksterne idees of programme word aangepas om in te skakel by die prosesse inherent aan die konteks. Die konteks speel 'n rol in die betekenis wat die deelnemers aan die intervensie heg, die relevansie en gepastheid van die intervensie en die kontekstuele faktore wat die standhoudendheid van die verandering oor tyd bepaal. Die konsultant kan as fasiliteerder optree in die proses waarin die gemeenskap betekenis gee aan 'n probleemsituasie of voorgestelde intervensie. Voorkomingsprogramme word gesien as "complex, contextually negotiated and constrained sets of

activities which may have different meanings and consequences for different populations" (Trickett, 1997, p. 199). Volgens Trickett (1997) is die waarde van 'n intervensie nie geleë in die inhoud van die program nie, maar in die proses van program-konteks-passing en die gedeelde betekenis wat die gemeenskap daaraan heg.

- **Standhoudende verandering:** Waar intervensies inskakel in die gemeenskapsprosesse en bydra tot die ontwikkeling van gemeenskapshulpbronne (Trickett, 1997), bestaan die moontlikheid dat strukturele en organisatoriese verandering in die gemeenskap kan plaasvind wat bydra tot die integrasie van die verandering in die sisteem en die standhoudendheid van verandering.

In Rappaport (1981; 1987) se verduideliking van die konsepte bemagtiging en voorkoming, word bemagtiging en voorkoming teenoor mekaar gestel en gesien as vanuit verskillende epistemologieë. Voorkoming en bemagtiging hoef egter nie teenoor mekaar gestel te word nie, maar vanuit 'n sistemiese raamwerk kan die twee konsepte beide doelwitte van 'n intervensie wees. Voorkomingsintervensies waarin die volgende beginsels ingereken is, word beskryf as intervensies wat bydra tot die ontwikkeling van bemagtiging in 'n gemeenskap:

- Die intervensie word in 'n verhouding van samewerking gedoen en hulpbronne word beskikbaar gestel vir self-korrektiewe vermoëns van die groep.
- 'n Gelyke verhouding bestaan tussen die aanbieder en die deelnemers.
- Die program is sensitief vir die kultuur en tradisies van die deelnemers (Felner, Jason, Moritsugu & Faber, 1983).

Dis dus voorkomende intervensies waarin sistemiese beginsels verreken word wat bydra tot die bemagtiging van gemeenskappe.

Uit hierdie beskrywing van die voorkomingsbenadering kan voorkomingsintervensies dus gesien word as 'n kombinasie van terugvoer- en vooruitvoersiklusse wat die balans in die sisteem kan versteur en selfreguleringsaksies aktiveer om die struktuur en organisasie van die sisteem te verander om bepaalde toekomstige wanbalanse in 'n bepaalde lewensdomein te probeer voorkom of om die kapasiteit van die sisteem om by verwagte toekomstige wanbalanse aan te pas, te ontwikkel. Die sirkulariteit van interaksies, outonomieit van gemeenskappe en die proses van gemeenskaplike betekenisgewing in verhouding met die konsultant of ander sisteme behoort in die implementering van voorkomingsintervensies in ag geneem word.

In die implementering van die lewensvaardigheidsprogram in die huidige projek, word aspekte van die ekologiese en sistemiese beginsels ingesluit. Daar word aanvaar dat elke konteks anders is, daarom is daar nie 'n klaarontwikkelde program vir die onderwysers gegee om te implementeer nie. Daar is riglyne gegee en van die onderwysers verwag om na aanleiding van die bepaalde behoeftes van leerders in hul skole programme te ontwikkel en aan te bied. Die verantwoordelikheid om 'n konteks-spesifieke program

te ontwikkel is daardeur aan die onderwysers gegee. Om die effektiwiteit hiervan te moniteer, is deel van die evalueringsproses in hierdie navorsing. Verdere ekologiese en sistemiese beginsels wat in die intervensie geïmplementeer is, is deur verskeie sub-sisteme van die skoolgemeenskap in die intervensie te betrek deur komitees saam te stel waarin die onderwysers, leerders en ouers besluite kan neem oor die implementering van die intervensie.

Die ontwikkeling van voorkomingsintervensies kan binne die sisteemteorie voorgestel word as 'n reeks van sikliese prosesse binne bepaalde kontekste. Dit word vervolgens bespreek.

### 3.2.3 Die ontwikkeling van voorkomingsprogramme

Die ontwikkeling van lewensvaardigheids- of voorkomingsprogramme kan beskryf word in 'n aantal stadiums wat aanvanklik as 'n liniële proses gesien is (Backer, 2000; Durlak, 1995; Hamburg, 1990; Price, Cowen, Lorion & Ramos-McKay, 1988; Scheirer, 1990). Deur die beginsels van sistemiese intervensies in ag te neem, kan die proses beskryf word in terme van 'n reeks van sikliese prosesse waarin die beginsels van aksienavorsing (Paragraaf 5.2.2) geïmplementeer word. 'n Skematiese voorstelling van die proses word gegee in figuur 3.1.


- **Programkonseptualisering:** Dit behels die ontwikkeling van bruikbare teorieë oor die aard van die probleem ter sprake en prosesse wat moontlik bydra tot die ontwikkeling van die probleem of wat beskerming bied op individuele en gemeenskapsvlak. Die betekenis wat die gemeenskap aan die bepaalde probleem heg en die moontlike oplossings vanuit die gemeenskap (Rappaport, 1990) kan in die konseptualisering van die program binne die konteks gebruik word.
- **Ontwikkeling van die intervensie:** Die konseptuele model word in hierdie stadium omgeskakel in 'n kultureel-gepaste en situasie-spesifieke ontwikkelingsintervensie. Gepaste leer materiaal word in samewerking met die gemeenskapslede ontwikkel en word dikwels in 'n gestruktureerde opleidingshandleiding uiteengesit.
- **Aanvanklike toepassing:** Die intervensie word geïmplementeer, dikwels onder gekontroleerde omstandighede. Tydens die implementering van die intervensie word ondersoek hoe die deelnemers reageer (prosevaluering), watter veranderinge by individue (mikrovlak) en in die konteks (makrosisteevlak) plaasvind (uitkomsevaluering) en wat bydra tot die verandering (prosevaluering). In die evaluering word ondersoek of die program daartoe bydra om 'n verskil te maak en watter aspekte van die program aangepas kan word om die program te verbeter.
- **Implementering in verskeie kontekste:** As dit aangedui is dat die program wel kan bydra tot die beoogde verandering, kan die program in verskeie kontekste geïmplementeer word om te ondersoek of die program in meer kontekste verandering kan stimuleer. Hierdie toepassing behels dikwels die opleiding van lede van die bepaalde konteks (soos die onderwysers) om die program aan te pas en te

implementeer. Omdat intervensies situasie-spesifiek is, kan programme egter nie netso toegepas word in ander kontekste nie en is 'n proses van aanpassing by die hulpbronne en behoeftes van die bepaalde konteks nodig. Price *et al.* (1988, p. 188) beskryf dit soos volg:

“What works perfectly well under one set of conditions cannot be presumed to work equally well under all conditions. Hence, evaluating prevention programs under the inevitable circumstances of changing realities is an important gateway to assessing an intervention’s power and generality.”

In hierdie stadium word ondersoek watter veranderinge in die program nodig is om aanvaarbaar te wees en in te pas by die gemeenskapsprosesse in die konteks (prosesevaluering) en watter veranderinge in die konteks plaasvind (uitkomstevaluering).

- **Programverspreiding:** As daar deur hierdie evalueringsproses aangedui is dat die program kan bydra tot die gewenste verandering in verskeie kontekste, kan programverspreiding of bemerking bevorder word. Die program kan dan deur verskeie ander kontekste aangepas en gebruik word. Dit gaan dikwels gepaard met opleiding en konsultasiedienste om die kapasiteit en hulpbronne van die programaanbieders te help ontwikkel (Backer, 2000).



Figuur 3.1 Skematiese voorstelling van die programontwikkelingsproses

Volgens Durlak (1995) is daar min programme wat die navorsingsiklus deurloop het. 'n Aantal modelprogramme wat deur die onderskeie stadiums ontwikkel het en waarvan die effektiwiteit in verskeie kontekste aangedui is, word aangehaal deur Durlak (1995), Hamburg (1990), Lorion (1990) en Price *et al.* (1988). Daar is egter baie programme wat net enkele fases van die ontwikkelingsproses deurloop het. Eties word programontwikkelaars verplig om prosesse wat 'n rol kan speel in die uitkoms van die program te ondersoek, voordat programme versprei kan word. Baie programme word daarom in die aanvanklike stadium geëvalueer, maar nie in verskeie kontekste ondersoek nie. Hierdie programme word dan bemark sonder om aanpassings vir die spesifieke behoeftes van die konteks te maak. Aan die ander kant word programme wat potensieel suksesvol kan wees soms nie geïmplementeer nie, omdat die program nie deur die gemeenskap aanvaar word nie of omdat die implementering van programme nie effektief gedoen word nie (Backer, 2000). Die verspreiding en implementering van programme vorm dus ook 'n belangrike deel



van die ontwikkelingstadiums: “Lack of attention to program diffusion is unfortunate, because many schools are seeking help and advice in learning about existing prevention programmes” (Durlak, 1995, p.71). Prosesse wat 'n rol kan speel in programverspreiding en -implementering word in Hoofstuk 4 bespreek.

In die huidige lewensvaardigheidsprojek waar onderwysers landswyd opgelei word om lewensvaardighede in hoërskole aan te bied (Hoofstuk 1), word daar egter nie 'n spesifieke program beskikbaar gestel nie, maar van die onderwysers verwag om uit die gestelde riglyne en behoeftes van die leerders 'n eie program vir hulle skool te ontwikkel. Daar is dus nie 'n eenheidsprogram wat deur die genoemde ontwikkelingstadiums ontwikkel het en waarvan die moontlike effektiwiteit aangedui is nie. Dit beteken ook dat die programme wat in die onderskeie skole geïmplementeer word van mekaar sal verskil. Prosevaluering oor wat werklik in die skole geïmplementeer word, is daarom van groot belang.

Soos blyk uit die ontwikkelingstadiums van voorkomingsprogramme speel die evaluering 'n groot rol in elke stadium van die ontwikkeling. Die evaluering van voorkomingsprogramme word vervolgens bespreek.

#### **3.2.4 Die evaluering van voorkomingsintervensies**

Om die effektiwiteit van lewensvaardigheids- of voorkomingsprogramme te ondersoek, is dit nodig om die intervensie se bydrae tot die vermindering van potensiële probleemgedrag in die gemeenskap op die langtermyn te ondersoek. Dis egter nie 'n eenvoudige proses nie, omdat daar veelvuldige prosesse is wat oor 'n lang termyn in interaksie is en moontlik kan bydra tot die ontwikkeling van probleemgedrag. Tans is die kennis oor die interaksiepatrone en watter prosesse prominent is in die ontwikkeling van probleme, nog beperk (Durlak, 1995). Om evaluasie op die kort termyn moontlik te maak, kan prosesse wat bydra tot die risikosituasie en prosesse wat 'n beskermende impak het, as onmiddellike uitkomstriteria gebruik word. As die risiko's verminder en die beskermende prosesse verhoog, kan dit 'n aanduiding wees dat verandering in die gewenste rigting plaasvind (Heller *et al.*, 1984).

In die afgelope dekade was daar verskeie ondersoeke en meta-ontledings waarin die effektiwiteit van primêre voorkomingsprogramme ondersoek is. Die oorwegende gevolgtrekking is dat voorkomings- en ontwikkelingsintervensies kan bydra tot die vermindering van probleemgedrag en die verhoging van bevoegdheid in 'n groot verskeidenheid teikengroepe (Albee & Gullotta, 1997; Durlak, 1995; 1998; Durlak & Wells, 1997a; Mrazek & Haggerty, 1994; Price *et al.*, 1988; Weissberg & Greenberg, 1998). Uit 'n meta-ontleding van 177 primêre voorkomingsprogramme waarin gefokus is op die voorkoming van sosiale en gedragsprobleme van kinders en adolessente, kom Durlak en Wells (1997a; 1997b) tot die gevolgtrekking dat die verbetering in die welsyn van kliënte in die voorkomingsprogramme goed vergelyk met die veranderings gevind in meta-ontledings van ander intervensies soos psigoterapie en mediese behandeling. Deelnemers aan die programme se funksionering is beter as 59% tot 82% van die

kontrolegroep se funksionering. Dit oortuig Durlak en Wells (1997a, p.138) dat: "Current data confirm the merit of primary prevention as a strategy to achieve change in normal populations."

Hoewel die uitkomdata van programme meestal positief is, word die gevolgtrekking oor die effektiwiteit van die programme versigtig gedoen, weens 'n groot aantal metodologiese tekortkominge wat steeds in die navorsing voorkom. Durlak en Wells (1997a) beveel aan dat die navorsingsprosedures, programdoelwitte en programimplementering duideliker beskryf behoort te word om die evaluering van die bevindinge te bevorder. Die resultate van verskillende ondersoeke is nie altyd vergelykbaar nie, want verskillende teikengroepe en ander uitkomstriteria word gebruik (Cowen, 2000). Dit word ook aanbeveel dat veelvuldige veranderlikes gebruik word in die evaluering van programme, en dat ondersoek word hoe programuitkomste verband hou met die konteks waarin dit geïmplementeer word - 'n groter fokus op presiesheid en die ekologiese passing van programme is dus nodig (Durlak & Wells, 1997a). Dit is ook nog onduidelik watter aspekte van programme bydra tot verandering. Meer klem kan daarom in die evaluering van programme gelê word op die proses van implementering, want die kwaliteit van programimplementering speel dikwels 'n groot rol in die uitkoms van intervensies (Durlak, 1995; Durlak & Wells, 1997a).

Die langtermynimpak van die programme op gedragpatrone in die gemeenskap is nog grootliks onbekend, omdat daar min ondersoeke is wat opvolgevaluasies insluit (Durlak & Wells, 1997a; Hamburg, 1990). In die meta-ontleding van Durlak en Wells (1997a) was daar 25% ondersoeke wat opvolgdata gerapporteer het, selde langer as een jaar. Die moontlikheid bestaan egter dat intervensies langtermynimpak kan hê. So dui Botvin, Barker, Dusenbury, Botvin en Diaz (1995) in 'n opvolgondersoek na vier jaar aan dat leerders wat deelgeneem het aan 'n lewensvaardigheidsprogram om dwelingebruik te voorkom, steeds minder risikogedrag toon as 'n kontrolegroep.

Uit die bestudering van 'n groot aantal voorkomingsprogramme kom Durlak (1995, p. 95) tot die gevolgtrekking:

"School-based prevention works. It works in the sense that several interventions have produced meaningful changes in school children's lives that are durable over time. The research literature is far from definitive, however, and more work must be done to strengthen confidence in program outcomes. Success has been uneven across programs, and we do not know the specific factors that account for differential program impacts."

Daar kan tog 'n aantal eienskappe geïdentifiseer word wat moontlik kan bydra tot die effektiwiteit van voorkomings- en ontwikkelingsprogramme.



### 3.2.4.1 Eienskappe van effektiewe programme

Uit die bestudering van 'n groot aantal programme maak Durlak (1995), Hamburg (1990), Lorion (1990), Pentz (2000) en Price *et al.* (1988) 'n aantal tentatiewe gevolgtrekkings oor programmeienskappe wat moontlik kan bydra tot programmeffektiwiteit. Dit is opvallend dat dit eienskappe is wat vanuit die ekologiese en sisteembenadering beklemtoon word. Die eienskappe word vervolgens bespreek.

- Intensiewe multi-sisteem intervensies blyk effektief te wees om verandering te fasiliteer wat oor 'n lang termyn in stand gehou kan word. Programme waarin die onderskeie sub-sisteme van die individu, soos die kognitiewe, affektiewe en interpersoonlike sub-sisteme betrek word deur verskeie onderrigstrategieë te gebruik, het dikwels 'n impak op die interne organisasie en interaksiepatrone van individue. As intervensies gerig op die individu aangevul word deur intervensies in ander sub-sisteme van die gemeenskap soos die gesin, die skool, gemeenskapsleiers en die media, verhoog die kans dat versteuring in die gemeenskap kan plaasvind. Omvangryke intervensies kan bydra tot verandering in die organisering en strukturering van die konteks, die ontwikkeling van gemeenskapshulpbronne (strukturele komponente) en verandering in die intersubjektiewe betekenisgewing oor verskillende sub-sisteme heen, soos dit tot uiting kom in veranderde gemeenskapsnorms (Collins, 1995; Dryfoos, 1993; Levine, 1998; Pentz, 1995; 2000; Weissberg *et al.*, 1991). Durlak (1995, p. 84) stel dit soos volg: "Behavioral and social changes are complex phenomena and multidimensional multilevel interventions acknowledge this complexity." Bateson (1979) se logiese tipering van gedrag kan ook as verduideliking gebruik word. Gedrag word gesien as deel van 'n gedragspatroon wat deel vorm van 'n geassosieerde konteks. Verandering in die konteks as hoër orde proses kan terugvoeringsisteme daarstel wat verskillende ordes van verandering moontlik maak en in stand hou.
- Langtermynblootstelling aan programme kan bydra tot die moontlikheid van langtermyneffektiwiteit (Johnson *et al.*, 1990; O'Donnell, Hawkins, Catalano, Abbott & Day, 1995). Programme wat vir opeenvolgende jare aangebied word of opvolgssessies insluit, bevestig betekenis wat aan die boodskap geheg word en kan aansluit by die veranderende prosesse en betekenis wat gevorm word in die ontwikkelingsproses (Gergen, 1994). Die gedeelde betekenis wat oor 'n lang termyn vorm kan dan geïntegreer word in gemeenskapsgedragpatrone of sosiale norme (Levine, 1998).
- Gefokusde programme met spesifieke doelwitte soos om dwelmgebruik te voorkom, blyk meer effektief te wees as generiese of algemene ontwikkelingsprogramme (Levine & Graziano, 1972; Weissberg *et al.*, 1988). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die gefokusde evaluering van die program (Paragraaf 3.2.1.4) of die konteks-spesifieke vaardighede wat aangeleer word. Dit sluit aan by die opvatting dat gedrag 'n weerspieëling is van die resiprokale interaksie tussen persoon en konteks.
- Intervensies waarin 'n effektiewe passing tussen die program en die konteks gemaak word, blyk

effektief te wees (Trickett, 1997). Programme wat aansluit by die gemeenskap se betekenisgewing en spesifieke behoeftes word makliker deur die gemeenskap aanvaar (Levine, 1998) en kan verstoring in die ekwilibrium meebring. Die betrokkenheid van die teikengroep in die ontwikkeling en implementering van die program, dra ook by tot die aanvaarbaarheid van die program en die ontwikkeling van gedeelde betekenisgewing (Gergen, 1994).

Uit die evaluering van voorkomingsprogramme blyk dit dat die sukses van voorkomingsprogramme nie gewaarborg is nie. As die stappe van programontwikkeling, die eienskappe van potensieel effektiewe programme en die kompleksiteit daarvan in ag geneem word, word afgelei dat enige program baie doeglik beplan behoort te word en teoreties onderlê behoort te wees om verandering in gemeenskapsproesse te fasiliteer. Hamburg (1990, p. 26) kom tot die gevolgtrekking: “Lifeskills programs have been shown to be effective when they are soundly designed and well-implemented.”

Tot dusver is aandag gegee aan literatuur oor algemene voorkomingsprogramme en programme wat persoonlike en interpersoonlike vaardighede ontwikkel met die oog op die ontwikkeling van geestesgesondheid. Vervolgens word aandag gegee aan programme wat gerig is op die voorkoming van MIV/VIGS-verspreiding as 'n spesifieke toepassingsterrein binne die voorkomingsbenadering.

### 3.3 VOORKOMINGSPROGRAMME GERIG OP MIV/VIGS-VOORKOMING

#### 3.3.1 Die uitdaging

“HIV infection has reached epidemic proportions in South Africa and has serious consequences for individuals as well as for the country’s health resources and economy” (Beyond Awareness Campaign, 1997/98, p.16). Die omvang en die vinnige verspreiding van die MIV/VIGS-epidemie in Suid-Afrika (Department of Health, 2000a) dui op die dringendheid om die verspreiding van die virus te voorkom. Omdat daar nog geen genesing vir VIGS is nie, is die voorkoming van die verspreiding van die virus nog die enigste manier om die siekte te bekamp (Lindegger & Wood, 1995; Sepulveda, Fineberg & Mann, 1992). Daar is 'n aantal strategieë wat gebruik kan word om die verspreiding van die virus te voorkom, soos die beveiliging van bloedoortappings, maatreëls om oordrag van moeder na kind te keer, die behandeling van seksueel oordraagbare siektes en die vermindering van risikogedrag (Lampthey, 2000). Die vermindering van risiko-seksuele gedrag as voorkomingstrategie sal die fokus van hierdie bespreking wees.

Hoewel die siekte reeds amper twee dekades bekend is, groot mediablootstelling kry, etlike voorkomingsveldtogte reeds geloods is (Department of Health, 1998b; 2000b; Parker *et al.*, 1998) en VIGS-sterftes meer algemeen word, is daar nog nie werklike toewyding in die gemeenskap en

koördinerings van dienste om die verspreiding van die siekte te bekamp nie (Kwazulu-Natal Youth Council, 1998; Sherriffs, 1997; Wishart & Hellberg-Phillips, 1998). “Too much talk and too little action: plans are made, committees formed and strategies drafted. Few keep to their time-frames and many end up as little more than folders on a bookshelf” (Sherriffs, 1997, p.11). In Suid-Afrika is daar nog nie aangedui dat die nasionale voorkomingstrategieë werklik suksesvol is om die verspreiding van die virus te bekamp nie. Sepulveda *et al.* (1992, p. 17) verwoord iets hiervan:

“The widespread indifference is explained in part by the lack of spectacular results in therapeutics and immunoprevention, and the failure to achieve tangible results from mass media campaigns against AIDS.”

Die bespreking van MIV/VIGS laat baie mense ongemaklik voel, moontlik omdat dit baie van die taboe- onderwerpe in die gemeenskap aanraak: seks, bloed, dood, promiskuïteit, prostitusie, homoseksualiteit en die gebruik van dwelmmiddels. VIGS plaas ook die fokus op en verhoog sosiale vooroordele, ekonomiese ongelykhede, diskriminerende praktyke en politieke ongelykhede (Lindegger & Wood, 1995). Om hoë risiko seksuele gedrag te verander is geen maklike taak nie – dit is komplekse gedrag, ‘n uitdrukking van intimiteit en basiese biologies-gedrewe gedrag omring met baie taboes en psigiese prosesse (Rosenberg *et al.*, 1992; Van Dyk, 1991). Die MIV/VIGS-epidemie konfronteer die gedragswetenskappe met die beperkings in die kennis oor seksualiteit en gedragsverandering en gee ‘n nuwe uitdaging om gesondheidsorg en lewenskwaliteit van die gemeenskap te verbeter (Hunter & Chen, 1992; Smith & Debus, 1992).

Die uitdaging gekoppel aan MIV/VIGS-voorkoming behels om ‘n proses van sosiale verandering te fasiliteer waarin die gemeenskap as geheel betrek word. Hoewel die aard van verbande tussen prosesse wat bydra tot die voorkoms van risikogedrag kompleks is, kan daar prosesse geïdentifiseer word wat onderliggend is aan hoë risikogedrag. Campbell en Williams (1998) dui aan dat intervensieprogramme se effektiwiteit grootliks afhang van die mate waartoe die intervensie bydra tot verandering op die volgende vlakke:

- **Persoonlike prosesse:** Prosesse op die individuele vlak wat 'n persoon se risiko om blootstelling aan die virus te kry verhoog, behels interne prosesse soos interaksie wat voortspruit uit 'n negatiewe selfkonsep, eksterne lokus van kontrole, gebrek aan besef van persoonlike risiko, gebrekkige kennis oor VIGS, gebrekkige sin van selfbevoegdheid om gedrag te verander, negatiewe houdings en stereotipes oor VIGS (DiClemente, 1992; Perkel *et al.*, 1991; Van Dyk, 1991). Die verhoging van die teikengroep se vlak van waargenome selfbevoegdheid en beheer en die uitskakeling van risikofaktore kan bydra tot beskermende prosesse wat die voorkoms van risikogedrag kan verminder en gesonde lewenstyl kan bevorder (Campbell & Williams, 1998).
- **Interpersoonlike prosesse:** Interpersoonlike prosesse wat 'n rol kan speel in die voorkoms van hoë risikogedrag behels onder meer die gemeenskaplike betekenisgewing aan verhoudings,



geslagsverskille en seksualiteit, asook die betekenis wat geheg word aan beskermingsmaatreëls soos die gebruik van kondome (Campbell & Williams, 1998; St Lawrence, Eldridge, Reitman, Little, Shelby & Brasfield, 1998; Van Dyk, 1991).

- **Gemeenskapsprosesse:** Op gemeenskapsvlak blyk dat MIV/VIGS verband hou met sosiale vraagstukke soos armoede, oorbevolking, gebrek aan gesondheidsdienste en ontspanningsgeriewe, hoë misdaad, verstedeliking, werkloosheid, swak onderwys, ongeletterdheid, gebroke gesinslewe, die minderwaardige posisie van vroue en politieke onstabiliteit (Abdool Karim, 1998; Decosas, 1998/99; Evian, 1992; Gillies, Tolley & Wolstenholme, 1996; Lindegger & Wood, 1995; Parker *et al.*, 1998; Ratsaka & Hirkowitz, 1993; St Lawrence *et al.*, 1998). Persoonlike keuse is nie altyd die hoofrede vir blootstelling aan MIV nie, want gedrag ontwikkel uit die konteks en kan gesien word as hantering van interpersoonlike, kulturele, sosiale en ekonomiese prosesse in die gemeenskap en hou ook verband met die beskikbaarheid van hulpbronne om hul doelwitte te bereik (Hobfoll, 1998; Macheke & Campbell, 1998). Om verandering in hoë risikogedrag te probeer fasiliteer is 'n gemeenskapskonteks wat seksuele gedragsverandering moontlik maak en ondersteun, nodig (Campbell & Williams, 1998). "A key determinant of success is the extent to which communities have a range of formal and informal networks and resources that are broadly supportive of what the programme is trying to achieve" (MacPhail & Campbell, 1999, p. 163).

Bogenoemde prosesse speel op 'n komplekse wyse 'n rol in die voorkoms van hoë risikogedrag wat bydra tot die verspreiding van MIV/VIGS en speel ook 'n rol in die effektiwiteit van intervensies om verandering van bestaande gedragspatrone te fasiliteer. In die ontwikkeling van 'n holistiese en geïntegreerde intervensiestrategie gemik op individuele en sosiale verandering, sou dit nodig wees om hierdie prosesse in ag te neem.

### **3.3.2 Prosesse wat die ontwikkeling en implementering van voorkomingsprogramme benadeel**

Voorkomingsintervensies het tot op hede nog nie 'n daadwerklike verandering in die verspreiding van MIV/VIGS in Suid-Afrika tot gevolg gehad nie (Department of Health, 2000a). Dit kan moontlik toegeskryf word aan 'n aantal komplekse prosesse wat verandering in die gemeenskap teëwerk.

#### **3.3.2.1 Beperkings in programontwikkeling**

- Daar is 'n gebrek aan kennis en begrip vir mense se betekenisgewing aan seksuele gedrag en metodes om hoë risikogedrag te verander. Seksuele gedrag kan gesien word as komplekse gedrag waarin intra-individuele, interpersoonlike, kulturele, ekonomiese en gemeenskapsprosesse 'n rol speel (Campbell & Williams, 1998). "We currently lack the conceptual tools needed to adequately understand or measure the interacting effects of these factors each operating at a different level, on people's sexuality" (MacPhail & Campbell, 1999, p.150). Baie meer konseptuele werk is nog nodig om te

verstaan watter prosesse 'n rol in seksuele gedragsverandering kan speel.

- 'n Gebrek aan teoretiese onderbou van intervensieprogramme dra soms by tot die onsuksesvolheid van die program. Voorkomingsprogramme word dikwels haastig ontwikkel sonder deeglike beplanning, teoretiese begronding en kennis van die groepe waarmee gewerk word. Daar word ook nie deeglike evaluering gedoen om die impak daarvan op die teikengroep te bepaal nie (Sepulveda *et al.*, 1992). Sonder 'n navorsingsingesteldheid ontwikkel die kwaliteit van intervensies nie.
- Morele vraagstukke oor die boodskap van voorkomingsprogramme vir jong mense (seksuele onthouding of kondoomgebruik) het die ontwikkeling van voorkomingsintervensies in skole vertraag (Maclachlan, Namangala & Kabambe, 1995; Mathews *et al.*, 1995; Sherriffs, 1997). Die First AIDS Kit van die destydse Department van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (1992) kan as 'n voorbeeld gebruik word. Sommige kenners het die program as opvoedkundig onaanvaarbaar beskou omdat kondoomgebruik as gedragsopsie voorgestel is. Ander kritici het die program verwerp weens die voorskrywende aard daarvan en die middelklaswaardes wat voorgehou is. Die gebrek aan kontak met die realiteit van seksuele gedrag onder die jeug is ook gekritiseer (Reddy, Everett & Steinberg, 1992). Verskillende groepe se houding teenoor seksuele praktyke verskil (Perkel *et al.*, 1991), daarom is 'n algemene intervensiestrategie selde suksesvol om aan die behoeftes van diverse groepe mense te voorsien.

### 3.3.2.2 Beperkings vanuit die gemeenskap se betekenisgewing

- **Betekenis geheg aan VIGS:** VIGS word dikwels geassosieer met sosiale taboes, afkeur en vrees. Dit dra daartoe by dat hulle die inligting oor VIGS ignoreer of hulself daarvan distansieer sonder om hulle werklike risiko in ag te neem. Die lang inkubasietyd voordat die siekte sigbaar raak, dra by tot die ontkenningproses (Mogotsi, 1997; Visser, Korf & Louw, 1995). Persoonlike risiko word dikwels ontken deur MIV/VIGS as 'n siekte van ander mense te sien. Onder die jeug wat wel die risiko van VIGS sien, is daar soms 'n houding van hooploosheid te bespeur, dat hulle nie beheer daarvoor het nie: "...it is a matter of time, if you were not already infected" (Greer, 1997, p. 18). Hierdie proses van interne betekenisgewing benadeel die persoon se beoordeling van sy eie risiko om die siekte te kry (Rosenstock, 1990).
- **Betekenis geheg aan gedragsalternatiewe:** Die persoonlike koste om die risiko van MIV/VIGS te vermy, is vir sommige mense te groot. Vir die jeug kan seksuele onthouding die verlies aan portuurgroepaanvaarding en -status en verlies aan seksuele uitlewing beteken (Mathews *et al.*, 1995). Vir sommige kan dit ook die verlies wees van 'n bron van inkomste (Abdool Karim, 1998; Pretorius, Roos & Visser, 1995). Die betekenis geheg aan kondoomgebruik is dikwels die van ontrouheid in 'n verhouding of promiskuïteit (Abdool Karim, Abdool Karim, Preston-White & Sankar, 1992; Wingood & DiClemente, 1998). Om kondome in 'n verhouding voor te stel, konfronteer baie mense met 'n gevoel van gebrek aan selfbevoegdheid: hulle weet nie hoe om die situasie te hanteer nie

(Marin, Tschann, Gomez & Gregorich, 1998). Die betekenis wat jongmense aan die koste van gedragsverandering heg, kan so oorweldigend wees dat hulle hulself nie teen die virus beskerm nie (Rosenstock, 1990).

### 3.3.2.3 Gemeenskapsprosesse

- Kulturele betekenis geheg aan seksualiteit, voortplanting en verhoudings bring mee dat verandering in gedrag nie maklik plaasvind nie. Verstedeliking, trekarbeid en armoede het daartoe bygedra dat die tradisionele seksuele taboes in sommige groepe verval het en het groter seksuele losheid tot gevolg gehad wat die verspreiding van MIV/VIGS bevorder. Tradisionele sienings van voortplanting, geboortebepanking en die rol van vroue, asook die gebrek aan seksuele opvoeding deur ouers, bemoeilik die bestryding van MIV/VIGS veral in die swart gemeenskappe (Hickson & Mokhobo, 1992; Mayekiso & Twaise, 1993). Dit dui daarop dat diverse strategieë nodig is om die boodskap in verskillende kulture oor te dra. Sepulveda *et al.* (1992, p. 362) skryf in die verband:

“We must admit our own ignorance and limitations about the best way to combat AIDS. A universally valid or accepted education model does not exist. Messages and channels of communication must vary depending on the audience.”

- Politieke en finansiële vraagstukke speel 'n groot rol in die voorkoming van MIV/VIGS. VIGS as 'n sosiale vraagstuk is hoogs gepolitiseer en is 'n emosionele saak vir baie mense (Mathews *et al.*, 1995). Wêreldwyd is dit 'n politieke en finansiële probleem – dit is 'n duur siekte met geweldige implikasies vir die ekonomie en daar is nie voldoende hulpbronne soos geld, infrastruktuur en opgeleide personeel om die siekte te help voorkom en behandel nie (Floyd, Reid, Wilkinson & Gilks, 2000; Gillies *et al.*, 1996; Sepulveda *et al.*, 1992). Veral in derde wêreldlande “HIV becomes yet another challenge in their quest for survival” (Abdool Karim, 1998, p. 20).

Om effektief te wees in die voorkoming van MIV/VIGS is dit nodig dat intervensies so ontwikkel word dat hierdie prosesse wat voorkomingsintervensies benadeel in ag geneem en oorkom word. “The challenge is to find educational strategies which maintain a delicate balance between effectiveness and acceptability” (Sepulveda *et al.*, 1992, p. 363).

### 3.3.3 MIV/VIGS-voorkomingsprogramme op skoolvlak

Te midde van 'n debat oor die effektiwiteit van verskeie voorkomingsintervensies, bly die opvoeding van die jeug deur skoolgebaseerde VIGS-voorkomingsprogramme wêreldwyd 'n prioriteit (DiClemente, 1992; O'Grady, 2000; Slutkin, 1992; WHO, 1992). Hoërskoolleerders behoort 'n belangrike fokuspunt vir VIGS-voorkoming te wees aangesien hulle 'n hoë risikogroep is wat seksueel begin eksperimenteer en nuwe gedragspatrone, waardes en identiteit ontwikkel (DiClemente, 1992; Hickson & Mokhobo,

1992; Mathews *et al.*, 1995; WHO, 1992). McCormick (1989, p. 7) beskryf die behoefte aan MIV/VIGS-voorkoming soos volg: “We cannot disregard this responsibility to educate our young about AIDS. The need is critical and the price is high.” Die grootste fout wat in Suid-Afrika in terme van VIGS-voorkoming gemaak is, was om nie lank reeds voorkomingsprogramme in die skool in te stel nie (Sherriffs, 1997).

### 3.3.3.1 Die adolessent en MIV/VIGS

Adolessente word beskou as 'n hoë risikogroep om MIV/VIGS op te doen weens die hoë voorkoms van onbeskermdede seksuele aktiwiteit. “It has been concluded internationally that adolescent sexual activity is characterised by early onset, multiple partners and a low incidence of contraception use” (Flisher *et al.*, 1993b, p. 495). Kushlick en Rapholo (1998) rapporteer dat 49% van 'n gestratifiseerde steekproef van 18 500 leerders uit 600 sekondêre skole in Suid-Afrika, aandui dat hulle seksueel aktief is. Die helfte van die sekueel aktiewe leerders het aangedui dat hulle kondome gebruik het tydens 'n onlangse seksuele ervaring. Hierdie bevindings bevestig die resultate van verskeie ondersoeke onder die jeug in Suid-Afrika waarin hierdie hoë risiko aangedui is (Department of Education, 1997; Flisher *et al.*, 1996; Mathews *et al.*, 1990; 1995; Mayekiso & Twaise, 1993; Mogotsi, 1997; Visser, 1995; Visser & Moleko, 1999). Uit hierdie ondersoeke het ook geblyk dat leerders oor die basiese kennis oor MIV/VIGS beskik, maar dat hoë risikogedrag in stand gehou word deur 'n aantal onderliggende prosesse waaronder die volgende:

- Adolessente eksperimenteer dikwels met volwasse gedrag sonder om verantwoordelikheid vir hulle gedrag te aanvaar en ervaar 'n gevoel van onaantasbaarheid - dat niks met hulle kan verkeerd gaan nie (Kirby, 1992; Shiel, 1999). (Verwys ook na Paragraaf 3.1.2.)
- Portuurgroepaanvaarding is vir die adolessent belangrik, daarom probeer hulle voldoen aan portuurgroepnorme wat dikwels vorms van hoë risikogedrag insluit (Fisher, Misovich & Fisher, 1992; Mathews *et al.*, 1995; Shiel, 1999).
- 'n Negatiewe houding oor beskermingsgedrag soos kondoomgebruik (Abdool Karim *et al.*, 1992).

### 3.3.3.2 Verskillende tipes voorkomingsprogramme

Daar is verskeie intervensiestrategieë wat in MIV/VIGS-voorkoming gebruik word. Dit is opmerklik dat die meerderheid strategieë individueel-gerig is veral vanuit die Gesondheidsielkunde en dat gemeenskapsintervensies vanuit die Gemeenskapsielkunde eers in die 1990's ontwikkel het (Hobfoll, 1998). Dieselfde ontwikkelingspatroon word gesien as wat in die ontwikkeling van dwelmvoorkomingsprogramme voorgekom het (Paragraaf 3.2.2). MacPhail en Campbell (1999) merk ook 'n ontwikkeling weg van die individueel-georiënteerde na meer deelnemende benaderings op. 'n Aantal benaderings tot MIV/VIGS-voorkoming word vervolgens bespreek en aangedui hoe dit geïntegreer kan word binne 'n intervensie vanuit 'n sistemiese verwysingsraamwerk.

- **Opvoedkundige programme:** Opvoedkundige programme en mediaveldtogte is daarop gerig om bewustheid te ontwikkel en kennis oor te dra oor die risiko's van die siekte en alternatiewe gedrag. Hierdie programme dra veral by tot die ontwikkeling van 'n klimaat wat gedragsverandering kan ondersteun (Jason, 1998; Lindegger & Wood, 1995; Parker *et al.*, 1998). Kennis is egter nie voldoende om gedragsverandering moontlik te maak nie, omdat gedrag 'n uitvloeisel is van meer as net kognitiewe prosesse (Kelly *et al.*, 1993).
- **Kognitiewe gedragsveranderingsprogramme:** Kognitiewe gedragsveranderingprogramme word hoofsaaklik gebaseer op die gesondheidsoortuigingsmodel (Rosenstock, 1990) en die sosiale leerteorie (Bandura, 1989; 1992). Die fokus van die programme is op die evaluering van persoonlike risiko, motiverende aspekte en struikelblokke in gedragsverandering. Die programme is ook gerig om die aanleer van sosiale vaardighede en bevordering van persone se gevoel van selfbevoegdheid - dat hulle beheer oor hul eie gedrag kan uitoefen. "Behaviour change requires not only skills but also strong self-belief in one's efficacy to exercise personal control" (Bandura, 1992, p. 90). Gedragsveranderingsprogramme word dikwels ontwikkel in samewerking met die teikengroep en word in 'n persoon-tot-persoon of kleingroepkonteks aangebied (Lindegger & Wood, 1995).
- **Verandering van sosiale norme:** Volgens die berekende aksiemodel (Fishbein & Middlestadt, 1989; Fisher *et al.*, 1992) speel die waargenome sosiale norm 'n belangrike rol in die motivering van gedrag, veral by adolessente. Die belangrikheid van sosiale norme as uitdrukking van sosiale betekenisgewing word ook beklemtoon vanuit die sosiale konstruksionistiese benadering (Gergen, 1994). Waar die verwagting was dat die gebruik van kondome goedgekeur gaan word deur die groep, word kondome geredeliker gebruik (St Lawrence *et al.*, 1998). Strategieë om die groepnorm te beïnvloed is byvoorbeeld die gebruik van portuurgroepieiers of sporthelde om gedrag te modelleer of om ondersteuning vir die aanvaarding van veranderde gedrag in die groep te gee - dit kan 'n wederkerende reaksie in die groep as geheel tot gevolg hê (Fisher *et al.*, 1992; Kirby, 1992). Die bekendmaking van MIV-status kan ook daartoe bydra dat die siekte meer sigbaar raak en kan 'n impak op sosiale gedragspatrone hê (Abdool Karim, 1998; Sherriffs, 1997). Aspekte wat 'n groot impak op sosiale gedrag en norme het, is die besef van eie risiko, meer kontak met mense met VIGS en die sigbaarheid van die siekte en sterftes, soos geblyk het uit die suksesvolle San Francisco-intervensies (St Lawrence, Hood, Brasfield & Kelly, 1989).
- **Gemeenskapsintervensies:** Soos blyk uit die bespreking van voorkomingsintervensies (Paragraaf 3.2.1.3), is gedragsveranderingsprogramme nie voldoende om die MIV/VIGS-epidemie te bekamp nie (Lachenicht, 1993). Strukturele veranderinge en interventies op makrovlak is nodig om die konteks waarin die siekte versprei, te verander en individue daardeur te bemagtig om gesondheidsbesluite te neem (Lindegger & Wood, 1995; Tawil *et al.*, 1995). "A solution may only be found in the restructuring of society – or at least in solutions based on a deeper understanding of why sexual behaviour one wishes to alter, takes the form it does" (Lachenicht, 1993, p. 15). Gemeenskapsintervensies behels die ontwikkeling van beleid oor gesondheidsorg, die bevordering



van lewenskwaliteit, bemagtiging van vroue, verspreiding van kondome en vorming van sosiale netwerke om gedragsverandering te ondersteun (Decosas, 1998/99; Tawil *et al.*, 1995). Die verandering van die sosiale norme is ook 'n aspek wat op gemeenskapsvlak aangespreek kan word (Levine, 1998; St Lawrence *et al.*, 1998). In hul ontleding van 41 VIGS-voorkomingsintervensies in ontwikkelende lande vind MacPhail en Campbell (1999) 'n groter tendens tot gemeenskapsdeelname en bemagtiging in voorkomingsprogramme. Pogings word daardeur aangewend om 'n gesondheidsbevorderingskonteks in die gemeenskap te help ontwikkel.

As Bateson (1979) se vlakke van logiese tipering (Paragraaf 2.2.4.3.3) met die intervensies en die potensiële impak daarvan in verband gebring word, kan opvoedkundige intervensies waardeur inligting versprei word, moontlik beskou word as 'n vlak-nul intervensie waar inligting bloot gegee word. Die kognitiewe gedragsveranderingsprogramme kan as eerste-orde intervensies gesien word wat kan bydra tot eerste-orde verandering, terwyl die verandering in sosiale norme of betekenis en gemeenskapsintervensies as tweede-orde intervensies gesien kan word, waarin mense se uitkyk op die lewe kan verander deur verandering wat in die konteks plaasvind.

Deur die bogenoemde intervensieraamwerke (Bandura, 1992; Fisher *et al.*, 1992; Parker *et al.*, 1998; Rosenstock, 1990) te kombineer binne 'n sisteembenadering kan die intervensie soos volg voorgestel word:

- 'n Intervensie is nodig as terugvoeringsproses wat die sisteem se ewilibrum versteur deur klem te lê op persoonlike risiko en die erns van die epidemie (Rosenstock, 1990). Die doel van die intervensie is om self-korrektiewe gedrag in die gemeenskap aan te moedig (Capra, 1997).
- Alternatiewe gedrag kan as gedragsopsies voorgelê word waaruit die versteurde sisteem dan nuwe hanteringswyses kan vind en nuwe prosesse kan implementeer om die ewilibrum te probeer herstel (Keeney, 1983). In hierdie fase gaan dit oor die bewusmaking van gedragsopsies deur vaardighedsopleiding (Bandura, 1992), die bespreking van beperkende betekenisgewing aan VIGS en gedragsalternatiewe en herkonstruering van betekenis (Rosenstock, 1990), die bevordering van selfbevoegdheid (Bandura, 1992) en ontwikkeling van gedeelde betekenis in die vorm van groepnorme (Fisher *et al.*, 1992). Hierdie prosesse word vanuit die verskillende raamwerke beklemtoon as prosesse wat 'n rol kan speel in gedragsverandering. Binne die sistemiese perspektief kan hierdie prosesse gesien word as deel van die interne prosesse van persone en groepe wat verandering in gedrag kan medieer. Hoewel die intervensie as inset gegee word, word aanvaar dat dit die sisteem self is wat nuwe gedragspatrone vorm wat inpas by die persoon of groep se betekenisgewing en konteks (Capra, 1997).
- Op die gemeenskapsvlak is dit nodig dat die organisasie en struktuur van die gemeenskap, veral in terme van die voorsiening van gemeenskapshulpbronne die verandering (nuwe gedragspatrone) ondersteun. Verandering in die konteks kan bydra tot die ontwikkeling en vestiging van alternatiewe

gedragpatrone en sosiale norme (Levine, 1998; Rosenberg *et al.*, 1992).

'n Voorkomingsprogram waarin bogenoemde prosesse geïntegreer word, wat oor 'n lang termyn aangebied word en waarin die behoeftes van die gemeenskap in ag geneem word, vervat die eienskappe van suksesvolle programme (Paragraaf 3.2.4.1) en het die potensiaal om 'n verskil te maak in die betekenisgewing en gedrag van leerders in die skool.

### 3.3.3.3 Die ontwikkeling van MIV/VIGS-voorkomingsprogramme vir skole

Die doel van MIV/VIGS-voorkomingsprogramme in die skool word deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO, 1992, p. 3) soos volg geformuleer:

“To develop in the students the knowledge and skills needed for healthy human relationships, effective communication and responsible decision-making behaviour that will protect themselves and others from HIV/STD infection and optimize health.”

Hierdie doel verwys na 'n voorkomings- en welsynsbevorderingsbenadering. Vier spesifieke doelwitte word hieruit afgelei:

- Om 'n bewustheid en begrip vir die siekte te help ontwikkel en wanopvattinge uit die weg te ruim.
- Om leerders te help om beskermende gedrag as deel van hulle denke oor seksuele gedrag en lewenstyle te integreer.
- Om leerders met hoë risikogedrag bewus te maak van die risiko en hulle te help om keuses oor alternatiewe gedrag te maak met inagneming van hulle spesifieke behoeftes.
- Om die sosiale klimaat te beïnvloed om voorkomende gedrag te ondersteun (WHO, 1993b).

Breë beginsels vir die ontwikkeling van MIV/VIGS-voorkomingsprogramme wat as raamwerk gebruik kan word in die ontwikkeling en evaluering van programme word vervolgens bespreek (Center for Disease Control, 1988; McCormick, 1989; Schapink, Hema & Mujaya, 1997; Visser, 1995; WHO, 1992; 1999).

#### 3.3.3.3.1 Deelname in ontwikkeling van programme

Een van die belangrikste beginsels vir die ontwikkeling van MIV/VIGS-voorkomingsprogramme, in die lig van die genoemde prosesse wat voorkomende gedrag teëwerk (Paragraaf 3.3.2), is dat programme ontwikkel behoort te word vir die spesifieke behoeftes van die teikengroep, met begrip vir die leerders se ervarings en patrone van gedrag binne sosiale en kulturele kontekste (Hanson, 1995). Adolensensie en seksualiteit is sosiaal gedefinieerde konstruksies en verskillende betekenisse en waardes word aan seksuele ekspressie geheg in die verskillende kontekste (Standing, 1992). Deelname vanuit die teikengroep en die gemeenskap aan die ontwikkeling van die program in die vorm van 'n vennootskap, is noodsaaklik om gedeelde betekenisgewing tussen die konsultant en die gemeenskap en in die gemeenskap onderling te

bevorder (Green, Kreuter, Deeds & Partridge, 1980; Kuhn, Steinberg & Mathews, 1994; Mathews *et al.*, 1995; Mogotsi, 1997; Rosenberg *et al.*, 1992). Die proses word dus beskou as ko-evolusionêr en ko-konstruktief. Gedeelde betekenis dra daartoe by dat die intervensie aansluiting vind by die ervaringswêreld van die teikengroep en dat die program deur hulle aanvaarbaar en geïmplementeer kan word. Volgens Mathews *et al.* (1995) sou dit ideaal wees as die onderwyser die rol van die fasiliteerder in die skool kon inneem in die mede-ontwikkeling van 'n intervensie wat aansluit by die behoeftes van die leerders.

#### 3.3.3.3.2 Integrasie van die program in die skoolkurrikulum

Verskeie skrywers (Kirby, 1992; Swart, 1998; WHO, 1992; 1999) beveel aan dat MIV/VIGS-voorkoming as deel van 'n langtermyn en intensiewe skoolgesondheidsprogram wat binne 'n konteks van die tradisies, opvattinge, kulturele waardes en opvoedkundige norme van die gemeenskap, aangebied word. In die program kan seksuele voorligting gekombineer word met aspekte van lewenstyl, waardes en verhoudings. Die leerders kan dan die rol van seksualiteit binne die konteks van sosiale betekenisgewing leer ken. Informele gesprekke kan ook van groot belang wees. Sodanige gesprekke is dikwels behoeftegedrewe en voorsien aan die leerders inligting op die tyd wat hulle daarna vra in die natuurlike konteks. Maar “reliance on informal education alone to provide all the knowledge and skills young people need to protect themselves from AIDS/STD is, however, unsatisfactory” (WHO, 1992, p. 47).

#### 3.3.3.3.3 Inhoud van die program

Om aan te sluit by die behoeftes, ouderdoms- en ervaringsvlakke van die leerders en die kulturele waardes van die gemeenskap, word aanbeveel dat die gemeenskap deelneem aan die ontwikkeling van die inhoud van die program. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO, 1992) stel tog voor dat die volgende inhoudes ingesluit word in MIV/VIGS-voorkomingsprogramme op skoolvlak:

- Relevante kennis oor MIV/VIGS wat onder andere inligting oor die aard en oordrag van die virus behels, waarvolgens leerders hul persoonlike risiko kan evalueer en kennis oor moontlike beskermingsgedrag kan kry. Kennis is dikwels die basis waarop 'n intervensieprogram gebou word.
- Selfontwikkelings- en kommunikasievaardighede soos die ontwikkeling van selfbevoegdheid, verantwoordelike besluitneming en onderhandelingsvaardighede kan die leerders help om in moeilike situasies steeds in beheer te voel (Slutkin, 1992; Bandura, 1992). Dit dra daartoe by dat leerders in staat voel om hulle kennis oor die MIV/VIGS-risiko te benut en verwys na orde-een leer (Paragraaf 2.2.4.3.2).
- Leerders het ook begeleiding nodig in die ontwikkeling van 'n gepaste waardestelsel wat gesien kan word as die vorming van gedeelde betekenis (Gergen, 1994). Hierdie betekenis vorm deel van die reëls waarvolgens gedrag in die gemeenskap georden word wat aandui wanneer en hoe die kennis benut behoort te word. Hierdie aspek van die intervensie kan gesien word as tweede-orde intervensie wat moontlik kan bydra tot tweede-orde verandering (Paragraaf 2.2.4.3.3). Die waardes waarop 'n

intervensie gebou word, behoort aan te sluit by die ervaringswêreld van die leerders. Die intervensie kan byvoorbeeld nie net gebou word op seksuele onthouding as waarde nie, want Kirby, Korpi, Barth en Cagampang (1997) wys daarop dat seksuele onthoudingsprogramme min effek het op die gedrag van leerders wat reeds seksueel aktief is.

#### 3.3.3.3.4 Aanbiedingsmetodes en die leerproses

Verskillende aanbiedingsmetodes kan gebruik word, van didaktiese aanbiedings tot deelnemende groepsaktiwiteite soos groepbesprekings, rolspelle, debatte en deelname aan die ontwikkeling van kunswerke en dramas. “One does not learn things through other people’s words, but through personal experience and involvement” (Pretorius *et al.*, 1995, p. 87) - daarom is die klem op leer-deur-ervaring (Kagan, 1989). Omdat die mens 'n geheel is, bestaande uit 'n aantal sub-sisteme (kognitief, affektief, sosiaal) en verskillende mense op verskillende maniere leer, kan verskillende vorms van blootstelling in onderrigprogramme ingebou word. Deur verskeie sub-sisteme van die mens te betrek, verhoog die kans dat 'n versteuring in die sisteem kan plaasvind wat bydra tot leer en herorganisering van die geheel.

In vaardighedsopleiding, wat dikwels deel van MIV/VIGS-voorkomingsprogramme vorm, word herhalende siklusse van instruksie, modellering, gedragsoefening en terugvoering oor die gepastheid van die gedrag, in die opleiding ingesluit om vaardighede te bemeester (Durlak, 1995; Ivey & Authier, 1978). Vaardighede kan dan in verskillende natuurlike situasies gebruik word met terugvoering en ondersteuning wat bydra tot die vestiging van gedragspatrone. Die leerproses soos hier beskryf, hou verband met die vlakke van leer soos beskryf in Paragraaf 2.2.4.3.2. Die kognitiewe bewuswording is die eerste stadium van leer, naamlik om 'n bewustheid te ontwikkel, maar hierdie bewustheid bring nog geen werklike verskil nie (Vlak 0) - dit kan as die kennisvlak beskryf word. Eerste orde leer vind plaas as die persoon hierdie vaardigheid as gedragsalternatief kan kies en gebruik in 'n bepaalde situasie. Eers as die gedrag toegepas kan word in 'n gepaste konteks, het leer en verandering in die bestaande gedragspatroon plaasgevind.

Die aanleer van vaardighede is egter nie 'n eenvoudige proses nie. Daar is verskeie prosesse wat in die aanleer van vaardighede 'n rol kan speel, onder andere:

- die motivering van die leerder om aandag te gee en die vaardigheid te wil bemeester;
- die leerder se gevoel van selfbevoegdheid wat bydra tot die oortuiging dat hy die vaardighede kan bemeester;
- die mate waartoe die opleidingsmateriaal aansluit by die leerder se lewenswêreld en
- die bruikbaarheid van die vaardighede in die sosiale konteks van die leerder (Hamburg, 1990).

In die opleidingskonteks behoort ook in ag geneem te word dat elke persoon en groep oor die vermoë beskik om self-organiserend op te tree (Keeney, 1983). Nuwe inligting en vaardighede kan daarom omvorm en geïntegreer word in die bestaande gedragspatroon soos wat dit vir die persoon of die groep in hul konteks inpas. Die outonome aard van mense en groepe speel daarom 'n groot rol in die leerkonteks

se multifinale uitkoms.

#### 3.3.3.3.5 Die rol van die aanbieder

Die aanbieder van die MIV/VIGS-voorkomingsprogram speel 'n baie belangrike rol in die effektiwiteit van die program (Kinsman, 2000). Hierdie rol sal ook bespreek word in die bespreking van implementering van programme in Hoofstuk 4. Daar is 'n debat oor wie VIGS-voorkomingsprogramme behoort aan te bied: konsultante van buite die skoolsisteem of onderwysers vanuit die skoolsisteem (Meyer-Weitz & Steyn, 1992; WHO, 1992). Die voordeel daarvan om onderwysers vanuit die skoolsisteem in MIV/VIGS-voorkoming te betrek, is dat meer standhoudende verandering in die skoolsisteem moontlik is as meervoudige sub-sisteme deel van die veranderingsproses word. Hierdeur word die hulpbronne binne die skool ook ontwikkel om by te dra tot standhoudende verandering in die organisasie en struktuur van die skoolgemeenskap. "Preventive interventions can promote and build on indigenous resources in order to maximize its local impact over time" (Trickett, 1997, p. 204). In ontwikkelende lande is daar gevind dat die gebruik van onderwysers as aanbieders van die program, grootskaalse intervensies moontlik maak (Klepp, Ndeki, Seha, Hannan, Lyimo, Msuya, Irema & Schreiner, 1994). Hierteenoor dui Kinsman (2000) aan dat die implementering van 'n VIGS-voorkomingsprogram juis skipbreuk gelyk het deur van die onderwysers te verwag om dit aan te bied. Die onderwysers het aangedui dat hulle onbekwaam voel en dat hulle nie tyd het om dit aan te bied nie. Die kwaliteit van die aanbiedings van die onderwysers hang egter ook saam met die opleiding en ondersteuning wat hulle van programkoördineerders kry.

Die opleiding van onderwysers om deel te neem aan MIV/VIGS-voorkoming behoort veral op twee vlakke plaas te vind:

- **Persoonlike ontwikkeling van die onderwysers:** Dit is noodsaaklik dat onderwysers die geleentheid kry om hulle persoonlike en kulturele waardes te ondersoek, want:

“We learnt that before teachers were able to address prevention with students realistically, their own conflicts needed to be addressed. Issues relating to students’ needs to cope with experiences of sexuality and risk situations and addressing ‘safer sex’ were in conflict with teachers’ values, concerns and perceived moral responsibilities” (Mathews *et al.*, 1995, p.1722).
- **Ontwikkeling van die verhouding tussen onderwysers en leerders:** Die verhouding tussen die onderwyser en die leerder vorm 'n belangrike deel van die intervensie. Die onderwyser behoort 'n model vir die leerders te wees en by te dra tot die ontwikkeling van 'n deelnemende atmosfeer waarin leer kan plaasvind.

Die aanbieder se verantwoordelikheid sou wees om die program te ontwikkel of aan te pas by die behoeftes van die teikengroep, om die ontwikkeling van 'n deelnemende atmosfeer te fasiliteer, om die leerders in die leerproses betrokke te kry, die leerproses te bestuur en die vordering te evalueer (Brownell



*et al.*, 1996; Hopson & Scally, 1981).

#### 3.3.3.3.6 Rol van die gemeenskap

Die ouers en ander gemeenskapsgroepe is verdere sub-sisteme wat in die MIV/VIGS-voorkomingstrategie betrek kan word. Waar programme die kulturele en godsdienstige waardes van die gemeenskap respekteer en die gemeenskap in die ontwikkeling van die program betrek word, word die program makliker as deel van die gemeenskap aanvaar (Singer, 1991). Deur die ouers en ander gemeenskapslede as vennote in die intervensie te betrek, vergroot die moontlikheid dat standhoudende verandering in die konteks waarin die kind lewe, kan plaasvind, wat gedragsverandering moontlik maak en ondersteuning bied vir die vestiging van nuwe gedragspatrone. Verandering in die gemeenskap se organisasie en struktuur bevestig verandering op die individuele vlak.

Uit hierdie bespreking blyk dat daar 'n groot aantal vereistes is waaraan 'n MIV/VIGS-voorkomingsprogram behoort te voldoen om 'n veranderingsproses in die gemeenskap te fasiliteer. Vervolgens word aandag gegee aan die evaluering van die impak van intervensies in die gemeenskap.

#### **3.3.4 Die evaluering van MIV/VIGS voorkomingsprogramme**

“Evaluation is a continuous process and should be an integral component of the development of school health education programmes” (WHO, 1992, p. 28). Deur voortdurende evaluering as terugvoerproses kan die ontwikkeling van programme bevorder word.

Ondanks jarelange seksuele opvoedingsprogramme in Amerikaanse skole, is daar 'n gebrek aan navorsing oor die impak daarvan op leerders se gedrag. So ook is daar relatief min evaluering van MIV/VIGS-voorkomingsprogramme in die literatuur (Durlak, 1995; Kirby, 1992). Oakley *et al.* (1995) identifiseer 886 MIV/VIGS-voorkomingsprojekte waarvan 114 evaluasies insluit. Weens metodologiese probleme in die evaluasies kon net 68 van hierdie evalueringe in hulle meta-ontleding gebruik word. Met inagneming van metodologiese tekortkominge in die navorsing, is die effektiwiteit van MIV/VIGS-programme in 'n aantal oorsigtelike studies ondersoek (Kirby, Short, Collins, Rugg, Kolbe, Howard, Miller, Sonenstein & Zabin, 1994; Mac Phail & Campbell, 1999; Oakley *et al.*, 1995; Slutkin, 1992).

Na die bestudering van 40 voorkomende intervensies kom Slutkin (1992) tot die gevolgtrekking dat voorkomende intervensies wel gedragsverandering tot gevolg kan hê. Hy vind dat veilige seksuele praktyke veral beoefen word waar kinders aan seksuele voorligtingsprogramme deelneem in hulle vroeë tienerjare, voordat hulle seksueel aktief raak. Die intervensies het dus veral 'n primêr voorkomingsimpak.

Uit die 23 gepubliseerde skool-gebaseerde MIV/VIGS-voorkomingsprogramme identifiseer Kirby *et al.*

(1994) die volgende gemeenskaplike eienskappe in programme wat 'n positiewe impak op leerders se risiko-gedrag gehad het:

- Die programme is gebaseer op 'n teoretiese raamwerk en het 'n spesifieke fokus op die vermindering van risikogedrag.
- Deelnemende onderrigmetodes is gebruik.
- Kommunikasie en onderhandelingsvaardighede gerig op die voorkoming van risikogedrag, is ingesluit.
- Deelnemers is bewusgemaak van die impak van sosiale invloede en portuurgroepdruk wat hulle in hulle besluitneming oor seksuele gedrag kan beïnvloed.
- Waardes en norme wat toepaslik is vir die ouderdomsgroep en ervaringsvlak van die leerders, is beklemtoon.

Verandering in leerdergedrag was dus moontlik, omdat die intervensie eerste- en tweede-orde verandering moontlik gemaak het.

In hul ontleding van 68 programme bevind Oakley *et al.* (1995) dat intervensies wat bygedra het tot verandering in hoë risikogedrag, onder andere vaardigheidsopleiding in die vorm van rolspeltegnieke ingesluit het, aangebied is deur lede van die portuurgroep of sielkundiges in 'n gemeenskapskonteks en gerig is op die verandering in kennis en gedrag.

'n Verdere gevolgtrekking waartoe Kirby *et al.* (1994) kom, is dat daar in die navorsing wat hulle bestudeer het, geen aanduiding was dat die aanbieding van seksuele en MIV/VIGS-voorkomingsprogramme bygedra het tot verhoogde seksuele gedrag of vervroegde aanvang van seksuele aktiwiteit nie. Die intervensies het eerder bygedra tot die uitstel van seksuele aktiwiteit en verhoging in die gebruik van voorbehoeding in groepe met seksuele ervaring.

In Suid-Afrika is ook reeds 'n aantal evalueringe van MIV/VIGS-voorkomingprogramme gedoen, hoewel gepubliseerde navorsing oor grootskaalse intervensieprogramme beperk is. 'n Aantal formatiewe evalueringe is gedoen om opleidingsmateriaal, plakkate en strokiesprente as medium vir VIGS-voorkoming te evalueer (Evian, Ijsselmuiden, Padayachee & Hurwitz, 1990; Ratsaka, Hirschowitz, Potgieter, Shongwe & Scheepers, 1996). In die evaluering van drama-aanbiedings as bewusmaking van die VIGS-risiko (Dalrymple & Du Toit, 1993; Skinner, Metcalf, Seager, de Swardt & Laubscher, 1991), 'n deelnemende skoolprogram waarin die aktiwiteite in die skool vir twee weke gesentreer het rondom MIV/VIGS en al die leerders en onderwysers deelgeneem het (Kuhn *et al.*, 1994) en enkele lewensvaardigheidsprogramme (Meyer-Weitz & Steyn, 1992; Visser, 1996), is aangedui dat kennis en houdings rakende MIV/VIGS verbeter het na die intervensie. Gedragsverandering en verandering in sosiale en gemeenskapsprosesse is nie aangedui in die voorgenoemde evalueringe nie. Reekie (1997) se evaluering van die "Look before you leap"-dramaproduksie toon egter nie 'n verhoging in kennis nie,

maar 'n verhoogde voorneme van die leerders om verantwoordelike seksuele gedrag te beoefen. Gedragsintensies is egter net een van die aspekte wat 'n rol speel in mense se gedrag. Daar kan eers aanvaar word dat leer en verandering plaasgevind het, waar nuwe gedragspatrone in die natuurlike situasie geïmplementeer word (Bateson, 2000).

In die evaluering van programme is daar egter metodologiese tekortkominge wat gevolgtrekkings oor die impak van programme en die verdere ontwikkeling van voorkomingsintervensies kan benadeel. Die meerderheid evalueringe van voorkomingsintervensies is gerig op uitkomsevalueringe in die vorm van kwantitatiewe meting van kennis, houding en gedragsintensies - wat nie 'n aanduiding van werklike gedrag gee nie - of selfgerapporteerde gedrag wat nie noodwendig 'n akkurate aanduiding van intieme gedragspatrone is nie (soos bespreek in Paragraaf 5.2.4.2). Inligting oor die werklike verandering in lewenstyl en die standhoudendheid daarvan is daarom beperk (Klepp *et al.*, 1994; Oakley *et al.*, 1995).

Proses- en kwalitatiewe evaluering van programme is minder algemeen en min aandag is nog gegee aan die komplekse sosiale en gemeenskapsprosesse wat betrokke is in voorkomingsintervensies (MacPhail & Campbell, 1999). Meer aandag kan gegee word aan die bestudering van prosesveranderlikes wat 'n rol kan speel in die aanvaarding van en die moontlike uitkomst van programme. Prosesse wat bestudeer kan word is onder andere die mate waarin teikengroepe met die program kan identifiseer, die interaksie tussen die program en die gemeenskap en die mate waarin gepaste hulpbronne beskikbaar is om die programdoelwitte te bereik. Prosesevaluering kan ook inligting gee oor verandering wat plaasvind soos die verandering in seksuele norms en seksuele identiteit en hoekom bepaalde veranderinge plaasvind of nie (MacPhail & Campbell, 1999). Dit dui daarop dat die evaluering van programme op 'n breër terrein gedoen behoort te word om die impak daarvan nie net op die individu nie, maar ook op gemeenskapsvlak te ondersoek. Dit is ook nodig om te probeer verstaan watter proses in die sosiale konteks 'n rol kan speel in die veranderingsproses. Dit kan bydra tot die ontwikkeling van meer effektiewe voorkomingsprogramme. In die evaluering van MIV/VIGS-voorkomingsprogramme is beide kwantitatiewe en kwalitatiewe evaluering dus nodig om inligting te kry wat in die ontwikkeling van programme gebruik kan word.

Hoewel daar nog leemtes in die navorsing oor MIV/VIGS-voorkomingsprogramme is, dui die beskikbare navorsing daarop dat daar programme is wat veilige seksuele gedrag kan bevorder. Daar is egter nog nie programme geïmplementeer wat 'n proses van grootskaalse sosiale verandering kon meebring om hoë risiko-gedrag onder die Suid-Afrikaanse jeug te voorkom of te verminder nie. In die lig hiervan is die nasionale MIV/VIGS-voorkomingsprogram wat in hierdie studie geëvalueer word, geloods waarin die hele skoolgemeenskap betrek is (Hoofstuk 1). Die behoefte om MIV/VIGS-voorkomingsprogramme te ontwikkel en die impak daarvan te evalueer, word deur Rosenberg *et al.* (1992, p. 198) soos volg beskryf:

“Strong AIDS education efforts will be necessary in the country for many years to come. Each new

case report and each additional death are sober reminders of the compelling need to maintain a steadfast effort and to improve the effectiveness of our behavioral strategies.”

### 3.4 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is die konsep lewensvaardighede verduidelik as deel van die voorkomings- en ontwikkelingsintervensies in die sielkunde. Die teoretiese ontwikkeling binne die voorkomingsbenadering is aangedui en 'n sisteemteoretiese konseptualisering is gemaak. Die voorkoming van MIV/VIGS-verspreiding as spesifieke toepassingsterrein binne die voorkomingsbenadering is daarna bespreek. 'n Teoretiese raamwerk vir 'n MIV/VIGS-voorkomingprogram vir die skool en beginsels in die ontwikkeling van programme is uiteengesit. Die lewensvaardigheidsprogram wat in hierdie navorsing geëvalueer word, is deurentyd met die riglyne uit die literatuur vergelyk.

Dit wil voorkom dat daar nog nie in die Suid-Afrikaanse konteks MIV/VIGS-voorkomingsprogramme geïmplementeer is wat grootskaalse sosiale verandering gefasiliteer het om die hoë risikogedrag van jongmense te verminder nie. Daar is wel riglyne uit die literatuur hoe 'n voorkomingsintervensie ontwikkel en geïmplementeer kan word.

Terwyl daar in Hoofstuk 3 veral gefokus is op die ontwikkeling van programme en programinhoud, is die klem in Hoofstuk 4 op die aanvaarding, inisiëring, implementering en institusionalisering van programme waardeur verandering in die gemeenskap beoog word.